# Afrikaanse jeugtaal: 'n ondersoek na die taalgebruik van bruin jeugdiges

**Steyn BN**

**orcid.org/0000-0002-2509-0853**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister in Artium in Afrikaans en Dutch* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof J Kirsten

Mede-studieleier: Prof I Bekker

Gradeplegtigheid: Junie 2025

*“Two roads diverged in a wood, and I – I took the one less travelled by”*

*– Robert Frost*

# BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank, waarsonder die uitvoering en afhandeling van hierdie MA-studie nie moontlik sou wees nie:

- My Hemelse Vader, want God het my vir ’n rede op hierdie reis geplaas en daarvoor is ek ewig dankbaar.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), die Departement Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) en die Noordwes-Universiteit (NWU) wat hierdie studie befonds het. Die menings en gevolgtrekkings in hierdie verhandeling is egter my eie en kan nie aan die SAAWK, DSKK of NWU toegeskryf word nie.
- Die NWU se Fakulteit Geesteswetenskappe, die navorsingsfokusarea *Understanding and Processing Language in Complex Settings* (UPSET) en die Skool vir Tale, in besonder die ICAT/ECAT-kollegas en Theresa Louw, dankie vir die motivering en ondersteuning vanuit die administratiewe kantore.
- My studieleiers, prof. Johanita Kirsten en prof. Ian Bekker, vir julle leiding, motivering, ondersteuning en geduld. Julle is die rede hoekom ek hierdie pad as navorser gekies het. Ek sal julle ewig dankbaar wees.
- Ek is opreg dankbaar teenoor my familie en vriende vir hul onwrikbare ondersteuning en aanmoediging. My ouers, Janny en Sue Steyn, dankie vir die ondersteuning van studiekeuses en die rigting wat my lewe inslaan, dat julle in my glo, emosionele ondersteuning bied en my die krag gee om voort te gaan, veral tydens uitdagende oomblikke. En ook my twee susters, Devonia en Deveny, en Lennon, my nefie, dankie vir julle liefde en omgee. Aan my vriende, dankie vir julle geselskap en dat julle altyd daar was wanneer ek ’n blaaskans of ’n woord van bemoediging nodig gehad het.
- Aan my mentor en geestelike pa, dr. Andrew Abdool, wil ek my hartlike dank uitspreek vir jou mentorskap, wysheid en dat jy glo in my vermoëns. Jou leiding, beide akademies en persoonlik, is ’n hoeksteen van my sukses. Die deurdagte raad, aanmoediging en insigte wat jy verskaf het, het ’n groot impak op my groei as ’n navorser en as ’n individu gehad.
- My meisie, Warona Phashe, ’n spesiale en hartlike dank vir jou liefde, geduld en ondersteuning gedurende hierdie hele proses. Jou konstante aanmoediging en opofferings het die wêreld vir my beteken. Ek kon dit nie deur hierdie reis gemaak het sonder jou aan my sy nie.
- Oom Koos Degenaar, ek sal altyd die ondersteuning koester wat jy my gewys het.

- Ek wil ook my waardering uitspreek teenoor almal wat aan my navorsing deelgeneem het of op enige ander wyse bygedra het, hetsy direk of indirek. Julle hulp was van onskatbare waarde. En die leerders wat aan die studie deelgeneem het, in besonder dank aan almal van julle.

Weereens dankie aan almal wat hierdie onderneming moontlik gemaak het.

Byron Steyn

Potchefstroom, 2025

# OPSOMMING

Die interaksie tussen linguistiese variasie, sosiale betekenis en die evolusie en ontwikkeling van die linguistiese sisteem self is waarna Tagliamonte (2006:5) verwys as variasie-sosiolinguistiek. Die impak van sosiale en linguistiese faktore op taalvariasie en -verandering is van belang vir variasie-sosiolinguiste (Hadei, 2020:3). Eckert (2018) maak ’n onderskeid tussen drie strominge van variasiestudies, en beklemtoon dat die derde stroming meer aandag gee aan die betekenis van variasie in plaas van grootskaalse stedelikeopnamestudies of etnografiese studies van plaaslike dinamika, wat in die vorige strominge voorgekom het. Hierdie studie beoog om linguistiese variasie te bespreek vanuit ’n derdestromingbenadering tot variasiestudies, wat gebaseer is op die praktykgemeenskappe wat in die skoolomgewing gevind word.

Hoërskool is ’n sosiale plek vir interaksies sowel as om akademies uit te blink vir baie bruin jeugdiges. Die benutting van grammatikale variante deur sprekers in verband met die ontwikkeling van sosiale identiteite in die opvoedkundige omgewing word in hierdie studie bestudeer. Hierdie studie fokus op ’n groep leerders by ’n *township*-skool (Noordwes-provinsie) in die noordoostelike dele van Suid-Afrika. Sosiolinguistiese onderhoude is met leerders van verskeie sosiale groepe (soos *klevaas*, *moegoes* en *draadsitters*) van 16–21-jariges gevoer nadat hulle waargeneem is in die skoolomgewing.

Hierdie studie fokus op sewe (7) Afrikaanse grammatikale verskynsels: besitskonstruksie (*hom/sy*), genitiewe *se* met voornaamwoorde (*onse/ons*), werkwoordkonstruksies (*gehet/gehad* en *is (was)/wees)* en idiosinkratiese verskynsels: ongewone meervoudsvorme (*huise/huis*), wisselvorme van versamelnaamwoord (*goeterse/goete*), *e*-klankbyvoeging (*beginne/begin*). Hierdie spesifieke linguistiese veranderlikes is om twee redes gekies: aangesien grammatikale verskynsels sosiaal opvallend is en sosiale betekenisse het wat met die frekwente gebruik daarvan geassosieer word, het hierdie studie ten doel gehad om te bepaal tot watter mate die verskillende variante gebruik word. Aan die een kant het Saal en Lawrence (2019) onder meer bevind dat hierdie grammatikale verskynsels geassosieer word met tieners se (geskrewe) taalgebruik; en aan die ander kant het Marais (2005) se studie, wat wit tieners uit die noordoostelike dele van die land ingesluit het, nie die taalgebruik van bruin jeugdiges in haar studie verreken het nie. Die linguistiese variasie wat in hierdie studie ondersoek is, word dus gebruik om die leemtes in die literatuur aan te vul oor die (gesproke) taalgebruik van bruin jeugdiges vanuit die noordoostelike dele van Suid-Afrika.

As alles saamgevat word, kan verskeie variasiemetodes ’n meer omvattende en geïntegreerde sosiolinguistiese analise verskaf, soos hierdie studie demonstreer. Deur deelnemers te identifiseer en te klassifiseer in hul toepaslike sosiale groeperings, is waarnemings en anekdotiese rekords gebruik om beskrywende data oor die verskillende sosiale groeperings te verskaf. Ten einde die kenmerkende grammatikale verskynsels van deelnemers op grond van hul sosiale groeperings vas te stel, is individuele onderhoude daarna gevoer.

Wat linguistiese variasie in hierdie *township*-skool betref, voer ek aan dat leerders se stilistiese gebruik van hierdie linguistiese praktyke sosiaal en geslagtelik gemerk is. Byvoorbeeld, die veranderlike *ons* was ’n sosiale merker, wat deur die *moegoes* gebruik is. En wat geslag betref, het die seuns *wees* en *beginne* verkies, terwyl voorkeur gegee is aan *is* (*was*) en *begin* deur die meisies.

**Sleutelwoorde:** Taalvariasie, Variasie-sosiolinguistiek, Derdestromingstudies, Praktykgemeenskap, Stilistiese variasie, Grammatikale verskynsels, Jeugtaal, Afrikaans

# ABSTRACT

Variation sociolinguistics is interested in the interaction between linguistic variation, social meaning and the evolution and development of the linguistic system itself (Tagliamonte, 2006:5). The impact of social and linguistic factors on language variation and change is of interest to variationist sociolinguists (Hadei, 2020:3). Eckert (2018) distinguishes between three waves of variation studies, emphasizing that the third wave focuses more on the meaning of variation rather than large-scale urban survey studies or ethnographic studies of local dynamics, which were present in the previous waves. This study aims to discuss linguistic variation from a third wave approach to variation studies, which is based on the communities of practice found in the school environment.

High school is a social place for interactions as well as for excelling academically for many young Coloured people. The utilization of grammatical variants by speakers in relation to the development of social identities in the educational setting is investigated in this study. This study focuses on a group of learners at a township school (North-West province) in South Africa's northeastern parts. Sociolinguistic interviews were performed with learners from various social groups (such as *klevaas*, *moegoes*, and *draadsitters*) in the 16–21-year olds' school setting after they were observed there.

This study focuses on seven (7) Afrikaans grammatical features: possessive construction (hom/sy), genitive "se" with pronouns (*onse/ons*), verb constructions (*gehet/gehad; is (was)/wees)* and idiosyncratic features: unusual plural forms (*huise/huis*), collective noun alternations (*goeterse/goete*), e-sound addition (*beginne/begin*). These specific linguistic variables were chosen for two reasons since grammatical variants are socially salient and have social meanings associated with their frequent use. This study aimed to determine the extent to which the different variants of each grammatical construct is used. On the one hand, Saal and Lawrence (2019) found, among other findings, that these grammatical features are associated with teenagers' (written) language use; and on the other hand, Marais's (2005) study, which included white teenagers from the northeastern parts of the country, did not account for the language use of Coloured youths in her study. Thus, the linguistic variation examined in this study is used to close the gaps in the literature on the (spoken) language use of Coloured youths in northeastern South Africa.

When combined, several variationist methodologies can provide a more comprehensive and integrated sociolinguistic analysis, as this study demonstrates. By identifying and classifying

participants into their appropriate social groupings, anecdotal records and observations were used to provide descriptive data on the various social groupings. To ascertain the distinctive grammatical features of participants based on their social groupings, individual interviews were then carried out.

Regarding linguistic variation in this township school, it was found that learners' stylistic usage of these linguistic practices is marked socially and by gender. For example, the variable *ons* was a social marker, which was used by the *moegoes*. And as far as gender is concerned, the boys preferred *wees* and *beginne*, while preference was given to *is* (*was*) and *begin* by girls.

**Key words:** Language variation, Variation sociolinguistics, Third-wave studies, Community of practice, Stylistic variation, Grammatical features, Youth language, Afrikaans

# KGUTSUFATSO


Sociolinguistics ya phapano e thahasella tshebedisano dipakeng tsa phapano ya puo, moelelo wa setjhaba, le ho iphetola ha dintho le ntshetsopele ya sistimi ya puo ka boyona (Tagliamonte, 2006:5). Tshusumetso ya dinthla tsa setjhaba le puo ho phapang ya puo le phetoho e kgahla ditsebi tsa dipuo tse fapaneng (Hadei, 2020:3). Eckert (2018) o kgetholla dipakeng tsa mekgahlelo e meraro ya dithuto tsa phapano, a totobatsa hore mokgahlelo wa boraro o shebana haholo le moelelo wa phapang ho fapana le dithuto tse kgolo tsa dipatlisiso tsa ditoropong kapa dithuto tsa ethnographic tsa diketsahalo tsa haufi, tse neng di le teng mekgahlelong e fetileng. Patlisiso ena e ikemiseditse ho buisana ka phapang ya puo ho tswa ho mokgwa wa mokgahlelo wa boraro diphuputsong tsa phapano, tse itshetlehileng ditikolohong tsa tshebetso tse fumanwang tikolohong ya sekolo.

Sekolo sa sekondari ke sebaka sa setjhaba bakeng sa *dikamano* hammoho le ho ipabola dithutong bakeng sa batjha ba bangata ba morabe wa mebala-bala. Tshebediso ya mefuta e fapaneng ya puo ke dibui mabapi le ntshetsopele ya boitsebahatso ba setjhaba tikolohong ya thuto e kgethilwe phuputsong ena. Phuputso ena e shebane le sehlopha sa barutwana sekolong sa lekeisheneng (provensing ya Leboya-Bophirima) karolong e ka leboya-botjhabela ya Afrika Borwa. Diinthaviu tsa sociolinguistics di ile tsa etswa le barutwana ba dihlopheng tse fapaneng tsa setjhaba (jwaloka *di klevaa*, *di moegoe*, le *draadsitters*) sebakeng sa sekolo ka mora hore baithuti ba dilemo tse 16-21 ba hlokomelwe moo.

Phuputso ena e shebana le dintlha tse supileng (7) tsa puo ya Afrikaans: possessive c*ons*truction (*hom*/*sy*), genitive "se" with pronouns (*onse*/*ons*), verb c*ons*tructi*ons* (*gehet*/*gehad* and *is*(*was*)/*wees*) and idio*sy*ncratic features: unusual plural forms (*huise*/*huis*) collective noun alternati*ons* (*goeterse*/*goete*), e-sound addition (*beginne*/*begin*). Diphapano tsena tse tobileng tsa puo di kgethilwe ka mabaka a mabedi kaha mefuta ya puo e hlahella setjhabeng ebile e na le ditlhaloso tsa setjhaba tse amanang le tshebediso ya tsona kgafetsa, thuto ena e ne e ikemiseditse ho fumana hore na mefuta e fapaneng ya mofuta o mong le o mong wa puo o sebediswa ho isa boholeng bofe. Ntlha ya pele, Saal le Lawrence (2019) ba fumane, hara tse ding, hore dikarolo tsena tsa sebopeho-puo di amahanngoa le tshebediso ya puo (e ngotsweng) ya batjha; mme, ya bobedi, thuto ya Marais (2005), e neng e kenyelletsa batjha ba basweu ba tswang dikarolong tse ka leboya-botjhabela tsa naha, ha ya ka ya ikarabella bakeng sa tshebediso ya puo ya bacha ba mebala-bala thutong ya hae. Ka hoo, phapang ya puo e hlahlojwang phuputsong ena e sebedisetswa ho kwala dikgeo dingolweng mabapi le tshebediso ya puo ya batjha ba mebala-bala ka leboya-botjhabela ho Afrika Borwa.

Ha di kopantswe hammoho, mekgwa e mmalwa ya variationist e ka fana ka tlhahlobo e akaretsang le e kopaneng ya dipuo tsa setjhaba, jwalo ka ha thutoena e bontsha. Ka ho kgetholla le ho arola bankakarolo dihlopheng tsa bona tse loketseng tsa setjhaba, ditlaleho tsa anacdotal le *tse bonweng* di sebelisitswe ho fana ka dintlha tse hlalosang dihlopaha tse fapaneng tsa setjhaba. E le ho nnetefatsa ditshobotsi tse ikgethang tsa sebopeho-puo tsa bankakarolo ho latela dihlopha tsa bona tsa setjhaba dipuisano ka bomong di ile tsa etswa.

Mabapi le ho fapana ha puo sekolong sena sa lekeisheneng, ho fumanwe hore tshebediso ya setaele sa baithuti ya mekgwa ena ya puo e tshwauwa ho ya ka boemo setjhabeng le ho latela bong. Ka mohlala, *ons* e ne e le letshwao la setjhaba, le sebedisitsweng ke *di moegoe*. Mme ho ya ka bong, bashanyana ba ne ba rata *wees* le *beginne*, ha banyana bona ba ne ba rata *is* (*was*) le *begin*.

**Mantswe a bohlokwa:** Phetoho ya puo, sociolinguistics ya phapano, Diphuputso tsa mokgahlelo wa boraro, Setjhaba sa boitshwaro, Phetoho ya setaele, Dintlha tsa kerama, Puo ya batjha, Afrikaans

Dr Annemie Grobler

PhD (English), APEd (SATI) SATI accredited member 1003103

Language practitioner - translation, text editing and proofreading

---

22 March 2025

**Confirmation of editing**

Name of client: Byron Nathan Steyn

Document: Dissertation, Master of Arts

Institution: North-West University, Potchefstroom

Title of dissertation: *Afrikaanse jeugtaal: 'n ondersoek na die taalgebruik van bruin jeugdiges*

Service: Language editing and proofreading

***AM Grobler***

anyaproofreading@gmail.com

# Inhoudsopgawe


BEDANKINGS ..... ii
OPSOMMING ..... iv
ABSTRACT ..... vi
KGUTSUFATSO ..... viii
HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING ..... 1

**1.1 Inleiding ..... 1**

**1.2 Probleemstelling ..... 2**

**1.3 Kontekstuele inligting ..... 2**
1.3.1 Variasie-sosiolinguistiek as studieveld ..... 3
1.3.2 Sosio-ekonomiese stratifikasie ..... 4
1.3.3 Overte en koverte prestige in taal ..... 4
1.3.4 Sosiale groeperings ..... 6
1.3.5 Grammatikale variante ..... 8

**1.4 Doelwit van die studie ..... 9**

**1.5 Navorsingsvrae ..... 9**

**1.6 Metodologie ..... 10**
1.6.1 Navorsingsontwerp ..... 10
1.6.2 Empiriese studie ..... 10
1.6.3 Onderhoude ..... 10
1.6.4 Teikengroep ..... 11
1.6.5 Data-analise ..... 11
1.6.6 Prosedure ..... 12

**1.7 Etiese oorwegings ..... 12**

**1.8 Hoofstukuiteensetting ..... 12**

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG ..... 14

**2.1 Inleiding ..... 14**

**2.2 Teoretiese raamwerk ..... 14**
2.2.1 Sosiolinguistiek ..... 14
2.2.2 Variasiesosiolinguistiek ..... 15

**2.3 Drie stromings van variasiestudies ..... 19**
2.3.1 Die eerste stroming ..... 19
2.3.2 Die tweede stroming ..... 21
2.3.3 Die derde stroming ..... 22

**2.4 Distribusionistiese en konstruksionistiese benaderings ........ 29**
2.4.1 Distribusionistiese benaderings ........ 29
2.4.2 Konstruksionistiese benadering ........ 30

**2.5 Eksterne veranderlikes ........ 31**
2.5.1 Jeugdiges ........ 32
2.5.2 Geslag ........ 33
2.5.3 Sosiale groeperings ........ 34
2.5.4 Moegoes ........ 38
2.5.5 Klevaas ........ 41

**2.6 Afrikaanse grammatikale veranderlikes ........ 43**
2.6.1 Besitskonstruksies ........ 43
2.6.2 Regularisering van werkwoorde: gehet/gehad en is(was)/wees ........ 45
2.6.3 Idiosinkratiese verskynsels ........ 46

**2.7 Gevolgtrekking ........ 48**

HOOFSTUK 3: METODE VAN ONDERSOEK ........ 50

**3.1 Inleiding ........ 50**

**3.2 Kwantitatiewe navorsingsontwerp ........ 50**

**3.3 Populasie en steekproef ........ 51**
3.3.1 Geografiese ligging ........ 51
3.3.2 Populasie ........ 52
3.3.3 Ouderdomsgroep ........ 53

**3.4 Data-insameling ........ 53**
3.4.1 Observasie ........ 53
3.4.2 Individuele onderhoude ........ 54
3.4.3 Kategorieë van sosiale groepe ........ 56
3.4.4 Die gebruik van slimfone ........ 57

**3.5 Etiese oorwegings ........ 58**

**3.6 Die rol van die navorser ........ 58**

**3.7 Data-verwerking ........ 59**

**3.8 Samevatting ........ 59**

HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE ........ 61

**4.1 Inleiding ........ 61**

**4.2 Analise en interpretasie van waarnemingsdata ....61**
4.2.1 Aanbieding van anekdotiese (waarneming) notas ....61
4.2.2 Voorlopige gevolgtrekkings met betrekking tot die interpretasie van die anekdotiese waarnemingsnotas ....66

**4.3 Analise en interpretasie van onderhoude ....66**
4.3.1 Aanbieding van data van onderhoude....66
4.3.2 Voorlopige gevolgtrekkings met betrekking tot die interpretasie van die onderhoude....86

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ....87

**5.1 Inleiding ....87**

**5.2 Opsomming van bevindinge afkomstig van die empiriese navorsing....87**
5.2.1 Navorsingsvraag 1: Watter kenmerkende grammatikale veranderlikes kan in die gesproke taal van bruin jeugdiges opgemerk word?....87
5.2.2 Navorsingsvraag 2: Watter sosiale groeperings is meer geneig om kenmerkende grammatikale veranderlikes te gebruik?....88

**5.3 Beperkings van die studie....91**

**5.4 Toekomstige navorsing ....92**
BRONNELYS....94
BYLAAG 1: Algemene aanbieding van individuele data ....105
BYLAAG 2: Waarneming kontrolelys....107
BYLAAG 3: Etiekklaring....108

## LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Deelnemers vir die individuele onderhoude, insluitend seuns en meisies ............ | 56 |
| 4.1 | Skooldrag vir VRL-lede ............ | 62 |
| 4.2 | Aktiwiteite van die verskillende sosiale groeperings in die skool, insluitend *klevaas* en *moegoes* ............ | 64 |
| 4.3 | Algehele gebruik van *gehet* en *gehad* ............ | 69 |
| 4.4 | Gebruiksfrekwensie van *gehet* en *gehad* volgens geslag ............ | 71 |
| 4.5 | Algehele gebruik van *is (was)* en *wees* ............ | 72 |
| 4.6 | Gebruiksfrekwensie van *is (was)* en *wees* volgens geslag ............ | 74 |
| 4.7 | Algehele gebruik van *onse* en *ons* ............ | 76 |
| 4.8 | Algehele gebruik van *beginne* en *begin* ............ | 78 |
| 4.9 | Algehele gebruik van *huise* en *huis* ............ | 80 |
| 4.10 | Gebruiksfrekwensie van *huise* en *huis* volgens geslag ............ | 81 |
| 4.11 | Algehele gebruik van *goeterse* en *goete* ............ | 83 |
| 4.12 | Gebruiksfrekwensie van *goeterse* en *goete* volgens geslag ............ | 85 |
| 5.1 | Die linguistiese verskynsels wat die meeste en minste gevalle tussen die sosiale kategorieë opgelewer het ............ | 89 |
| 5.2 | Die linguistiese verskynsel(s) wat sosiaal gemerk is ............ | 90 |
| 5.3 | Die linguistiese verskynsels wat voorkeur geniet tussen die twee geslagte ............ | 91 |

## LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Landkaart van Suid-Afrika: Opnamegebied in Noordwes provinsie (in die noordoostelike dele van Suid-Afrika) ............................................ | 52 |
| 4.1 | Gebruiksfrekwensie van die variant teenoor die standaardvorm ........ | 70 |
| 4.2 | Gebruiksfrekwensie van die variant teenoor die standaardvorm ........ | 73 |
| 4.3 | Gebruiksfrekwensie van die variant teenoor die standaardvorm ........ | 79 |
| 4.4 | Gebruiksfrekwensie van die variant teenoor die standaardvorm ........ | 82 |
| 4.5 | Gebruiksfrekwensie van die variante ................................................ | 84 |

# HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 Inleiding

Tydens my voorgraadse studie in die Fakulteit Geesteswetenskappe (met Afrikaans as hoofvak naas Psigologie) aan die Noordwes-Universiteit (NWU), het ek myself in ’n “hoër” Afrikaanse omgewing bevind, waar ek nie meer dieselfde informele aard van die taal ervaar het as toe ek op skool was nie. Dieselfde gewaarwording is opgemerk deur Earl Basson (2019), ’n navorser verbonde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.

Ek is van ’n Kleurling[1] werkersklas-huishouding in die Noordwes (Klerksdorp), waar die taalgebruik onder jongmense oorwegend nie-standaard is. Dit sluit in ’n vermenging van tale (onder ander soos Afrikaans-Engels, Afrikaans-Setswana), leksikale items vanuit verskillende subkulture se taalvorme (woorde soos *tjap, vinnig* of *gou*), nie-standaard *Hy het kla ’n nxa outfit gehet*), ensovoorts. Hierdie unieke taalgebruik was nie so algemeen op die NWU-kampus nie, nóg minder sigbaar onder andere in my Afrikaanse module, *Afrikaans: Taal Sonder Grense*, waar ek met ander Afrikaanssprekende studente in kontak was. Omdat die informele Afrikaans van die noordoostelike dele van Suid-Afrika min tot geen aandag verkry (moontlik omdat dit nie maklik onderskeibaar is, soos ander Afrikaanse dialekte), is daar nie ’n goed gedefinieerde beskrywing van bruin mense se taalgebruik uit die noordoostelike dele van Suid-Afrika nie. Omdat daar soms van die veronderstelling uitgegaan word dat die nie-standaardtaalvariëteite onvoldoende nabootsing van die standaardtaal is (Ingham, 2020), vertraag dit die erkenning van nie-standaardtaalvariëteite (Saal, 2020), soos die een waarna verwys word in hierdie studie.

’n Beduidende kenmerk van die leerders van die *township*-skool wat by hierdie navorsingstudie betrek word, is die waarneming dat leerders oor unieke taalgebruik beskik. Daar word gebruik gemaak van die vermenging van verskillende registers en style, wat taalkundig moeilik is om te kategoriseer omdat daar (min of) geen studies bestaan wat die teoretiese beskrywing van die variëteit voorsien nie.

Uit nuuskierigheid het ek verder in die literatuur gaan kyk om te sien watter navorsing oor hierdie

[1] Die begrip *Coloured* (ook bekend as *Kleurling*) het sy oorsprong gevind as ’n neerhalende Engelse term, wat spruit uit die klassifikasiestelsel van die Apartheidsregime (Basson & Le Cordeur, 2018:170), maar in hierdie studie word na die groep wat identifiseer as *Coloured* verwys as *bruin*. Omdat ek identifiseer as ’n *Coloured* (oftewel *Kleurling*) verkies ek as navorser om die verwysing *bruin jeugdiges* te gebruik omdat dit minder aanstootlik is as die terme *Coloured* of *Kleurling,* gegewe die historiese agtergrond.

variëteit gedoen is, en ek moes leer dat daar (min of) geen studies bestaan oor hierdie variëteit van Afrikaans of 'n beskrywing van die grammatikale veranderlikes sigbaar in taalgebruik van bruin jeugdiges van die noordoostelike dele van die land nie. Ek wil juis met hierdie studie nuwe insigte deel, en persoonlike ervarings met hierdie variëteit gebruik, om nie net die veronderstelling dat alle bruin mense oor dieselfde informele taalgebruik beskik, uit te daag nie, maar meer so om die variëteit van 'n bruin gemeenskap van die noordoostelike dele van Suid-Afrika uit te lig, wat moontlik 'n beskeie bydrae sal lewer tot bestaande variasietaalkunde in Afrikaans.

## 1.2 Probleemstelling

Marais (2005) se studie oor Afrikaanse tienertaal, wat die eerste groot datakorpus vir tienertaalvorme in Afrikaans is, dien as motivering vir hierdie ondersoek. Marais (2005) wou aantoon dat *Tienerafrikaans* ook internasionale tendense vertoon (Marais & Coetzee, 2005:245), waar sy korpusdata versamel in die noordoostelike dele (Gauteng provinsie) van Suid-Afrika, om sodoende die basiese aard van Tienerafrikaans te beskryf. Die Tienerafrikaans is nie verteenwoordigend van alle sprekers van Afrikaans nie, maar wel tot wit tieners van die eertydse model C-skole[2] beperk. Daarom word daar in hierdie studie gefokus op die taalgebruik van bruin jeugdiges, spesifiek die grammatikale verskynsels wat kenmerkend blyk te wees van die noordoostelike dele van Suid-Afrika, om sodoende die leemte in die bestaande literatuur te vul. Marais (2005:7) maak ook gebruik van die praktykgemeenskapbenadering, waar sy kyk na Afrikaans-moedertaalsprekende tieners wat hulle binne 'n bepaalde ouderdomsgroep bevind waarvan hulle deel wil wees, wat impliseer dat hulle aan die aktiwiteite van daardie ouderdomsgroep sal deelneem en die manier waarop dinge in daardie groep gedoen word, soos byvoorbeeld die manier van praat. Hierdie studie betrek daarom sosiale groeperings as praktykgemeenskappe wat binne 'n skoolomgewing gevind kan word.

## 1.3 Kontekstuele inligting

Hierdie variëteit kan problematies wees om te kategoriseer op grond van die kenmerke wat dit toon, soos byvoorbeeld om die grammatikale verskynsels te identifiseer en te bespreek omdat hierdie variëteit se eiesoortige kenmerke nog nie bestudeer is nie. Dus, vir hierdie studie, word die eiesoortige taalgebruik van bruin jeugdiges aan die hand van 'n sosiolinguistiese benadering ondersoek, spesifiek vanuit 'n derde stroming (*third wave*) sosiolinguistiese benadering (Eckert,

---

[2] Volgens Marais (2005:5) verwys model C-skole na "histories 'wit' staatskole wat sedert 1991 deur die regering toegelaat is om 'n aantal 'anderskleuriges' toe te laat."

2005, 2018).

### 1.3.1 Variasie-sosiolinguistiek as studieveld

Met die bestudering van taal in die sosiale konteks, het dit die subdissipline in taalkunde genaamd *sosiolinguistiek* tot gevolg gehad. Sosiolinguistiek is onder meer gemoeid met die waarneembare feite van taalvariasie en -verandering en pas redeneringe toe op die oorsake en gevolge van hierdie variasie (Llamas *et al*., 2006:xv). Om hierdie rede het dit gelei tot ’n vertakking van sosiolinguistiek, naamlik *variasie-sosiolinguistiek*, wat op taalvariasie en verandering fokus (Drummond & Schleef, 2016:50). Drummond en Schleef (2016:50) meen dat ’n groot mate van variasie linguisties beperk is, terwyl ’n beduidende deel van variasie toegeskryf kan word aan sosiale redes, en identiteit kan ’n deurslaggewende rol speel in hoe taal verskil en verander. Terwyl daar ’n korrelasie bestaan tussen taal en identiteit (Dyers, 2008:111), word daar in hierdie studie verwys na identiteit soos dit met groepsidentiteit verband hou in die sosiale konteks. Dit maak dit veral relevant vir etnografiese studies, waarvoor Eckert (1989) se “Jocks” en “Burnouts”-studie bekend is (sien 1.3.4). Eckert (2012) maak ook die volgende onderskeid oor die ontwikkeling van variasiestudies as ’n opeenvolging van drie strominge: ’n *first wave* (eerste stroming) van stedelike opnamestudies, ’n *second wave* (tweede stroming) van etnografiese studies van plaaslike dinamika, en ’n *third wave* (derde stroming) waarin die klem na die betekenis van variasie verskuif het. Die derde stroming, wat vir hierdie studie van belang is, is ’n teoretiese en metodologiese benadering wat fokus op die betekenis van variasie, veral in stilistiese betekenis (Eckert, 2018:xi). Dit wil sê dat dit vir derdestromingstudies daaroor gaan hoe sprekers linguistiese kenmerke meng om eiesoortige maniere van praat te ontwikkel (Llamas, 2011:506). Hierdie studie volg daarom ’n derdestromingstudiebenadering.

Ten einde sosiale groepe te karakteriseer, bied Moore en Podesva (2009) se studie ’n omvattende benadering tot styl. Byvoorbeeld, *styl* in hul studie sluit bykomende semiotiese aanduidings van sosiale verskille in, soos gewoontes, voorkoms en kleredrag, benewens die linguistiese repertorium. Daar kan ook ’n een-tot-een-korrelasie gevind word tussen sprekers en sosiale kategorieë met betrekking tot styl. In Eckert (1989) se studie, byvoorbeeld, om iemand ’n *burnout* te noem, maak die *burnout*-styl duidelik op maniere wat ander style dalk nie is nie (Moore & Podesva, 2009:449). Moore en Podesva (2009:449) gaan verder deur te noem dat wanneer ’n styl gereïfiseer word, word ’n sosiale kategorie geskep wat prominent kan wees as ’n strukturele demografiese sosiale tipe (soos werkersklas) of as ’n persona op plaaslike vlak (soos *burnouts*). Dit is vir hulle van kardinale belang om te onthou dat nie alle style gekategoriseer word nie, al is hulle almal sosiaal betekenisvol, met ander woorde sosiolinguiste

kan ’n groep se styl herken, maar die groeplede is dalk nie ideologies in lyn met die styl wat sosiolinguiste sien nie. Daarom is dit belangrik dat daar ’n onderskeid getref word tussen kategorieë, wat ideologiese instansies of interpretasies van stilistiese gedrag is, en style, wat ooreenstem met die ontleder se waarneming van ’n groep se sosiale en linguistiese praktyk (Moore & Podesva, 2009:449).

### 1.3.2 Sosio-ekonomiese stratifikasie

Die aard van sosio-ekonomiese stratifikasie onder tieners of adolessente, die lewensfase wat vermoedelik aan die voorpunt van klankverandering is, word ondersoek in Eckert (1989) se etnografiese studie in ’n voorstedelike hoërskool in Detroit (Llamas, 2011:506). Deur die konsep van praktykgemeenskap (*community of practice*) te gebruik, ’n fokusarea vir derdestroming-variasiestudies, het Eckert (1989) gekyk na hoe die adolessente inpas by die kategorieë *jocks* en *burnouts*. Sy gebruik hierdie kategorieë as aanwysers vir sosiale klas: die *jocks* toon ’n middelklaskultuur, terwyl die *burnouts*, oor die algemeen, die werkersklas verteenwoordig, aldus Llamas (2011:506).

In hierdie studie word sosio-ekonomiese klasse nie sodanig gebruik as fokus nie, maar eerder ’n fokus op wat wel kenmerkend is van die praktykgemeenskap. Met *praktykgemeenskap* word verwys na ’n groep individue wat gereeld bymekaarkom om betrokke te raak by praktyke, of maniere van dinge te doen, insluitend die manier van praat (Llamas, 2011:505). Hierdie studie wil daarom gebruik maak van Eckert se praktykgemeenskapmodel, met ’n paar aanpassings wat dit spesifiek op die Suid-Afrikaanse konteks van toepassing sal maak, waar dit fokus op praktyke waarin groepe betrokke raak en die manier van dinge doen in die skoolomgewing. Om dit selfs meer tot die Suid-Afrikaanse konteks te bring, sal die *jocks* byvoorbeeld na die *moegoes* (*nie-slimmes*) verwys, terwyl die *burnouts* na die *klevaas* (*slimmes)* kan verwys, afhangend van die oogpunt van die benoemer. Let egter daarop dat die groepering losweg en kompleks is; daar is nie ’n simplistiese gelykstelling moontlik van die eiesoortige Suid-Afrikaanse konteks met dié van Eckert se studie nie. Ons kyk voorts dus na die taalgebruik van die subgroepe en spesifiek die grammatikale verskynsels om dit te analiseer en te vergelyk.

### 1.3.3 Overte en koverte prestige in taal

In die hoërskoolkonteks kan ’n onderskeid getref word tussen waardes en oortuigings wat deur verskillende sosiale groepe gehandhaaf word, wat anders as ander sosiale groepe s’n is (Igoudin,

2013). Hierdie waardes en oortuigings gee aanduiding van die *sosiale prestige*[3] wat 'n groep verteenwoordig, hetsy dit 'n hoër of laer sosiale status verkry, soos bepaal deur leerders in die skoolomgewing (Hedgecock & Lefkowitz, 2000:75-97). Die sosiale prestige soos gemanifesteer in gesproke taal sal daarom die status wat deur die sprekers verkry word as gevolg van die dialek(te) of variëteit(e) wat hulle tipies bekend is om te gebruik, aandui. Met die prestige statusse word daar onderskeid gemaak tussen die terme *overt* en *covert* prestige. Die terme kan aan die hand van Hedgecock en Lefkowitz (2000:77-78) se verduideliking verstaan word: (a) *Overt* (oftewel overte) prestige verwys dikwels na die respek of sosiale aansien wat gebruikers van 'n waargenome standaardvariëteit of bevoordeelde aksent binne 'n diskoersgroep daaraan verleen. 'n Overte prestige aksent is tipies gunstig op skale van sosio-ekonomiese, opvoedkundige en beroepstatus. Daarenteen, word (b) *covert* (oftewel koverte) prestige gebruik om 'n gunstige geneigdheid tot die gebruik van dialekte, volkstaal en aksente te beskryf wat nie-standaard of *overtly non-prestigious* is. Koverte prestige kan daarom 'n groot afwyking wees van die wydverspreide, hoofstroomwaardes van opvoedkundige instellings en ander sosiale instellings, wat 'n relatief ongewone siening van sosiale status weerspieël. In hierdie studie word die taalgebruik van *klevaas* met die koverte prestige status geassosieer, terwyl die *moegoes* se taalgebruik overte prestige status verkry (sien 2.5.3.1).

Die hoërskool is nie noodwendig 'n linguisties neutrale omgewing vir tieners nie (Igoudin, 2013:1), maar help tieners om hulself te "vind" binne die strukture van die skool se sosiale interaksies. Volgens Liebkind (1999) sluit tieners op hierdie ouderdom aktief aan by portuurgroepe en tree minder as individue op en meer as draers van die gedeelde eienskappe van hul sosiale groeperings. Igoudin (2013:2) verwys hierna as *social capital* (sosiale kapitaal), dat *hipness* of *coolness* voorbeelde van hierdie sosiale kapitaal is. Vir die Suid-Afrikaanse (bruin) tiener sal dit dus beteken om deel te wees van die *klevaas*/*clevas*[4] (slimmes) of dan nou wel die *moegoes*/*moggos*[5] (nie-slimmes). Soos hierbo genoem, daar is nie 'n eenvoudige een-tot-een korrelasie van *moegoe*s met *jocks* en *klevaas* met *burnouts* nie, afhangend van die heersende waardestelsel van die in- of uitgroep. Die moontlikheid is ook dat sommiges 'n neutrale posisie

[3] Prestige is 'n gedrag gemotiveer deur die samelewing se houdings wat 'n positiewe of negatiewe evaluering toedig (Hernández-Campoy, 2008:4).

[4] *Cleva* (oftewel *klevaas*) is 'n term wat deel vorm van Tsotsitaal, wat verwys na *a streetwise urbanite* (Slabbert & Finlayson, 2000:134). As navorser (*in-group member*), weet ek dat die terme (*klevaas, draadsitters* en *moegoes*), om na groepe te verwys, nie openlik gebruik word nie, maar dat dit wel deur (bruin) leerders vir hul gedeelde belange verstaan word.

[5] 'n Persoon wat blykbaar geen kennis van die *lingo* van *klevaas*/*clevas* het nie, word beskryf as 'n *barri*, *spaza*, *moggo/moegoe* of *kgashu,* wat terme is vir *dom* of *nie-slim persoon* (Mojela, 2002:205). Die term *moegoes* sal vir hierdie studie gebruik word om na die *nie-slimmes* te verwys: 'n persoon wat blykbaar geen kennis van die straattaal het nie, of wat nie straatwys is nie.

inneem, wanneer na ’n persoon verwys word as ’n *draadsitter*[6]. (Die *draadsitters* sal dan die derde sosiale groep vir hierdie studie van belang wees, met die hooffokus steeds op die ander twee sosiale groepe).

’n Algemene en belangrike bekommernis vir onderwysers en studente in klaskamerkommunikasie is die gebruik van kodes (Levine, 2011:3). Die kodes wat deur sosiale groepe gebruik word, gaan ook gepaard met ’n groep se prestige. ’n Portuurgemeenskap se prestige, waardes en lewenswyse word immers geïdentifiseer deur behoorlike kodebelyning, wat ten minste aanvaarding en gewildheid verleen (Igoudin, 2013:2).

Vir hierdie studie gaan dit nie sodanig oor die sosio-ekonomiese of beroepstatus nie, maar oor die leerders se lidmaatskap aan die sosiale groeperings wat overte of koverte status in die skoolomgewing verkry.

### 1.3.4 Sosiale groeperings

Met Eckert (1989) se indeling van die subgroepe, het sy groepe ingedeel op grond van sosiale klasse (*jocks* as middelklas en *burnouts* as werkersklas). In die Suid-Afrikaanse konteks, is sosiale klasindeling nie duidelik genoeg om die taalgebruik van (bruin) leerders te ondersoek nie omdat *township*-skole divers is en daarom kan die taalgebruik meer op grond van lidmaatskap aan sekere sosiale groepe wat in skole gevind word, ondersoek word. Binne ’n sosiale groep is titels (soos om ’n *kleva* of ’n *moegoe* te wees) nie vas nie, maar van buite af is die indelings duideliker. Vir hierdie studie word die gekose sosiale groepe op grond van hul nakoming van skoolreëls (soos bv. skooldrag) (sien 4.2.1.1) en aktiwiteite op die skoolperseel onderskei (sien 4.2.1.2).

#### 1.3.4.1 “Jocks” en moegoes

Uit bogenoemde uiteensetting van Hedgecock en Lefkowitz (2000:77-78), word ’n overte prestige aksent tipies geassosieer op grond van sosio-ekonomiese, opvoedkundige en beroepstatus. Hierdie statusse kan dan as kenmerkend van die middelklas gesien word. Eckert (1989) gebruik hierdie kenmerke om na die *jocks* te verwys. Alhoewel Eckert (1989) se studie die *jocks* as verteenwoordigers van ’n middelklas gedefinieer het, het hierdie sosiale groep ook ander kenmerke wat in die skoolomgewing meer sigbaar is, soos deelname aan skoolaktiwiteite en die

[6] ’n *Draadsitter* sal vir hierdie studie verwys na ’n persoon wat ’n neutrale posisie inneem, m.a.w. die *draadsitter* kan beide die *klevaas* en die *moegoes* se taalgebruik bemeester en met albei se gedrag identifiseer (sien ook 1.2.4.3).

nakoming van skoolreëls. Vir hierdie studie is die *moegoes* aan die ander kant nie sodanig vanuit 'n middelklasagtergrond nie, maar toon meer akademiese prestasie en gehoorsaam die skoolreëls. Dieselfde is ook waar dat vooruitgang in die lewe, in terme van hoër onderwys en loopbaansukses, vir hierdie groep meer aangemoedig word. Dit kan daarom aanvaar word dat die *moegoes* prestige status in die samelewing sowel as buite die skoolomgewing verkry, veral in die gemeenskap wat vir hierdie studie van belang is, maar nie noodwendig net op grond van taalgebruik nie.

### 1.3.4.2 "Burnouts" en *klevaas*

Met betrekking tot die ongewone siening van sosiale status wat in die skoolomgewing weerspieël word, toon koverte prestige 'n afwyking van hoofstroomwaardes van opvoedkundige instellings en ander sosiale instellings (Hedgecock & Lefkowitz, 2000:77-78). Hierdie afwykings kom verskillend voor in Eckert (1989), wat in die voorstedelike Detroit ontstaan, en hierdie studie wat die Suid-Afrikaanse konteks bestudeer. Anders as die *jocks,* gebruik Eckert (1989) die *burnouts* wat die werkersklaskultuur in die samelewing uitbeeld en nie 'n aktiewe rol in die skoolomgewing speel nie. Die *burnouts* verkry dus 'n laer status in die samelewing sowel as in die skoolomgewing. Terwyl die *klevaas* dieselfde laer statusposisie as die *burnouts* in die samelewing inneem, is dit nie sodanig in die skoolomgewing die geval nie. Die *klevaas* se taalgebruik en skoollewe-aktiwiteite verkry overte prestige, soortgelyk aan die *jocks,* maar op grond van rebellie teen die skoolreëls of gesag en die wegbeweging van 'n meer standaardvariëteit van 'n taal. Hierdie nuanse sal dus duidelike variasieverskille bied vir hierdie studie.

### 1.3.4.3 "In-betweens" en *draadsitters*

Eckert (1989) gaan verder deur 'n derde groep tot die *jocks-burnouts*-opposisie by te voeg, wat die oorgrote meerderheid van die skoolpopulasie uitmaak, genaamd die *in-betweens*. Volgens Eckert beskryf die *in-betweens* hulself in terme van die karaktereienskappe wat hulle met die *jocks* sowel as die *burnouts* deel. Met ander woorde, die *in-betweens* verwys na die persone wat sekere skoolaktiwiteite en sienings deel wat tipies met óf die *jocks* óf die *burnouts* geassosieer kan word. Dieselfde is waar vir die *draadsitters*, wat ook tot hierdie studie betrek word: dat die *draadsitters* die Suid-Afrikaanse ekwivalent vir *in-betweens* beklee en 'n neutrale posisie tussen die *klevaas* en die *moegoes* inneem. (Die hooffokus vir hierdie studie is steeds op die *klevaas* en die *moegoes*, maar die bydraes van die *draadsitters* is ook in berekening gebring vir vergelykingsdoeleindes.)

### 1.3.5 Grammatikale variante

Uit die literatuur, met betrekking tot noord- en suidwestelike studies wat die taalgebruik van bruin jeugdiges ondersoek het, wat vir illustratiewe doeleindes gebruik word vir hierdie studie, blyk onder meer die volgende grammatikale variante soos bevind deur Saal en Lawrence (2019), wat 'n korpusondersoek gedoen het oor formele geskrewe Afrikaans van bruin tieners vanuit die Noord-Kaap en die Wes-Kaap:

- die eiesoortige voorsetselgebruik
    - Voorsetselonderdrukking: *dat ek hulle sit en luister* (x dat ek **na** hulle sit en luister.)
- agteropplasing van uitdrukkings (eindrelevering)
    - bv. *Ek het toe gegaan* ***na haar toe.*** (x Ek het toe **na haar toe** gegaan.)
- die ongewone werkwoordpatroon
    - bv. .. *die kind het nou sy ma gaan sê wat* ***is*** *hy aangedoen*. (x ... wat hy aangedoen **is**.)
- die regularisering van werkwoordvorme
    - bv. *Hulle het toe toegang tot die geld* ***gehet.*** (x ... **gehad**.)
- die weglating van lidwoorde, werkwoorde en onderwerpe
    - lidwoord ***die*** (bv. *Daar is nie geld om* ***huis*** *af te betaal nie*. (x ... om **die** huis ...)
    - werkwoord ***het*** (bv. *Maar ek klaar by haar vriendin gehoor sy het gesê sy like nie van my nie*. (x Maar ek **het** klaar ...)
    - onderwerp ***Ek*** (voornaamwoord in onderwerpfunksie) (bv. *Grootgeword om in die teerpad te gaan ry, omdat ek gedink het ek was groot genoeg* (x **Ek** het grootgeword ...).

Saal en Lawrence (2019) se bevindinge is relevant vir hierdie studie omdat die grammatikale verskynsels vanuit die noordwestelike dele moontlik soortgelyke kenmerke toon as die grammatikale verskynsels vanuit die noordoostelike dele. Geen studies oor die taalgebruik van bruin jeugdiges vanuit die noordoostelike dele is sover vasgestel kon word, gevind nie.

Vir hierdie studie word daar ondersoek ingestel om die grammatikale verskynsels van die noordoostelike dele (Noordwes provinsie) te bespreek deur die eiesoortige gebruik van grammatikale verskynsels in die gesproke taal van bruin jeugdiges uit te lig. As navorser (*in-group member*), vind ek dat die grammatikale verskynsels, soos aangedui in Saal en Lawrence (2019) se studie, moontlik dieselfde kenmerke as die noordoostelike dele se taalgebruik toon. As

navorser (*in-group member*[7]), weet ek dat die volgende grammatikale variante in hierdie taalgebruik voorkom en dat ek met hierdie studie wil vasstel tot watter mate die gebruik van die variante verskil tussen die sosiale groepe. (Uit die literatuur, toon van die geïdentifiseerde variante variasie en die ander variante het tydens die data-versameling van hierdie studie variasie getoon.) Die volgende grammatikale variante is geïdentifiseer:

- regularisering van werkwoorde:
  - *jy het my foon ge**het*** (x ...ge**had**)
  - *om 'n kind te **het*** (x ... **hê**)
  - *om die slimste kind te **is*** (x ...**wees**)
- genitiewe *se* met voornaamwoorde: bv. *On**se** huis*... (x Ons huis...)
- *hom-* vs *sy*-besitskonstruksie: bv. *Hy het **hom** dogter skool toe gevat* (x Hy het **sy** dogter ...)
- idiosinkratiese verskynsels
  - ongewone meervoudsvorme – *huis**e*** i.p.v. huis
  - wisselvorme van versamelnaamwoord – *goeter**se*** i.p.v. goet**e**
  - klankbyvoeging -*e*: bv. *beginn**e*** (x begin)

## 1.4 Doelwit van die studie

Die doel van hierdie studie is om nie net die leemtes in die bestaande literatuur oor *Tienerafrikaans* deur Marais (2005), wat wit jeugdiges tot haar studie betrek het, aan te vul nie, maar om die grammatikale veranderlikes van Afrikaanssprekende bruin jeugdiges vanuit die noordoostelike dele van Suid-Afrika se gesproke taal uit te lig. Hul grsproke taal sal ook 'n aanduiding gee van sekere grammatikale veranderlikes wat sosiale betekenis het, wat hierdie studie ten doel het om uit te lig en te bespreek. Sodoende word die gebruik van die eiesoortige grammatikale variante as bepalende maatstaf vir die hierdie studie gebruik.

## 1.5 Navorsingsvrae

Die navorsingsvrae is dus as volg:

- Watter kenmerkende grammatikale variante kan anekdoties in die gesproke taal van bruin

[7] 'n *In-group member* verwys na daardie individu wat ooreenkomste met die teikengroep deel (Harris *et al.*, 2000:237). As navorser dien ek as *in-group member* wat beide die *klevaas* en die *moegoes* se taalgebruik kan verstaan, wat my as neutrale (*draadsitter*) persoon bestempel.

jeugdiges opgemerk word?

- Watter sosiale groeperings is meer geneig om kenmerkende grammatikale variante te gebruik?

## 1.6 Metodologie

### 1.6.1 Navorsingsontwerp

Volgens McMillan en Schumacher (2006:112) is kwalitatiewe navorsing meer gebaseer op konstruktivisme wat beweer dat verskillende realiteite sosiaal gekonstrueer is, en gemoeid is met die verstaan van die sosiale verskynsel vanuit die perspektiewe van die deelnemers. Hierteenoor staan die kwantitatiewe metode, wat onder andere tradisioneel in die subveld *variationist sociolinguistics* voorkom (Hernández-Campoy & Conde-Silvestre, 2015). Die ondersoeke na natuurlik-geproduseerde spraak in sosiolinguistiese veldwerk en metodes het meestal gesteun op opnames en etnografiese navorsing, wat gewoonlik ’n kwalitatiewe metode volg (Hernández-Campoy, 2014:13). Ten einde die stilistiese veranderlikes wat sosiaal betekenisvol is te ondersoek, waar ’n korrelasie tussen sosiale kategorieë en linguistiese veranderlikes met die gebruik van kenmerkende grammatikale verskynsels spesifiek tot ’n sekere sosiale kategorie in teenstelling met ’n ander in die gesproke taal van bruin jeugdiges gevind is, word ’n **kwantitatiewe benadering** egter in hierdie studie gevolg omdat dit die geskikste metodologie is om ’n beskrywende statistiese analise te doen oor linguistiese variasie van die grammatikale variante in bruin jeugdiges se gesproke taal. Die inhoud (kwalitatief) van die opnames is nie van belang nie, dit is bloot die frekwente gebruik (kwantitatief) van die grammatikale variante wat gebruik is vir die beskrywende statistiese analise.

### 1.6.2 Empiriese studie

Die gepaste metodologie wat dus gevolg word, is die waarneming van deelnemers vir beskrywende gedrag met die opnames van informele gesprekke met deelnemers.

### 1.6.3 Onderhoude

Die data-insamelingsmetode was in die vorm van observasie[8] en individuele onderhoude. As navorser (*in-group member*), het ek observasie gedoen deur anekdotiese rekords (Nieuwenhuis,

---

[8] Observasie (indirekte observasie) is deur die navorser gedoen. Die (indirekte) observasie verwys na die navorsing deur die versameling van inligting in die vorm van ’n beskrywing van gebeure, en ook deur self-etnografie, onthou van gebeure en omgewings ten einde die inligting te analiseer (Ciesielska *et al.*, 2018:43).

2012) te neem om die deelnemers se lidmaatskap tot die sosiale groeperings wat vir hierdie studie van belang is, te kategoriseer (sien 2.5.3).

Onderhoude is met verskeie respondente gevoer om die navorser te help om die taalgebruik van die sosiale groep met (k)overte status vas te stel. Onderhoude is in Afrikaans gevoer, want dit is die taal wat ondersoek word. Die onderhoude is soos volg verdeel:

- Individuele onderhoude (16) het deelnemers ingesluit van elke sosiale groepering. Semi-gestruktureerde vrae is vooraf voorberei om deurlopende bespreking te verseker. Die onderhoude het ongeveer 30 tot 40 minute geduur. Individuele onderhoude het neergekom op een onderhoud per deelnemer, met een uitsondering (Branden) wat twee onderhoude gehad het as gevolg van tyd. Onderhoude is oor 'n tydperk van ses maande gevoer.

### 1.6.4 Teikengroep

Vir die doel van hierdie studie is ’n sekondêre skool in die Dr Kenneth Kaunda-distrik in Noordwes gekies as die area vanwaar die data ingesamel is. Die skool wat gekies is, is van ’n voorstad in Klerksdorp, genaamd Alabama, en sy leerderpopulasie verteenwoordig twee rassegroepe (Swart en Bruin) in Suid-Afrika. Die deelnemers wat gekies is verteenwoordig egter slegs die Bruin rassegroep. Die studie het spesifiek data versamel vanaf Afrikaanssprekende bruin jeugdiges uit ’n agtergeblewe gemeenskap, wat hoofsaak tot ’n werkersklasagtergrond behoort.

### 1.6.5 Data-analise

Die individuele onderhoude is met behulp van 'n slimfoon opgeneem, wat 'n buigsame en toeganklike metode bied om gesproke taaldata vas te lê. In plaas daarvan om die onderhoude volledig te transkribeer, het ek 'n ouditiewe analisebenadering gebruik, na elke opname geluister en spesifiek gefokus op die gebruik van geïdentifiseerde grammatikale veranderlikes wat relevant is vir my navorsingsdoelwitte. Ek het geluister vir spesifieke grammatikale veranderlikes en hul frekwensie, konteks en funksie tydens die onderhoude. Alhoewel die klankgehalte effens gewissel het na gelang van die opname-omgewing, was dit oor die algemeen voldoende om die grammatikale veranderlikes van belang te identifiseer.

Die data van die individuele onderhoude is dus opgeneem en geanaliseer op grond van die frekwente gebruik van die grammatikale (nie-standaard) variante in vergelyking met die standaardvariante daarvan. Die gebruiksfrekwensie (in %) van die veranderlikes is gebruik om

te bepaal watter veranderlike voorkeur geniet deur die lede van 'n sekere sosiale groepering. Dus bepaal die resultate watter sosiale groeperings meer geneig is om kenmerkende grammatikale variante te gebruik wat eie is aan die sosiale groep(e).

### 1.6.6 Prosedure

Die navorsingsprosedure het soos volg verloop:

1. Bestaande literatuur is geraadpleeg om die taalgebruik van bruin mense uit die noordoostelike dele van die land vas te stel, ten einde die grammatikale verskynsels van bruin jeugdiges se informele taalgebruik te analiseer.

2. Deur as waarnemer op te tree, het die navorser vir die beskrywende gedrag anekdotiese rekords opgestel.

3. Die klankopnames wat tydens die individuele onderhoude gemaak is, het die huidige manier van grammatikale verskynsels van bruin jeugdiges uitgelig. Dit sluit informele gesprekke met die verskillende groepe in, wat afsonderlik gedoen is.

## 1.7 Etiese oorwegings

Hierdie studie is 'n mediumrisiko-studie, omdat dit deelnemers van lae sosio-ekonomiese groepe betrek, wat beide minderjariges en die jeug wat 18 jaar en ouer is, insluit. (Sien afdeling 3.5 vir verdere bespreking). As gevolg van hierdie risikofaktore, was die navorser sensitief tot die benadering van die deelnemers, waar etiese gedrag voor en deur die data-insamelingsproses gehandhaaf is:

- ingeligte toestemming vanaf die skoolhoof is verkry;
- ingeligte toestemming van deelnemers wat 18 jaar en ouer is; en
- instemming van minderjarige deelnemers, met ingeligte toestemming van 'n ouer/voog.

## 1.8 Hoofstukuiteensetting

In hoofstuk 2 word 'n oorsig oor sosiolinguistiek gegee, gevolg deur 'n diepgaande beskrywing van variasie-sosiolinguistiese studies, met spesifieke verwysing na die drie strominge van variasiestudies (afdeling 2.3), waar veral die derdestromingvariasiestudies relevant is in hierdie studie. Die kwantitatiewe metodologie word in hoofstuk 3 beskryf. Die resultate van variasie in

elke grammatikale verskynsel word in hoofstuk 4 aangebied en bespreek, met ’n finale gevolgtrekking in hoofstuk 5, wat die navorsingsvrae beantwoord en verdere navorsingsmoontlikhede uitlig.

# HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

## 2.1 Inleiding

Die teoretiese onderbou van hierdie verhandeling word in hierdie hoofstuk uiteengesit. 'n Kort oorsig van sosiolinguistiek word hier verskaf, en daarna word die subdissipline van variasie-sosiolinguistiek bespreek. Vervolgens word die drie stromings van analise in variasie-sosiolinguistiek bespreek, met 'n fokus op die derde stroming van variasiestudies. Hierdie hoofstuk ondersoek ook verskeie buitetalige veranderlikes, insluitend die ouderdom en geslag, asook sosiale groeperings wat verband hou met styl en variasie in taal. Die hoofstuk word afgesluit met 'n oorsig van die pertinente grammatikale veranderlikes vir hierdie studie.

## 2.2 Teoretiese raamwerk

Die Variasionistiese Sosiolinguistiese teorie dien as basis vir hierdie studie, wat fokus op variasie op leksikon-grammatiese vlak. Dit is nuttig om 'n kort oorsig te gee van die oorkoepelende konsep van sosiolinguistiek voordat daar in die Variasie Sosiolinguistiese teorie gedelf word, wat die raamwerk van hierdie navorsing vorm.

### 2.2.1 Sosiolinguistiek

Die term *sosiolinguistiek* is die eerste keer deur Currie in 1952 bekendgestel, wat die veld geword het wat 'n indrukwekkende kwalitatiewe en kwantitatiewe groei binne taalwetenskap sou bydra (Hernández-Campoy, 2014:5). Dit is ook opmerklik dat sosiolinguistiek basies beskrywende eerder as voorskriftelike benaderings tot linguistiek aanneem (Hala-Hala, 2021:12). Per definisie is Sosiolinguistiek gemoeid met die wetenskaplike studie van die verhouding tussen taal en samelewing, met korrelasies met sosiale wetenskappe in sy benadering (Hernández-Campoy, 2014:5). Die betrekking van sprekers by navorsing oor hul linguistiese praktyke was sedert die ontstaan van die veld die kern van sosiolinguistiek (Bodó *et al.*, 2022:1). In reaksie teen strukturalisme, wat gemoeid was met die onderskeid tussen taalvermoë en taalgebruik en van mening was dat betroubare data net van die ideale spreker-hoorder verkry moes word, het sosiolinguistiek ontstaan (Otto, 2017:367). In die strukturalistiese en Chomskyaanse tradisie is linguistiese data deur introspeksie gegenereer (Bodó *et al.*, 2022:2), en in reaksie teen vorige Chomskyaanse en Saussureaanse (strukturalistiese) paradigmas en tradisionele dialektologiese praktyke, het sosiolinguistiek 'n nuwe model, die

Variasiestudies, bekendgestel, wat 'n prominente sosiolinguistiese subveld is, wat deur die kwantitatiewe (statistiese) revolusie beïnvloed is, geword het (Hernández-Campoy, 2014:7). Volgens Hernández-Campoy (2014:11) sluit die studies in die veld van taal en samelewing, gerig op linguistiese oogmerke, onder meer die volgende in: tradisionele dialektologie, variasionistiese sosiolinguistiek, geolinguistiek, kreoolse sosiolinguistiek en historiese sosiolinguistiek. Hy is van mening dat alle werke in hierdie kategorie bestaan uit empiriese (gebaseer op observasie) studies van taal, soos gepraat in die sosiale konteks, waar die uiteindelike doel is om linguistiese teorie te verbeter en om 'n begrip van die aard van taal te ontwikkel.

### 2.2.2 Variasiesosiolinguistiek

'n Vertakking van sosiolinguistiese studies het variasiesosiolinguistiese studies tot stand gebring. Hierdie studie is gesetel binne die veld van variasiesosiolinguistiek met die fokus op jeugdiges se taalgebruik, waar variasietaalkundiges ondersoek instel na redes hoekom mense in 'n spraakgemeenskap nie almal dieselfde taal gebruik nie en waarom mense verskillende woorde, klanke of grammatikale patrone in verskillende kontekste kan gebruik; alles in 'n poging om beter te verstaan hoekom (en hoe) taal verander (Johnstone, 2006:46). Die Variasionistiese (of Laboviaanse) sosiolinguistiese tradisie is een van die belangrikste strominge van sosiolinguistiese werk sedert die 1960's (Adli & Guy, 2022:1). Adli en Guy (2022:1) noem dat werk in hierdie tradisie aanvanklik gefokus het op sosiale en linguistiese prosesse in taalvariasie en -verandering, deur gebruik te maak van kwantitatiewe metodologieë. Hierdie vertakking van sosiolinguistiek is immers bekend vir sy aandag aan veranderinge in taal, kwantitatiewe benaderings en besorgdheid oor verantwoordbare metodologie wat deur waarneming en interpretasie bereik kan word (Tagliamonte, 2012:xiii). In hierdie verband is die fokus van hierdie studie om die sosiale veranderlikes te vind wat die keuse van linguistiese variante beïnvloed.

Ten einde kwantitatiewe navorsing te verantwoord, is klas as 'n (sosio-)ekonomiese veranderlike met afsonderlike kategorieë in grondslagwerk in variasie-sosiolinguistiek behandel (Dodsworth, 2009:1315). Labov (1966) het byvoorbeeld 'n direkte korrelasie ontdek tussen sprekers se sosio-ekonomiese posisie in New York City en hul geneigdheid om /r/ na vokale uit te spreek. Boonop het Labov ontdek dat die mate waartoe mense /r/ uitspreek of nie, korreleer met hul ouderdom. In die hoërmiddelklas is jonger sprekers meer geneig om /r/ uit te spreek as ouer sprekers, maar in die laermiddelklas was ouer sprekers meer geneig om /r/ uit te spreek as jonger sprekers (Labov, 1966). Die fokus op ouderdom en sosio-ekonomiese veranderlikes was van die vroegste

areas van belang om linguistiese variasie en taalverandering te ondersoek. Maar voor Labov (1966) het navorsers soos Fischer (1958) reeds die verskynsels van die linguistiese veranderlike bykomend tot buite-linguistiese veranderlikes by kinders ondersoek (Hala-Hala, 2021:20), wat ook die eerste persoon is wat ’n kwantitatiewe ondersoek na ’n taalveranderlike gedoen het (Oancea, 2016:52). Fischer (1958) het beide amptelike en informele narratiewe voordragte onder skoolkinders in New England-klaskameromgewings waargeneem. Hy het die Engelse suffiks *-ing* bestudeer en het gesien dat die terme *fishin’* en *fishing* variante is. Hy het gevind dat seuns die *-in*’ in plaas van *-ing* meer gebruik het as meisies en dat daar ook ’n verskil was tussen die seuns: dat die gewone of tipiese seun die *-ing* oor die algemeen meer gebruik het as die seuns wat as *teacher’s pets* beskou was (Eckert, 2004:46). Voorts, was daar minder gebruik van *-ing* tydens onderhoude as in gewone gespreksituasies vir al die seuns (Eckert, 2003:46). Daar was tot die gevolgtrekking gekom dat skoolkinders se spraakpatrone variasie toon en dat buitetalige faktore, soos geslag, ’n impak gehad het op hul spraakpatrone (Hala-Hala, 2021:20).

Labov (1966, 1972), soos aangedui deur Botha (2011:43-44), het Fischer se model geneem en daarop verbeter deur beter steekproefmetodes by te voeg, veral in sy New York-studie (1972), en het gewys hoe kategorieë die rigting van die verspreiding van variasie oor kategorieë aandui (wat na ’n distribusionistiese benadering verwys). Labov (1963) se seminale sosiolinguistiese studie, wat op Fischer (1958) se werk gevolg het, wat bekend is as die klassieke studie van klankverandering, het die verspreiding van verhoogde of gesentraliseerde variante in (ay-) en (aw-) diftonge op die eiland Martha’s Vineyard in suidoostelike Massachusetts ondersoek (Pope *et al*., 2007:615). Labov (1963) het die interaksie tussen taal en sosiale aspekte waargeneem wanneer die deelnemers gedeeltes van ’n storie met ’n 200-woordtelling voorgelees het gepaard met sosiolinguistiese (69) onderhoude. Hy het veral die veranderlikes van die volgende diftonge waargeneem: /ay/, soos in *right* en *white*, en /aw/, soos in *house* en *how* (Labov, 1963). Mense op Martha’s Vineyard was bewus dat inwoners se uitspraak van /ay/ en /aw/ kan verskil van dié van ander mense, veral diegene wat nuut op die eiland is en vir die eerste keer besoek (Bakht, 2010:8). (Meer hiervan word onder die sub-afdeling van tweedestroming-variasiesosiolinguistiek bespreek).

Variasiestudies neem ook taalverandering in ag. Guy (1990:2) maak ’n onderskeid tussen die verskillende tipes taalverandering, wat spontane verandering insluit en dié wat meer kontakgeïnduseerde veranderingstipes is, soos ontlening en oplegging (*borrowing* en

*imposition*[9]). Hy wys daarop dat spontane verandering vanuit 'n enkele spraakgemeenskap ontstaan, wat nie deur 'n eksterne linguistiese model of teiken beïnvloed word nie. Met ander woorde*, there is no other language or dialect available to speakers in the community which serves as the structural source or goal of such a change*, wat dikwels as die ongemerkte geval in historiese studies beskou word, en word dikwels verwys na die term *natuurlike verandering* (Guy, 1990:2). 'n Belangrike kenmerk wat *borrowing* en *imposition* deel, is dat meer as een taal by hul ontwikkeling betrokke is, wat beteken dat die linguistiese verskynsels van een taal as model of bron dien vir veranderinge wat in die ander taal plaasvind (Guy, 1990:2). Op hierdie manier ontwikkel 'n natuurlike spraak van 'n spraakgemeenskap wat bestaan uit die *borrowing* en *imposition* van linguistiese verskynsels uit 'n ander taal. Variasiestudies sal dus die linguistiese veranderlikes wat ontstaan het deur *borrowing* of *imposition* in ag moet neem om die gebruiksfrekwensie van linguistiese veranderlikes te kan meet.

Zhang (2001) het waargeneem dat variasiestudies se vroeëre fokus op 'n eendimensionele skaal van sosio-ekonomiese klas gelei het tot twee probleme wat verband hou met die beskrywing en interpretasie van variasiedata. Sy verduidelik dit soos volg:

> *Firstly, the problem is that speakers' use of variable forms is always described and measured on a linear scale with the standard variants at one end and the vernacular/nonstandard variants at the other. Hence, speakers' linguistic behavior is solely described in terms of relative standardness. Secondly, the other problem concerns the interpretation of the meanings of variation. As a result of correlating variation patterns with social class membership, variation becomes a reflection of social structure and class membership. This leads to an interpretation of variation that centers exclusively on prestige. Linguistic variants favored by groups in a prestigious position are interpreted as prestige markers, as in the case of postvocalic (r) in the New York City study (Zhang, 2001:44-45).*

In 'n poging om ons kennis oor variasienavorsing uit te brei, stel Stanford (2016:525-26) voor dat die variasienavorsing meer divers moet wees, dat variasienavorsing meer navorsing oor inheemse of onderverteenwoordigde tale moet insluit. Hy is van mening dat:

> *...the majority of variationist research still tends to be centered around English or other European languages, leaving a gap in our understanding of variation in lesser-studied languages. Diversity is equally important for variationist sociolinguistics, as many non-English language communities have linguistic and cultural settings that are starkly different from the communities in Labov (1966).*

[9] *Imposition* kan beskryf word as sprekers wat 'n tweede taal aanleer wat kenmerke van hul eerste taal daaraan afdwing, gewoonlik in die loop van taalverskuiwing (Guy, 1990:3).

*Variationist research has followed the progression of many other subfields of linguistics: starting from a largely English or European perspective and then expanding to other language families. Sankoff (1980 [1976]) pioneered variationist methods for indigenous languages in Papua New Guinea, and others have followed elsewhere, providing important non-English, non-European perspectives. This work on lesser-studied languages has been increasing in recent years ... But it is fair to say that variationist sociolinguistics as a whole has not been energetically engaged with underrepresented languages.*

Dit is egter opmerklik dat vroeëre studies van sosiaal gestigmatiseerde taalvariëteite wel navorsing oor onderverteenwoordigde tale verantwoord het. Sedert sy ontstaan as ’n eiesoortige paradigma, was variasionisme gemoeid met die konfrontering van die linguistiese stereotipes van nie-standaardvariëteite deur omvattende wetenskaplike studie (Bayley, 2005:1). Sankoff (1988), soos aangedui deur Bayley (2005:1), dateer byvoorbeeld die ontstaan van variasionisme as ’n paradigma wat verskil van vorige navorsing van 1969, die jaar toe Labov se eerste betekenisvolle publikasie oor die *African American Vernacular English (AAVE) copula* verskyn het, in vergelyking met 1966, die jaar van sy vroeëre werk oor New York City gepubliseer is. Bayley (2005:1) beweer dat sprekers van ander sosiaal gestigmatiseerde taalvariëteite soos Amerikaanse Gebaretaal (Woodward, 1973), Britse Werkersklasengels (Trudgill, 1974a), Puerto Rikaanse Spaans (Poplack, 1980) en Guyanese Kreool (Rickford, 1987) vinnig by die variasie-paradigma ingesluit is.

Wat ook die moeite werd is om te oorweeg vir die konteks van hierdie studie is *Urban youth languages*, wat kontekstualisering moontlik maak om ’n dieper begrip te verkry van die linguistiese praktyke wat met ’n Suid-Afrikaanse *township*-omgewing geassosieer kan word, soos in hierdie studie die geval is. Oor die algemeen is stedelike jeugtale dié wat jong sprekers in stedelike omgewings ontwikkel het om hulself van ouer sprekers te onderskei (Kießling & Mous 2004). Stedelike jeugtaalvariëteite is bekend vir hul vindingrykheid of innovasie, veral in die leksikale domein, met semantiese verandering en ontlening (*borrowing*), en die gebruik van kodewisseling (Gibson *et al.*, 2024:909-910). Drummond (2017:642) se beskrywing is dalk meer van toepassing op die kenmerke van stedelike jeugtale, wat (1) kodeverskuiwing of kodevermenging insluit, wat verwys na kenmerke van twee of meer variëteite wat op ’n meer geïntegreerde wyse gebruik word, of (2) stylverskuiwing, waar sprekers tussen taalstyle beweeg na gelang van die aandag wat hulle aan spraak gee of hul gehoor.

Die gebruik van hierdie kenmerke deur jongmense word soms as ’n hulpmiddel vir uitsluiting gebruik sodat ’n homogene groep kan ontstaan, waar dieselfde waardes en praktyke onder dieselfde groep gedeel kan word. Dit is soms die geval met stedelike jeugtale soos onder meer

*Sheng* (Kenia), Tsotsitaal (Suid-Afrika), of *Nouchi* (Ivoorkus) wat as bendetale gekenmerk word (Mensah, 2016:2). Om hierdie rede word taal deur jongmense gebruik om identiteit te definieer, bande te versterk, groepsintegrasie te bevorder en weerstand en anti-*establishment*-gedrag te ondersteun (Mensah, 2016:2-3). Feitlik almal van elke agtergrond (of ouderdomsgroep) is egter in staat om konteksgepaste taalkenmerke te gebruik, al is dit in verskillende mate en met verskillende bedoelings (Drummond, 2017:642).

Die doel van hierdie afdeling is om 'n bondige oorsig te gee van die sleutelteoretiese en metodologiese vooronderstellings wat vereis word vir die implementering van hierdie navorsing, eerder as om 'n deeglike, kritiese ondersoek van variasie sosiolinguistiek se onderliggende aannames te verskaf. Die ontwikkeling van die drie stromings van variasiestudies word dus kortliks bespreek in 'n poging om vir linguistiese variasie te motiveer.

## 2.3 Drie stromings van variasiestudies

Die variasiesosiolinguistiese studies kan onder andere aan die hand van drie stromings verduidelik word, naamlik: *first wave* (eerste stroming), *second wave* (tweede stroming) en *third wave* (derde stroming) (Eckert, 2005, 2012). Eckert (2018) som die ontwikkeling van variasiestudies soos volg op deur die formulering van drie stromings: stedelike opnamestudies in die eerste stroming; etnografiese studies van plaaslike dinamika in die tweede stroming; en in die derde stroming het die fokus gedraai na die sosiale betekenis van variasie. Eckert gaan voort deur te noem dat met die gebruik van die driestromingsmetafoor dit maklik gesien kan word dat elke stroming die vorige een vervang, maar in werklikheid verfyn elke stroming aspekte van die vorige een. Die drie strominge is ook nie noodwendig chronologies nie, d.w.s. dat *these waves are not strictly ordered historically, and [that] no wave supersedes the previous [wave], rather all three waves are part of a whole [field of variation studies*] (Eckert, 2005:1-5). Die belangrike konsepte van variasiesosiolinguistiek word aan die hand van hierdie drie stromings bespreek (soos van toepassing op hierdie studie), waar die eerste twee stromings kortliks bespreek sal word, want die klem is op die derdestroming vir hierdie studie, wat sosiale betekenis en die konstruering van identiteite deur stilistiese praktyke beklemtoon.

### 2.3.1 Die eerste stroming

Die eerste stroming se meganisties-gebaseerde paradigma van die 1960's het vir ons breë patrone in hul totale data gegee deur aan te neem dat sosio-ekonomiese klas, geslag, ouderdom en etnisiteit die belangrikste makro-sosiologiese kategorieë is wat spraak en die stilistiese

repertorium bepaal (Hernández-Campoy, 2014:19). Deur breë korrelasies tussen linguistiese veranderlikes en die drie sosiale kategorieë van ouderdom, geslag en sosio-ekonomiese status te demonstreer, het Labov (1966) se New York City-studie gedien as die stukrag vir die eerste stroming van variasiestudies (Eckert, 2005:1).

Die volgende tendense word, onder andere, in sy studie opgemerk: 1) dat die verskil tussen die sosiale klasse nie kategories is nie, wat beteken dat geen klas gekenmerk word deur die teenwoordigheid of afwesigheid van postvokale /r/ nie; 2) dat voorkeur al hoe meer aan formele styl gegee word deur alle sosiale klasse, wat toon dat die linguistiese veranderlike 'n merker van status en styl is; en 3) dat die lae-middel-klas 'n toenemende groei in die gebruik van /r/ gehad het, veral met die *word list* en *minimal pair* style waar die lae-middel-klas die hoër-middel-klas verbyvat (Oancea, 2016:54-55). Uit vorige studies is bevind dat hoe hoër op in die sosio-ekonomiese klas beweeg word, hoe meer verlaag die nie-standaardvorme se gebruiksfrekwensie (Eckert, 2012:88).

Daar is ook ander studies wat voortbou op Labov se *Social Stratification of English in New York* (1966), wat wou uitbrei op die sosio-ekonomiese stratifikasie van linguistiese veranderlikes, wat sosio-ekonomiese stratifikasie van linguistiese veranderlikes van groter (stedelike) bevolkings (bv. Wolfram, 1969 en Macaulay, 1977) sowel as dié van 'n kleiner bevolking bestudeer. Trudgill (1974b) noem dat Labov se werk 'n wesenlike bydrae tot linguistiese teorie en praktyke gelewer het. Die konsep van die linguistiese veranderlike is hieruit ontwikkel, wat linguiste voorsien het van 'n manier om gradiënt en kategoriese linguistiese verskynsels te meet en te beskryf (Trudgill, 1974b:215). Dit het gelei tot die aanvaarding van sekere aspekte van sosiologiese metodologie (veral steekproefneming en sosialeklasindekskonstruksie), wat 'n gedetailleerde studie van die kovariasie van linguistiese en sosiale verskynsels toegelaat het (Trudgill, 1974b:215). Gevolglik word sosiolinguistiese onderhoude, leesstukke, woordelyste en linguistiese opnames/vraelyste gebruik in studies wat 'n eerstestromingraamwerk volg om hierdeur te demonstreer hoe linguistiese veranderlikes sosiale kategorieë aandui en verskillende grade van stigma of prestige kan dra binne 'n sisteem gebaseer op klas (Bakht, 2010:9).

Dit is duidelik dat die eerste stroming hoofsaaklik gemoeid was met sosio-ekonomiese stratifikasie van linguistiese veranderlikes, maar as daar gekyk word na die patrone wat die korrelasie tussen linguistiese veranderlikes en sosiale kategorieë uitlig, word daar antwoorde gegee op vrae oor wat onderliggend is aan die primêre sosiale kategorieë, wat hiermee aanleiding sou gee tot die tweede stroming (Eckert, 2005). Dus verskuif die fokus vanaf grootskaalse opnames na 'n fokus op etnografie en die individuele sprekers (Kerswill, 2010:4), met die klem op sosiale netwerke (Mather, 2012:341).

Hierdie eerstestromingraamwerk word deur Eckert (2005:3) soos volg opgesom met die hooffokusareas: 1) Groot opnamestudies van geografies gedefinieerde gemeenskappe; 2) Die sosio-ekonomiese hiërargie as 'n kaart van sosiale ruimte; 3) Veranderlikes as merkers van primêre sosiale kategorieë, wat klasgebaseerde prestige/stigma insluit; 4) Styl as aandag geskenk aan spraak, met aanduiding na prestige/stigma. Dit impliseer dat 'n meer algemene bespreking van die taalgebruik van 'n spraakgemeenskap van belang is, om vas te stel dat mense in daardie gemeenskap of daardie area tot 'n sekere taalgebruik beskik en dat 'n mate van variasie gevind kan word wanneer die sosiale kategorieë (soos ouderdom, klas, en geslag) oorweeg word. Die sosio-ekonomiese hiërargie het gehelp om te sien watter sosiale klas die meeste van die veranderlike gebruik maak, om die stigma of prestige daarvan te bepaal. Die styl (formeel of informeel) is ook 'n aanduiding van 'n persoon se taalbewustheid (aandag geskenk aan spraak), en dit sou gedoen word vir 'n spesifieke doel (bv. om 'n hoëklasstatus (prestige) te wys of om 'n bespotting van 'n sekere veranderlike te maak (indien daar 'n negatiewe of selfs positiewe konnotasie daaraan is).

### 2.3.2 Die tweede stroming

Daar is 'n fokusverskuiwing opgemerk in tweedestromingstudies. Met die eerste stroming om die groot prentjie oor variasiestudies te ontwikkel, word daar klem gelê op groot opnamestudies van geografies gedefinieerde gemeenskappe, die sosio-ekonomiese hiërargie as 'n kaart van sosiale ruimte, veranderlikes as merkers van primêre sosiale kategorieë insluitend klasgebaseerde prestige/stigma, en styl as aandag geskenk aan spraak (Eckert, 2005:3). Die tweede stroming het verder gegaan om 'n plaaslike prentjie te ontwikkel en gefokus op etnografiese studies van geografies gedefinieerde gemeenskappe, plaaslike kategorieë as skakels na demografie, veranderlikes as indeksering van plaaslik-gedefinieerde kategorieë en styl as dade van affiliasie (Eckert, 2005:15). Dit is duidelik dat daar in die 1980's 'n meer konkrete plaaslike (of plaaslik-gedefinieerde) perspektief verkry is oor die dinamika tussen variasie en sosiolinguistiese gedrag met die vestiging van die etnografies-gebaseerde paradigma van die tweede stroming, wat beweer het dat sosiale konfigurasies van komplekse verhoudings binne die sosiale netwerke van sprekers en hul mobiliteit bepaalde spraak en die stilistiese repertorium handhaaf (Milroy & Gordon, 2003; Mather, 2012:341).

Labov (1963) se Martha's Vineyard-studie word gesien as een van die eerste studies wat die plaaslike perspektief bied op mense se manier van praat. Labov het ontdek dat die gebruik van 'n verhoogde [a]-variant vir die foneme /ay/ en /aw/ op Martha's Vineyard geassosieer word onder andere met betrekkings, en meer spesifiek, die mate van aandeel aan die eiland se

vissersgemeenskap (Bakht, 2010:10). Eckert (2005:6-7), nadat sy Labov (1966) se studie bestudeer het, beklemtoon die feit dat die verskil tussen die Vineyard en die vasteland se tipiese uitsprake simboliese waarde aangeneem het. Wat uitspraak betref, meen sy dat ’n verhoogde kern in /ay/ en /aw/ ’n hoogs opvallende kenmerk van Vineyard-fonologie was. Daar is gevind dat diegene wat betrokke is by die plaaslike visvang-ekonomie hoër kern as boere getoon het, of as mense wat betrokke was by ander soorte werk en dat ’n verhoogde /ay/ jou nie bloot as ’n wingerdboer bestempel nie, maar ook met ’n sekere leefwyse op die wingerd assosieer (Eckert, 2005:7). Labov (1966:300) het ook waargeneem by die vier 15-jarige studente wat tot sy studie betrek is dat *the two down-islanders who intend to leave for careers in business and finance, show little or no centralization; the two up-islanders who hope to go to college and return to make their living on the island, show considerable centralization*. Die gebruik (of nie gebruik) van sentralisering word beskou as die linguistiese kenmerke wat in die plaaslike gemeenskap geleë is.

Data wat oorspronklik kwalitatief was, maar tot ’n kwantitatiewe maatstaf gereduseer is, is voorbeelde van ’n tweedestromingbenadering waar die klem meestal op die individuele spreker val, en etnografiese benaderings word bo vraelyste *(surveys)* verkies (Kerswill, 2010:4- 14). In wese, in die tweedestroming-sosiolinguistiese scenario, is die praktykgemeenskap (naas sosiale netwerke) krities, terwyl die spraakgemeenskap in die eerstestromingscenario ’n belangrike rol gedien het (Hernández-Campoy, 2014:19). Sosialenetwerkteorie is gebruik om die plaaslike dinamika te verantwoord om die etnografiese benadering aan te vul om die praktykgemeenskap-gebaseerde veranderlikes te ondersteun. Sosialenetwerkteorie behoort toegepas te word wanneer ander kategorieë, soos sosiale klas, onvoldoende is om die onderskeid tussen sprekers en hul interaksiegedrag te identifiseer, en wanneer die doel van die navorsing is om variasie tussen individuele sprekers te kwantifiseer (teenoor variasie tussen groepe en voorafbepaalde kategorieë te gebruik) (Milroy, 1980; Botha, 2011:55). Hierdie benadering het die veranderlikes uitgelig wat plaaslik-gedefinieerde kategorieë geïndekseer het, waar styl as aksie van (groep) affiliasie sou dien (Eckert, 2005:15).

### 2.3.3 Die derde stroming

In die eerste twee stromings van variasie-sosiolinguistiek, indekseer linguistiese kenmerke sosiale kategorieë; in die derde stroming toon taalkenmerke egter sosiale betekenisse (Bakht, 2010:11; Drummond & Schleef, 2016:53). Volgens Moore en Podesva (2009:449) verwys sosiale betekenis na die betekenis wat aan sosiale personae toegeskryf word, of die manier waarop ’n spreker hulself uitdruk. Dit beïnvloed sprekers se keuse van variant wanneer hulle rolspel beoefen

of oorskakel na ’n spesifieke *persona* (Moore & Podesva, 2009:449; Mohamad, 2020:61). Anders gestel, in spraakproduksie verwys sosiolinguistiese variasie na linguistiese kenmerke waarvan die variante ’n sosiale en/of stilistiese betekenis aandui: verskeie maniere om dieselfde ding te sê, ten spyte van die sosiale betekenis van die alternatiewe (Hernández Campoy, 2016:53). Verder, die feit dat sprekers in staat is om linguistiese variasie in die werklike wêreld te gebruik, impliseer dat linguistiese kenmerke sosiale betekenis het (Podesva, 2012:325). Waarna Eckert verwys as derdestromingvariasiestudies is die mees onlangse paradigma in sosiolinguistiese navorsing, wat identiteit beskou as dinamies en (gedeeltelik) gevorm deur spraakpatrone (Mohamad, 2020:61). Vanuit hierdie standpunt, was die linguistiese veranderlikes wat sosiale betekenisse het ten einde groepidentiteite te skep, van belang vir hierdie studie.

Ander sosiolinguistiese korrelasies word ook gemaak. Volgens Blommaert en Rampton (2011:4) is een van die sosiolinguistiese korrelasies die *dekonstruksie van taal*, wat verwys na tale wat nie meer beskou word as begrensde (*bounded*) sisteme wat aan begrensde gemeenskappe gekoppel word nie, maar eerder as versamelings van verskillende style en registers wat in ooreenstemming met genres, sprekerverhoudings en aktiwiteite vervaardig word. In plaas van verbeelde spraakgemeenskappe, soos alle sprekers van ’n nasionale taal, kan hierdie semiotiese rolspel (*enactments*) nou gesien word in kleinskaalse praktykgemeenskappe waar mense gereeld in-persoon interaksies het (Beyer, 2014:248). Hierdie ooreenkomste stel ons in staat om te begin begryp hoe innovasie ontstaan, hoe kenmerke en veranderlikes versprei om style te skep, en hoe hierdie elemente uiteindelik bydra tot die proses om ’n (sub)kulturele identiteit te konstrueer (Beyer, 2014:248).

Die skep van semiotiese verbande tussen linguistiese vorme en sosiale betekenisse is ’n breër definisie van die konsep van *indeksikaliteit* (Bucholtz & Hall, 2005:594; ook in Ochs, 1991; Silverstein, 2003). Ideologiese strukture speel ’n groot rol in identiteitvorming omdat skakels tussen taal en identiteit gebaseer is op kulturele sienings en ideale, of ideologieë, met betrekking tot die tipe sprekers wat spesifieke tipes taal (kan of moet) produseer (Bucholtz & Hall, 2005:594). Benítez-Fernández (2023:2) is van mening dat ’n verskynsel se indeksikaliteit kan verander afhangende van ’n persoon se affiliasie met ’n sekere groep sowel as die persona of styl wat hulle kies om aan ’n spesifieke gespreksgenoot oor te dra. Dit is duidelik uit Zhang (2005:440) se twee plaaslike personas, *Beijing smooth operator* en *alley saunterer*, waar ’n sekere taalkenmerk of uitspraak met ’n sekere *persona* geassosieer kan word. Wanneer makro-sosiologiese kategorieë nie in staat is om linguistiese verskeidenheid en verandering te verklaar nie, gee dit ons ook ’n manier om die sosiale betekenis wat aan verskeie taalvorme toegeskryf word, te bepaal, wat ons in staat stel om die oorsake van hierdie verskynsels te veronderstel (Benítez-Fernández, 2023:2).

Bakht (2010:12) meen dat *personae*-konstruksie die studieveld verbreed vanuit 'n ander perspektief deur alle linguistiese data wat 'n sosiale doel dien betekenisvol en relevant te maak, eerder as om die identifikasie van variante wat oor tyd verander as die mees bruikbare data te beskou.

Derdestromingvariasienavorsing beskou ook taalgebruik as die konstruering van identiteite deur stilistiese praktyk eerder as om algemene identiteite te reflekteer (Eckert 2012: 94; Drummond & Schleef, 2016:53). Alhoewel die term *styl* in variasie-sosiolinguistiek histories gebruik is om intraspreker-variasie in taalgebruik te beskryf (bv. Labov, 1972), definieer meer onlangse metodes styl as 'n repertoire van linguistiese vorme wat aan personas of (groep)identiteite gekoppel is (Bucholtz & Hall, 2005: 596-597). Met ander woord styl word beskou as 'n groepering van linguistiese hulpbronne wat verband hou met sosiale betekenis aangesien hierdie sosiolinguisties betekenisvolle variasie sprekers se keuses insluit, wat sterk beïnvloed word deur beide linguistiese en sosiale faktore (Eckert, 2001:123). Trouens, die styl is nie net die produk van die konstruksie van sosiale betekenis, of selfs die lokus van die konstruksie van sosiale betekenis nie; dit is wat die onderhandeling van sulke betekenis moontlik maak (Eckert, 2001:126; sien ook Hernández-Campoy, 2016:54). Sekere style kan ook 'n negatiewe konnotasie daaraan hê. In sommige kontekste kan 'n informele styl as brutaal, onbeskaafd, onbeskof, selfs dreigend beskou word (Eckert, 2004).

Irvine (2001) voer aan dat 'n styl moontlik is deur die persepsie van linguistiese kenmerke (of "indekse") van 'n spesifieke sosiale groep wat sosiale betekenis dra, wat beïnvloed hoe individue hul eie sosiale omgewing en hul plek daarin sien. Volgens Buchholtz en Hall (2005) druk tieners in Kalifornië byvoorbeeld hul identiteit as óf *popular* óf *geeky* uit deur gereeld een aanhalingsvorm bo 'n ander in ontmoetings te gebruik. Dit sal bevestig wat Eckert (2005:24) as 'n stilistiese praktyk beskou, waarin *people combine a range of existing resources to construct new meanings or new twists on old meanings.* Mohamad (2020:61-62) wys daarop dat *styl* bykomende semiotiese aanduidings van sosiale verskille in kan sluit, soos gewoontes, voorkoms en kleredrag, benewens linguistiese hulpbronne. Moore en Podesva (2009) noem ook dat wanneer sprekers aktief in ooreenstemming met style geklassifiseer word, kan style gereïfieer word. Soos in die geval van Eckert se *jocks* en *burnouts* (1988, 1989), *the act of labeling someone "burnout" makes burnout style visible in ways that other styles may not be. The reification of a style generates a social category, which may be salient as a local level persona ("burnout") and/or as a structural demographic social type ("working class")* (Moore & Podesva, 2009:449). Die sosiale betekenisse van styl noodsaak dikwels etnografiese navorsing om groepe aan die lig te bring wat, hoewel hulle oënskynlik soortgelyk is vanuit 'n breër analitiese perspektief, duidelik

onderskei word wanneer etnografiese besonderhede noukeurig ondersoek word (Bucholtz & Hall, 2005:596-597).

Taalregistrasie *(enregisterment)* is nog ’n sleutelbegrip in die derdestromingraamwerk. Agha (2003) het die term *enregisterment* geskep, wat gedefinieer word as die proses waardeur verskillende vorme van spraak sosiaal erken word as indeksikaal van sprekerskenmerke deur ’n bevolking (Agha, 2005:38). Anders gestel, verwys taalregistrasie na die gebruik van ’n taalvorm wat deel vorm van ’n register, wat ’n spesifieke styl voorstel wat aan ’n bepaalde identiteit gekoppel kan word en spesifieke betekenisse indekseer (García-Vidal, 2023:6-7). In die geval van jongmense, maar nie net tot hulle beperk nie, is identiteit nie ’n statiese konsep nie; dit word eerder gevorm deur ’n individu se vermoëns, inherente eienskappe, genetiese aanleg, stokperdjies en politieke en historiese ontwikkelinge (Baimyrza *et al.*, 2024:248). Die keuses wat ’n persoon in verskeie kontekste maak, het ’n impak op hoe hul linguistiese identiteit gevorm word (Baimyrza *et al.*, 2024:250), wat beteken dat identiteit gekonstrueer word (onder andere) deur verskeie verskillende indeksikale prosesse, *stance taking* (houding inneem), styl- en kodekeuse (Bucholtz & Hall 2005:598). In Londen, byvoorbeeld, waar hibriede variëteite en kodes help om etniese skeidings te oorbrug, blyk die primêre doel van adolessente se linguistiese praktyke te wees om (sosiale) identiteit te bou (Beyer, 2014:249). Met behulp van ’n verskeidenheid linguistiese en ander semiotiese reservoirs, word stedelike omgangstaal deur hoofsaaklik adolessente gebruik om ’n mate van straatgeloofwaardigheid te bevestig (Beyer, 2014:249). Oor hul *stance taking* gebruik Moore en Podesva (2009:448) die *burnouts* om die konsep duidelik te maak. Hulle noem dat:

> *a group of “burnouts” (stance taking subjects) in a high school in suburban Detroit more frequently employ negative concord than do their “jock” counterparts. Negative concord indexes a rebellious stance built in opposition to the school (the evaluated object), a stance that burnouts take more than their jock peers (with whom the burnouts disalign). That burnouts use more of this feature has less to do with their identification as burnouts per se than it has to do with the rebellious stances burnouts habitually recruit.*

Met die klem op etnografiese studies van praktykgemeenskappe, het ’n derde stroming van variasiestudies ’n meer stilistiese houding ingeneem, en veranderlikes beskou as aanwysers van houding en aktiwiteite en sprekers se gebruik van style om ’n sosiale persona te skep (Mather, 2012:341). Mather (2012:341) bevestig dat sosiale praktyke en institusionele betrokkenheid ook ’n beduidende rol speel, en dat linguistiese variasie nie net met sosiale groeplidmaatskap geassosieer word nie.

Om te verstaan dat ’n sekere stilistiese variant as ’n indeks vir ’n spesifieke sosiale betekenis dien, moet die konsep *performance* (uitvoering) oorweeg word (Plato, 2021:66). Volgens Bell en Gibson (2011:558) beklemtoon uitvoering linguistiese variante wat doelgerig herhaal word en laat sprekers toe om kreatief en selfbewus te wees. Hulle gaan voort deur te sê dat uitvoering die rol beklemtoon wat doelgerigte linguistiese voorstelling en agensiewe gedrag speel in die generering van sosiale betekenis (Bell & Gibson, 2011:559). Plato (2021:66) beweer dat dit ook ’n semiotiese raamwerk van voorafbestaande, toeganklike betekenisse veronderstel waarbinne die uitvoering uitgevoer word en betekenis daaraan ontleen. Daarom is uitvoerders beide draers van gebruike en praktyke en moderniseerders van oorspronklike taalgebruik (Bell & Gibson, 2011:559).

Indeksikale verbande wat die skepping van sosiale betekenisse aandui of daartoe bydra, kan tydens ’n uitvoering onder die gehoor se aandag gebring word en word dan herinterpreteer of versterk (Bell & Gibson, 2011:561). Volgens Bucholtz en Hall (2005:594) is indeksikaliteit ook die proses waardeur identiteit gevorm word. Afhangende van die gespreksgenoot, onderwerp of konteks, stel indeksikaliteit ons in staat om te ondersoek hoe sprekers hul eie styl aanpas en die verskillende identiteite skep wat hulle kan kies om in ’n verskeidenheid verskillende kontekste te integreer (Benítez-Fernández, 2023:2). Aangesien die verhouding tussen identiteit en taal gebaseer is op (sub)kulturele sedes en oortuigings (of ideologieë) oor die tipe sprekers wat bepaalde tipes taal produseer, is identiteitvorming noodsaaklik vir die manier waarop linguistiese vorme gebruik word om identiteit te konstrueer en word sterk beïnvloed deur ideologiese strukture (Bucholtz & Hall 2005:594). Hierdie siening is nie net van toepassing op individuele identiteit vorming nie, maar ook vir groepidentiteite, wat saam met of onder praktykgemeenskappe bestaan.

Een indeksikale eienskap wat bydra tot die sosiale betekenisse wat jongmense bou en benut, is taal, maar dit is hul praktykgemeenskap wat hulle help om hul oortuigings oor te dra (Mensah, 2016:5). Dit is opmerklik dat ’n praktykgemeenskap nie noodwendig ’n spraakgemeenskap impliseer (of daarmee verwar word) nie. Volgens Labov (1972) (aangehaal deur Bakht, 2010:16) kan ’n spraakgemeenskap soos volg beskryf word:

> *The speech community is not defined by any marked agreement in the usage of language elements, so much as by participation in a set of shared norms; these norms may be observed in overt types of evaluative behavior, and by the uniformity of abstract patterns of variation which are invariant in respect to particular levels of usage.*

Vorige navorsing het voorgestel dat ’n spraakgemeenskap ’n versameling sprekers is wat ’n stel

linguistiese ideale deel (Labov, 1966:202). Nog ’n manier om hierdie argument te versterk, is om te argumenteer dat linguistiese stratifikasie in stedelike samelewings ’n direkte weerspieëling is van onderliggende sosiale ideale eerder as gewoontes wat deur noue kontak geskep word en deur kommunikasiesisteemdiskontinuïteite onderskei word (Labov, 1966:202). Eckert (2000:34-35) maak daarom die volgende onderskeid tussen spraakgemeenskap en praktykgemeenskap, waarvan sy die praktykgemeenskap verkies vir haar bekende *Jocks-Burnouts*-studie: die konsep spraakgemeenskap is gebaseer op beide die plek waar sprekers woon en die daaglikse aktiwiteite waarby hulle betrokke raak, terwyl praktykgemeenskap verwys na die vlak van sosiale organisasie waarop individuele en groepidentiteit gebou word. Die konsep wat dus meer van toepassing is vir hierdie studie, is die praktykgemeenskap; hierdie studie wil ’n beskrywing bied van die kenmerkende grammatikale veranderlikes soos opgemerk in spesifieke sosiale groeperings se gesproke taal.

Eckert en McConnell-Ginet (1992:464) bou voort op Lave en Wenger (1991) se werk, en definieer ’n praktykgemeenskap as *an aggregate of people who come together around mutual engagement in an endeavour. Ways of doing things, ways of talking, beliefs, values, power relations – in short practices – emerge in the course of this mutual endeavour*. Die term *community of practice* (praktykgemeenskap) is deur sosiale wetenskaplikes vir ’n verskeidenheid analitiese doeleindes gebruik, maar die primêre bron en gebruik daarvan is in leerteorie (*learning theory*) (Wenger-Trayner & Wenger-Trayner, 2015). Lede van ’n praktykgemeenskap bou ’n gedeelde repertorium van praktyke, insluitend linguistiese praktyke, deur hul interaksies en wedersydse leer en dit is wat hulle ’n gemeenskap maak, hetsy harmonieus of teenstrydig (Sztangret, 2014; Strycharz-Banaś *et al*., 2022:43). Volgens Eckert (2003:44) kyk hierdie benadering tot ’n spraakgemeenskap/praktykgemeenskap na gedeelde gedrag, houdings en repertoriums om te ondersoek hoe mense taal gebruik om verskillende identiteite in verskeie omstandighede te skep. Sy noem verder dat die sosiale evaluasies en karakterisering van individue en groepe binne die praktykgemeenskap, sowel as hul stilistiese praktyke, ’n beduidende rol speel in hierdie betekenisskeppingsproses. In die proses om stilistiese hulpbronne betekenis te gee, evalueer sprekers dit as moontlike hulpbronne vir hul eie stylgebruik (Eckert, 2003:44). Wenger (1998) (vlg. Sztangret, 2014:191-92) verbind die idees van praktykgemeenskap – dit wil sê wat ’n samehangende gemeenskap daarstel – deur die drie komponente van betrokkenheid, onderneming en repertorium te gebruik. Wenger (1998), soos aangehaal deur Sztangret (2014:191-92), beskryf hulle as konstitutiewe of definiërende dimensies van praktykgemeenskappe:

- Wedersydse betrokkenheid (*engagement*): Deur gereelde praktykverwante interaksies

bou lede die praktyk en die gemeenskap.

- Gesamentlike onderneming (*enterprise*): Lede onderhandel die beginsels van hul gemeenskap as ’n groep en hou mekaar verantwoordelik vir die nakoming van hierdie begrip.
- Gedeelde repertorium (*repertoire*): Soos die tyd aanstap, bou lede ’n versameling gedeelde hulpbronne op wat hulle help om meer effektief te kommunikeer.

Om dus ’n praktykgemeenskap te hê, moet ’n groep al drie hierdie kenmerke hê sodat dit kan bestaan (Murillo, 2011:5; Sztangret, 2014:192; Strycharz-Banaś, 2016:669), maar dit is nie noodwendig nodig vir lede van ’n praktykgemeenskap om elke dag saam te werk nie (Wenger-Trayner & Wenger-Trayner, 2015). In die sosiolinguistiek het praktykgemeenskappe gewild geword vanweë hul klem op die onderhandeling van identiteite in aksie en hul ontluikende en buigsame aard, wat die sosiaal-konstruksionistiese benadering in baie sosiale wetenskappe aangevul het (Strycharz-Banaś *et al.*, 2022:43). Baie van die belangrike sosiolinguistiese studies van praktykgemeenskappe, volgens Strycharz-Banaś *et al.* (2022:43), konsentreer op hoërskoolleerlinge, ’n sosiale stadium wat algemeen erken word om gekenmerk te word deur buitengewoon lewendige en aktiewe identiteitseksperimentering en identiteitsvorming (Moore, 2006; Mendoza-Denton, 2008; Drager, 2015; asook onder kinders, sien Eckert en McConnell-Ginet, 1999 en met volwassenes, sien Strycharz-Banaś, 2016).

Soos reeds genoem, het vorige studies ’n gereelde en herhaalbare patroon van sosio-ekonomiese stratifikasie van linguistiese veranderlikes gevestig, waarin die gebruik van niestandaard, insluitend geografies en etnies kenmerkende variante, korrelasie met sosio-ekonomiese status getoon het (Eckert, 2005). Eckert (2005:2) noem dat daar ook ’n gereelde stilistiese stratifikasie van linguistiese veranderlikes op alle vlakke in die sosio-ekonomiese hiërargie getoon word, waar die gebruik van nie-standaard en kenmerkende streeksvariante met informaliteit van styl gekorreleer kan word. ’n Voorbeeld waar hierdie patrone (gedeeltelik) opgemerk kan word, is in die etnografiese studie van adolessente in ’n hoërskool van ’n oorwegend wit voorstad van Detroit deur Eckert (1989, 2000) uitgevoer. Al vorm haar etnografiese studie deel van die tweede stroming, het Eckert se bevindinge gefokus op linguistiese variasie wat gekoppel was aan adolessente se praktykgemeenskappe. Die kern van hierdie praktykgebaseerde benadering is die waarneming of direkte ontlokking van gedeelde norme en oortuigings wat belangrik geag word vir die vorming en manifestasie van (groep)identiteite (Drummond & Schleef, 2016:52-53).

*Labelling* (etikettering) kan ook hand aan hand gaan met praktykgemeenskappe. Jongmense kan

hulself in ’n praktykgemeenskap bevind wat sosiale onderskeidings insluit wat deur etikettering geskep en in stand gehou word (Eckert, 2003:114). Volgens Eckert (2003:114) bevestig die blote feit dat ’n sosiale tipe dit moontlik maak vir ’n kategorie om te bestaan, wat dit moontlik maak om in gewone gesprek gebruik te word, waar daar geëtiketteer word terwyl ons praat om gevolglik sosiale betekenis te skep. Sy gaan voort deur te sê dat betekenis aan etikette in spraakaktiwiteite gegee word soos om afwesige individue te beskryf, persone aan ander uit te wys en waarnemings en oordele oor hulle te maak. Deur dit te doen, word kategoriserings gevestig en is praktykgemeenskappe onderskeibaar.

Oor die algemeen aanvaar derdestromingkonsepte nie dat alle sprekers in ’n samelewing dieselfde taal praat nie; daar word eerder erken dat elke spreker ’n verskeidenheid van linguistiese registers en style tot hul beskikking het wat vir verskeie kommunikasiedoeleindes gebruik word (Beyer, 2014:248). Groepopnames wat bloot algemene sosiale kategorieë, soos ouderdom of geslag, oorweeg, versuim gewoonlik om verskille binne elke kategorie in ag te neem (Eckert, 2005). Daarom kan die fokus op afsonderlike sosiale kategorieë ander meer betekenisvolle verskille binne hierdie kategorieë en die onderliggende (plaaslike) dinamika verbloem (*obscure*), wat dikwels uitgelig word onder tweede- of derdestromingraamwerke.

Soortgelyk aan Bakht (2010), is ’n spraakgemeenskapsmodel dus nie die optimale raamwerk om te gebruik om toegang te verkry tot die soort veranderlikheid wat vir hierdie studie van belang is nie: die variasie wat ondersoek word, is intern tot die spraakgemeenskap en die vlak van sosiale detail is op ’n vlak van detail waarvoor die spraakgemeenskap nie bedoel is nie. Vanuit die standpunt van differensiasie in plaaslike linguistiese praktyke volg dit nie noodwendig die maniere om sosiale groeperings te oorweeg vir hul linguistiese keuses wat deur die lede van die groep gemaak is nie, waarvoor ’n mikro-fokus vereis word deur ’n toepaslike mikro-analitiese metodologie aan te neem om hierdie siening te vergesel.

## 2.4 Distribusionistiese en konstruksionistiese benaderings

### 2.4.1 Distribusionistiese benaderings

Daar kan aan die hand van verskillende metodologieë beter sin gemaak word van variasionistiese sosiolinguistiese studies. Navorsers wat byvoorbeeld distribusionistiese metodologieë gebruik, begin met ’n stel gespesifiseerde eksterne taalveranderlikes en dan word die linguistiese gedrag geëvalueer teenoor hierdie veranderlikes (Botha, 2011:53). Saam met Labov (1966, 1972) het Trudgill (1974), soos aangedui deur Botha, (2011:50-51), die grondslag gelê vir die navorsingsmetodes en beginsels van ’n distribusiebenadering in variasie-

sosiolinguistiek. Volgens Botha (2011:50-51) kan die volgende noodsaaklike komponente van die distribusionistiese metode soos volg opgesom word:

- ’n Steekproef wat gestratifiseer is volgens sekere eksterne linguistiese (buitetalige) veranderlikes, soos sosiale klas, ouderdom, geslag, geografiese ligging, ens.
- ’n Opnamemetode, wat dikwels die vorm van ’n vraelys en/of onderhoud aanneem.
- ’n Stel linguistiese veranderlikes, voorafbepaal deur die linguis self.
- Verspreiding van die linguistiese veranderlikes met betrekking tot die eksterne linguistiese veranderlikes.
- Kwantitatiewe data-analise wat hipoteses ondersteun en bewyse vir variasie verskaf.

Verder noem hy dat in hierdie metode die navorser tipies al die taal- en eksterne linguistiese veranderlikes vooraf bepaal.

Om ’n aanduiding te kry van die groter sosiale faktore (soos klas, ouderdom en geografiese herkoms) wat ’n rol kan speel in taalvariasiepatrone in bruin jeugdiges se spreektaal, steun hierdie studie deels op die distribusionistiese metodologie. ’n Bespreking van die relevante sosiale faktore is daarom sinvol ten einde die Suid-Afrikaanse konteks waarin jeugdiges se taalgebruik gekonstrueer word, beter te verstaan. Dus sal die kwantitatiewe metode, wat in hierdie studie gekies is, help om bewyse van taalvariasie te verskaf, wat ’n aanduiding gee watter sosiale groeperings meer geneig is om kenmerkende grammatikale veranderlikes te gebruik wat eie is aan die sosiale groep(e).

### 2.4.2 Konstruksionistiese benadering

Hierdie studie oor bruin jeugdiges se gesproke taal steun deels op die konstruksionistiese benadering met die oog op die interpretasie van die sosiale betekenispotensiaal van die gebruik van kenmerkende grammatikale veranderlikes. Deur ’n mikrobenadering te gebruik, ondersoek hierdie navorsing gesprekke met verskeie sprekers om te verduidelik hoe die gereelde gebruik van linguistiese veranderlikes sosiale veranderlikes indekseer.

Konstruksionistiese benaderings, in teenstelling met distribusionistiese benaderings, fokus op die maniere waarop sosiale akteurs voortdurend hul eie identiteite sowel as dié van hul groepe konstrueer en herskep deur taal en ander kulturele hulpbronne te gebruik (Schilling-Estes, 2004:163). Ten einde die aard van die indeksikale verbande tussen linguistiese en buitelinguistiese (*extralinguistic*) veranderlikes meer akkuraat te verantwoord, het

derdestromingsosiolinguiste, aan die begin van en later in die een-en-twintigste eeu, die individualiteit van sprekers beklemtoon deur ’n konstruksionistiese benadering te gebruik wat gebaseer is op die spreker se agentskap (individuele optrede), houding en performatiwiteit (Hernández-Campoy, 2014:19). Volgens Schilling-Estes (2004:163) beklemtoon konstruksionistiese metodes dat (a) identiteit dinamies is; (b) identiteit kompleks en multidimensioneel is; en (c) agentskap – dit wil sê wat mense met taal doen – is betekenisvol (sien ook Botha, 2011:61). Nog ’n manier om dit te stel is dat sosiale konstruksionisme daarop gemik is om die maniere te begryp waarop individue die wêreld en hulself beskryf, interpreteer en uiteindelik sien (Legg & Stagaki, 2002; McCullough & Anderson, 2013:251): dit wat mense, spesifiek jeugdiges, doen met taal om hul groeplidmaatskap te bevestig.

’n Belangrike konsep van sosiale konstruksionisme is diskoers, wat verskillend geïnterpreteer is deur twee benaderings wat binne die teorie na vore gekom het: die makro- en die mikrobenadering (Burr, 2015:224).

i. Volgens die makroperspektief is diskoerse alledaagse benaderings om mense of dinge te bespreek of uit te beeld (in geskrewe materiaal, films, beelde en selfs geboue en ander fisiese ruimtes) en hierdie diskoers help om ons persepsie van daardie individue en objekte in sosiale interaksies te skep.
ii. In die mikrobenadering word diskoers egter verstaan as verwysende na ons gereelde taalgebruik, veral terwyl ons met ander praat. Die fokus hier is op die konstruktiewe werk wat mense in interaksies doen.

## 2.5 Eksterne veranderlikes

Wolfram (2006), soos aangedui deur Botha (2011:41), wys daarop dat demografiese faktore (bv. ouderdom, sosiale klas, ensovoorts), bepaalde sosiale groepe en sosiale praktyke van verskillende soorte (bv. sosiale netwerke, onder andere), interaksionele dinamika van intraspreker-uitwisseling (bv. magsverhoudings) en inter- sprekervariasie (bv. registers, persoonlike style) is van die eksterne veranderlikes wat geassosieer word met die relatiewe frekwensie van wisselende variante. Vir hierdie studie word die praktykgemeenskap-benadering oorgeneem, waarin jeugdiges en geslag sowel as sosiale groeperings beskou word as die sosiale kategorieë waarin kenmerkende grammatikale veranderlikes kwantitatief ontleed sal word.

### 2.5.1 Jeugdiges

Die linguistiese praktyke van jongmense verskaf 'n magdom empiriese data vir diegene wat belangstel om taalverandering en variasie te verstaan (Jonsson *et al.*, 2019:259). Eckert (1997:164), soos aangehaal deur Bakht (2010:5), tref byvoorbeeld 'n onderskeid tussen jonger en ouer sprekers deurdat adolessensie is *the life stage in which speakers can push the envelope of variation* en dat volwassenes gesien kan word om meer konserwatief te wees in hul gebruik van veranderlikes as jonger ouderdomsgroepe. Daar word dikwels voorgestel dat die spraakgemeenskap 'n linguistiese verandering ondergaan wanneer jonger sprekers meer linguistiese variante gebruik as ouer sprekers (Bakht, 2010:5). Bakht (2010:5) wys daarop dat daar nie van adolessente verwag word om by volwasse samelewingsnorme betrokke te raak nie en dat groter linguistiese vryheid op hierdie stadium in die leeftyd toegelaat word sonder ernstige gevolge. Dit is ook belangrik om te onthou dat nie alle adolessente tot dieselfde taalgebruik beskik nie, wat in teenstelling met die sosiale konserwatisme wat die volwassenes in hul lewens meer geneig is om te openbaar (Bakht, 2010:6).

Gibson *et al*. (2024:910) beweer dat navorsing oor jong mense se taalgebruik in Afrika, waarna gereeld as *jeugtaal* verwys word, in die laat 1980's begin het. Jeugtale is 'n eiesoortige tipe stedelike taal wat onderskei word deur linguistiese vernuwing, vinnige verandering en die kortstondige aard van woordeskat wat daaruit voortvloei (Beck, 2010:12). Sommige vroeë werke het jeugtale behandel as gepidginiseerde of hibriede vorme van taal; in daardie studies word die terme *pidginisering* of *hibriditeit* gereeld gebruik om onder andere te verwys na 'n verskeidenheid linguistiese manipulasies, 'n vereenvoudiging van tyd-aspek-stelsels (Gibson *et al.*, 2024:910). Ander vroeë navorsing het gefokus op kodevermenging of kodewisseling as leidende konsepte en het jeugtaal hoofsaaklik vanuit 'n kontakperspektief ontleed (Gibson *et al.*, 2024:910). Meer onlangse studies in die Suid-Afrikaanse konteks beklemtoon tieners (of jeugdiges) se *sleng* taalgebruik. Navorsing oor tieners of jong mense se *sleng*gebruik sluit in dié van Webb (1989), Mfusi (1992), Marais (2005), Bembe, (2006), Holland (2024). Ander studies sluit subkulturele tale (bv. Tsotsitaal of Flaaitaal) in (soos Mesthrie (2008), Mesthrie & Hurst (2013), Olivier (2015), en Hurst (2018), onder meer).

Nog 'n element wat met jeugdiges geassosieer word, is byname. Byname vir jeugdiges dien nie net as hulpmiddel om algemene aspekte van jeugtaal te bereik nie, soos vindingrykheid, identiteit vorming, bende-invloed, ensovoorts, maar toon aan dat byname gepaard gaan met jongmense se sosiale ervarings en hul linguistiese patrone en houdings, benewens as 'n maatstaf van 'n groep se identiteit (Mensah, 2016:6). Drummond (2017:657) het byvoorbeeld opgemerk dat *from*

*the outside, the use of 'you get me' or 'ting' or other particular pronunciations might well index aspects of ethnicity, while on the inside, it simply indexes teenage, or masculinity, or 'street'.*

Die term *anti-taal* word dikwels gevind in besprekings van stedelike (*township*) jeugtaal, wat dikwels linguistiese variëteite van die onderwêreld beskryf, soos *argots*, wat doelbewuste skeppings is deur spesifieke sosiale groepe wat poog om 'n *in-group* identiteit te vestig (Simango, 2021:15). Taalvariëteite wat dikwels onder stedelike (*township*) jeugtale val (bv. Tsotsitaal, Flaaitaal, Gamtaal) is geneig om eksklusief van aard te wees, wat dikwels net deur *in-group* lede gepraat word. Simango (2021:16) wys egter daarop dat jeugtale ook sekere eienskappe buite geheimhouding het, soos innovasie en kreatiwiteit, wat dit aantreklik maak, wat toelaat dat sekere innovasies in die hoofstroom variëteite filtreer. Bygesê, stedelike (*township*) jeugdiges in Suid-Afrika het nog altyd daarna gestreef om te klink asof hulle aan 'n *cool* straatbende of subkulturele groep behoort (Beyer, 2014:249).

### 2.5.2 Geslag

Omdat geslag sentraal is in variasiestudies, word daar dikwels onderskeid getref tussen geslagte se taalkenmerke en -voorkeure. Die studie van geslagsverskille, wat gefokus het op die meetbare variasie tussen mans en vroue se gebruik van spesifieke taalkenmerke, veral fonologiese veranderlikes, was die primêre manier waarop geslagskwessies vroeër binne die sosiolinguistiek ondersoek is (Bucholtz, 2002:33). In 'n vroeë voorbeeld van die korrelasie tussen taal en geslag, het Labov (1990) gevind dat (1) mans 'n hoër frekwensie van nie-standaardvorme as vroue in stabiele sosiolinguistiese stratifikasie gebruik; (2) vroue bevoordeel die inkomende prestige vorme meer as mans in verandering[10] van bo; (3) en vroue is meestal die innoveerders in verandering van onder. Anders gestel, vroue maak gebruik van gestigmatiseerde variante tot 'n mindere mate en prestige variante tot 'n groter mate as mans; terselfdertyd aanvaar hulle prestige-vorme gouer as mans, en innoverende vorms word met 'n hoër frekwensie by vroue gevind (Labov, 2001:291).

Dit blyk dat jongmense se geslagsverskille hierdie opvatting ondersteun, maar dit kan ook daarvan afwyk in sekere kontekste. Van vroeë adolessensie af is daar ongetwyfeld 'n algemene tendens dat seuns meer ooglopende nie-standaardvorme as meisies gebruik, ten minste wat

[10] Volgens Oancea (2016:64) kan verandering van bo verwys na vorme wat deur die dominante sosiale klas (nie noodwendig die hoogste een nie) voorgestel word, terwyl verandering van onder na vorme verwys wat nie deur buite-linguistiese (sosiale) faktore gedryf word nie. Dit kan sistematiese veranderinge bevat wat eerste in die natuurlike spraak voorkom, en die werking van interne, linguistiese faktore verteenwoordig en deur enige sosiale klas voorgestel kan word (Oancea, 2016:64).

grammatika betref (Eckert, 2003:387) en daar is ook gevalle hiervan op ’n vroeër stadium (bv. Macaulay 1977; Romaine 1984; Eisikovits 1987).

Fischer (1958) het verder gegaan en nie net in sy studie van laerskoolkinders gevind dat seuns minder voorkomste van *-ing* (standaardvariant) as meisies gehad het nie, maar dat tipiese seuns minder *-ing* as model-seuns gebruik. ’n Onderskeid word ook gemaak tussen sosio-ekonomiese status en geslag, waar Macaulay (1977) gevind het dat die middelklasseuns deurgaans meer omgangstaalvariante as die middelklasmeisies gebruik het en soos mens egter deur die laer-middelklas en hoër-werkersklas beweeg, verminder die verskil, en in die laer werkersklas verdwyn dit óf ruil om. Daarbenewens het hy daarop gewys dat meisies vanuit die laer werkersklas beduidend meer omgangstaalvariante as seuns gebruik, terwyl seuns beduidend meer as meisies van ander variante gebruik maak, en dat daar selfs geensins geslagsverskille in ander variante mag wees nie. Mesthrie (2017) het byvoorbeeld, in ’n studie van die Engelse schwa-vokaal in die Suid- Afrikaanse konteks, gevind dat jong swart vroulike sprekers vinniger as mans die Engelse schwa- vokaal aangeleer het (Mesthrie, 2017).

Volgens Cheshire (1997) is adolessente seuns in Reading se voortdurende gebruik van informele vorme meer ’n aanwyser van hul lojaliteit aan die omgangstaal, maar nie vir adolessente meisies nie, en dat dit ook ’n aanduiding van die seuns se toewyding aan die *vernacular* kultuur kan wees. Maar Eckert (2003:392) het gevind dat wanneer daar gekyk word na sekere sosiale groepe, daar gevind word dat meisies lei in die gebruik van omgangstaalvariante. Sy het opgemerk dat die *jock*-meisies meestal van die standaardtaal gebruik maak, terwyl die *burnout*-meisies die omgangstaal verkies. Terwyl dit ook opgemerk word dat nie alle *burnout*-meisies omgangstaalvariante meer as *burnout*-seuns gebruik nie, maar dat die meeste omgangstaalsprekers in die skool ’n groep meisies is wat bekend is as die *wildest burnouts* (Eckert, 2003:392).

### 2.5.3 Sosiale groeperings

Met die bespreking van groeplidmaatskap moet daar met omsigtigheid na die definisie van groepidentiteit gekyk word. Dit is vir navorsers, volgens Wardhaugh en Fuller (2021:55), belangrik om te onthou dat die groepe wat ons in verskillende navorsingstudies bespreek dikwels groepe is wat ons spesifiek vir ons ondersoeke gevorm het deur sekere kenmerke te kombineer. Dit sal onverantwoordelik wees om te dink dat sprekers ook hul groeplidmaatskap in ooreenstemming met hierdie nuttige en belangrike konstruksies sal beskryf; verder, om van enige lid van so ’n groep te sê dat hy of sy altyd ’n sekere kenmerkende gedrag sal toon, is om ’n stereotipe in die

hand te werk (Wardhaugh & Fuller, 2021:55-56). Alhoewel elke groep ’n unieke kenmerk het wat hulle van ander groepe onderskei, word daar dikwels stereotipes geskep en gevestig uit daardie verskille (Fitriani, 2017:780). Dit is daarom belangrik om nie veralgemenings oor groepe te maak wat tot sekere kenmerke beperk kan word nie. In plaas daarvan om breë gevolgtrekkings te maak, soek sosiolinguiste (en sosiale wetenskaplikes) juis na patrone in data wat sosiale faktore met taalgebruik verbind terwyl individuele verskille sowel as die unieke gedrag en ervarings wat elke groep definieer, in ag geneem word (Wardhaugh & Fuller, 2021:55-56). Daar sal vanuit hierdie standpunt ’n bespreking van die korrelasie tussen taalgebruik en die verskillende sosiale groeperings van belang vir hierdie studie aangebied word.

#### 2.5.3.1 Kontekstuele prestige

Voor daar verder gegaan word om ’n bespreking van die korrelasie tussen taalgebruik en sosiale groeperings se groeplidmaatskap aan te bied, is dit belangrik om jeugdiges se taalgebruik en die sosiale prestige wat daaraan geheg word, beter te verstaan.

Prestige is houding gedrewe wat ’n gunstige of ongunstige assessering aanvaar (Hernández-Campoy, 2008:4). Volgens Hernández-Campoy (2008:4) word die definisie daarvan tipies geassosieer met woorde of idees soos *gewoontes, waardes, oortuigings, opinie* of *ideologie.* Die arbitrêre en subjektiewe intellektuele en emosionele reaksies van individue van ’n samelewing op die tale en variasies in hul sosiale konteks vorm eintlik ’n beduidende deel van die ingewikkelde sosiale sielkunde van spraakgemeenskappe: Verskeie linguistiese variante word dikwels gekoppel aan ingeburgerde (*ingrained*) emosionele reaksies of sosiale houdings, insluitend oortuigings, sentimente, ensovoorts oor ander mense (Hernández-Campoy, 2008:4).

Die bespreking van groeplidmaatskap kan beter verstaan word deur die gebruik van die konsep prestige, veral prestige binne ’n sekere konteks. Soos vroeër genoem, die New York City-studie het bevind dat linguistiese variante wat deur elite-groepe verkies word, as prestige merkers beskou word, soos gedemonstreer deur die geval van postvokaal (r) (Labov, 1966). Maar vir baie mense word die natuurlike (*vernacular*) spraak gesien as ’n manier om hul identiteit te wys, veral hul klas of plaaslike identiteit (Drummond & Schleef, 2016:52), wat in sekere kontekste prestige status verkry. (Dit is belangrik om te noem dat die Amerikaanse skoolindeling ’n direkte korrelasie met die sosiale konstruksie van die breër gemeenskap toon, waar dit anders voorkom in die Suid-Afrikaanse konteks). Volgens Kiesling (2011:79) is daar patrone van stratifikasie waar een variant met sosiale aansien (oftewel prestige) geassosieer word terwyl die ander met ’n stigma geassosieer word. Mojela (2002:203) verwys na twee prestige tale, dit wil sê Afrikaans

en Engels, wat in Suid- Afrika aangetref word, wat in die verlede (en nog steeds tot ’n sekere mate) die voorkeurtale van Suid-Afrika was. Hiermee word prestige meestal geassosieer met die gebruik van ’n meer standaardvorm van ’n taal wat meer aansien geniet gegewe die konteks (bv. in die hof, skoolhandboeke, ens.). Maar die verwysing na linguistiese prestige in hierdie studie het min te doen met die standaardvariëteit van ’n taal, maar eerder die informele aard van ’n taal wat die prestige posisie inneem in ’n *township*-skool wat vir hierdie studie van belang is. Die stedelike (*township*) jeug se geneigdheid om in die koverte prestige-tale te kommunikeer kan byvoorbeeld die rede wees agter die ontstaan van Tsotsitaal onder hulle (Mojela, 2002:204); dat dit hul poging is om prestige aan hul eie gemengde (geheime) taalgebruik te heg, wat dikwels deur ander jeugdiges in die skoolomgewing begeer sal word. Mojela (2002:204) gaan verder deur te sê dat die heersende situasie is een waarin verskillende variëteite van gemengde tale (d.w.s. Tsotsitaal of Flaaitaal) hoog geag word deur die meeste van die jong (gekleurde) generasie in Suid-Afrika, en vir hulle beteken die vermoë om byvoorbeeld Tsotsitaal (of ten minste gedeeltelik) te praat nie net ’n gevoel van behoort aan ’n groep van *klevaas* (slimmes) nie, maar ook ’n besef van ’n hoë sosiale status (overte prestige) binne die subkulturele konteks. Studies oor Britse tieners se siening van (informele) taalvariasie bewys dat ’n ideologiese verskuiwing in Brittanje se jeug opgemerk word: die standaardvorm word as minder belangrik beskou, terwyl houdings teenoor nie-standaardvorme al hoe meer positief gegroei het (Garrett *et al*., 2011:60). Om hierdie rede verkry die (nie-standaardvorm) taalgebruik van *klevaas* in die *township*-skool van belang aansien en voorkeur aan die standaardvorm word meer deur die *moegoes* in die skoolomgewing gegee. (Meer hiervan volg in hoofstuk 4).

Vanuit hierdie standpunt word die verskillende sosiale groeperings se eienskappe in vergelyking met die *jocks-burnouts*-kategorieë vergelyk, wat in berekening gebring moet word om hul voorkeur(e) van gekose kenmerkende grammatikale veranderlikes wat met die sosiale groep(e) geassosieer kan word, te staaf.

#### 2.5.3.2 “Jocks” vs *moegoes*

##### *Jocks*

Daar was twee hoof sosiale groepe in Belten High se sosiale struktuur, naamlik die *Jocks* en *Burnouts*. Ons weet dat vir sommige leerders is die skool die grondslag van hul sosiale identiteit; hierdie tipe leerders is bekend as *jocks* (Marais, 2005:47; Oancea, 2016:65). Die *jocks*, wat hoofsaaklik bestaan uit middel-klas-leerders wat gewild en geliefd is onder onderwysers op laerskool, beplan om hierdie guns te behou wanneer hulle by die junior

hoërskool kom deur hul sosiale lewe op skoolgeleenthede te fokus en vir kollege voor te berei (Eckert, 1988:188; Marais, 2005:47). As deel van hul opname in die skool se korporatiewe standaarde, onderhandel die *jocks* gereeld met volwassenes en vorm hoogs gespesialiseerde netwerke waar verbindings hoofsaaklik hiërargies, instrumenteel en mededingend is (Eckert, 1988:190).

Dit is duidelik dat sosiale groepe eiesoortige status hiërargieë binne hul onderskeie skole vorm, hiërargieë wat onder andere op sosio-ekonomiese status, etnisiteit, deelname aan ko-kurrikulêre aktiwiteite, lidmaatskap van skoolspanne en klerestyle gebaseer is (Brady, 2004:354). Volgens Harris (1995), soos aangedui deur Brady (2004:354), is die statusdifferensiasie gebaseer op dominansie of sosiale mag of gewildheid. Binne hierdie statushiërargie is rangorde gevestig deur ’n aantal onderling gekoppelde faktore, insluitend: (1) sosiale dominansie en gewildheid; (2) die groep se bydrae tot die skool; (3) hul kleredrag; (4) hul houding teenoor skool; (5) hul buitemuurse aktiwiteite; (6) die graadvlak waarin hulle ingeskryf is eerder as hul werklike prestasie; en (7), tot ’n mindere mate, hul sosio-ekonomiese status (Brady, 2004:363). Benewens gedrag en houdings jeens die skool, word die *jock-burnout*-opposisie gemanifesteer in ’n verskeidenheid interaktiewe semiotiese praktyke, soos territorialiteit, eetgewoontes en haarstyle (Eckert, 2004:113). Eckert (2004:114) sê verder oor *jocks* se kleredrag dat:

> *The jocks commonly wear school jackets—varsity jackets, cheerleader jackets, or just jackets with the name of the school. In general, the jocks’ institutional orientation is manifested in a clean-cut collegiate style—designer clothes in bright and pastel colors, school team jackets and sweaters, straight-leg jeans, short hair for boys and short or feathered hair for girls, and candy-colored makeup for girls.*

In Pascoe (2003:1424) se studie oor *multiple masculinities*, wat gekyk het na seuns se sosiale posisionering in die skool se geslagsorde wat verband hou met ’n deurdringende beeld van adolessente manlikheid, word voorgestel dat atletiek en sport hoofmerkers van manlikheid in hoërskool is; alhoewel nie alle hoërskoolseuns maklik betrokke raak by of gebruik maak van die patriargale orde wat aan sport deelname toegestaan word nie. Sommige van die kenmerke wat verband hou met ’n *jock* kan verder soos volg opgesom word (Pascoe, 2003:1426):

- *Jocks* word beskou as die hoogste posisie in die sosiale orde in ’n skool;
- Dit word deur die meeste seuns by skole erken dat die *jock*-seuns gewoonlik die gewildste seuns op skool is;
- Anders as die ander sosiale groepe, is die *jocks* ’n geslagskategorie: dit is nie dat meisies

nie *jocks* kan wees nie, maar dit is nie noodwendig wat hulle gewild[11] maak nie. (Die *jock*- meisies is dikwels geneig om oor verskeie groepe versprei te wees);

- Om 'n *jock* te wees is nie net om 'n sport[12] te beoefen nie, maar ook watter sport 'n mens speel;
- Om 'n *jock* te wees is om dominansie oor ander uit te beeld, of dit op die veld of in die sosiale wêreld is, soos gesien kan word deur hul posisie op die sosiale hiërargie.

Wat taalgebruik betref, het Eckert (2003:392) opgemerk dat in terme van die opposisie wat tussen die twee dominante kategorieë (*Jocks-Burnouts*) gemanifesteer word, het die *burnouts* meer gevalle van die omgangstaalkenmerk van negatiewe konkord gehad, en dat dit neergekom het op die *burnout*-meisies se taalgebruik wat die grootste verskille in gebruik van die omgangstaalkenmerke getoon het.

### 2.5.4 Moegoes

'n Beter manier om die *moegoes*[13] te verstaan, is om hulle te sien in die lig van diegene wat op die laer rang van die sosiale orde in die skoolomgewing is omdat hulle nie *streetwise* genoeg is en nie die *lingo* van die *klevaas* (slimmes) ken nie, wat dieselfde posisie met *nerds*, *geeks* of *preppies* op 'n intellektuele vlak in die skoolopset sal deel. Op grond van intelligensie word sosiale groepe aan die laer rang van die sosiale hiërargie (bv. *stoners, skaters, rappers*) deur hul eweknieë (bv. *jocks*) as 'n gebrek aan intelligensie beskou, terwyl groepe soos die *nerds* (of *geeks*) of *preppies* bekend is vir hul akademiese prestasies (Brady, 2004:362), wat nie sodanig 'n hoër aansien op sosiale vlak verkry nie. Die *nerds* word soms vermy deur hul eweknieë (gewoonlik diegene met 'n hoër aansien in terme van informele taalgebruik en (dikwels rebelse) aktiwiteite in die skoolomgewing) omdat hulle te veel gefokus is op akademiese prestasie (Brady, 2004:361). Alhoewel *nerds* in skole gestigmatiseer is, dra hul groeiende invloed en prominensie in die tegnologie sektor, sowel as die groeiende erkenning van tegnologiese vaardigheid binne die skool, by tot hul selfverklaarde status op hoërskool (Eckert, 2003:389). Hulle kan beskou word as die slim leerlinge omdat hulle die bemeestering van 'n tegnologiese vaardigheid getoon het wat ander dalk nie in staat is om te doen nie. Hierdie vaardigheid verleen aan hulle die bekendheid in skole as deel van akademiese uitnemendheid. Sommige leerlinge en onderwysers mag dit as

---

[11] 'n Meisie se aantreklikheid, persoonlikheid en kêrel se sosiale aansien dra alles by tot haar gewildheid (Pascoe, 2003:1426).

[12] Volgens Pascoe (2003:1426) moet 'n *Jock* aan 'n sekere sport deelneem, wat tipies Amerikaanse voetbal of basketbal is, of afhangende van hoe die skool sy atletiekprogramme organiseer en finansier, bofbal, sokker of stoei.

[13] Vir die doel van hierdie studie verwys die *moegoes* na diegene wat die skoolreëls nakom en bekend is vir hul akademiese vordering.

’n gesogte prestasie beskou, maar dit is nie noodwendig dieselfde op ’n sosiale vlak nie.

As deel van hul akademiese aanleg, ’n gevolg hiervan kan aanleiding gee tot hul toeganklikheid tot ’n standaardvariëteit wat nie deur ander individue of sosiale groepe (soos die *burnouts* of *klevaas*) as prestige beskou word nie, ten minste nie as deel van ’n informele taalgebruik vir jongmense nie (bv. *sleng*gebruik of subkulturele taalvariëteite). Volgens Mojela (2002:205) beskou die stedelike (*township*) jeug in Suid-Afrika dit immers as ’n teken van onnoselheid om ’n standaardtaal te praat sonder om *sleng*terme te gebruik; gevolglik word mense wat blykbaar nie hul *sleng*woordeskat ken nie, as *barri, spaza, moggo* of *kgashu* beskou (wat terme is vir *dom* of *’n dom persoon*). Alhoewel hierdie idee op hulle geprojekteer word, kies *moegoes* dikwels vir ’n taalkeuse wat meer in lyn is met hul akademiese sukses, wat hulle ook posisioneer vir beter loopbaangeleenthede na skool.

#### 2.5.4.1 “Burnouts” en *klevaas*

***Burnouts***

Na studente wat die idee verwerp dat skool die middelpunt van hul bestaan is en wat by buitemuurse aktiwiteite betrokke is, word verwys as *burnouts* (Oancea, 2016:65). Marais (2005:47) meen dat die *burnouts* glo dat skoolbywoning net belangrik is om ’n kwalifikasie te verkry wat nodig is om werk te kry. Daarom is buitemuurse aktiwiteite nie vir hulle belangrik nie, en in hul vrye tyd maak hulle kontak met organisasies of individue wat eendag vir hulle werk kan verskaf (Marais, 2005:47). Hierdie elemente word verskillend beklemtoon deur verskillende *burnouts*: sommige (*burned-out*) *burnouts* assosieer *burnouthood* met die probleme wat dwelms en ’n anti-skool houding meebring, terwyl ander vertroue, lojaliteit en egalitarisme beklemtoon en ander dit steeds met stedelike deelname en kundigheid en ’n anti-skool standpunt assosieer (Eckert & Wenger, 2005:586). Die gebiede wat leerders beset, het ook ’n mate van simboliese waarde vir portuurgroepe in die skoolomgewing. Byvoorbeeld, die *jocks* beset gereeld die voorste gange, kantore, gimnasiums en aktiwiteitsareas wat in die middel van die skoolperseel geleë is terwyl die *burnouts* op die periferie van die skool gevind kan word (Eckert, 2004:114).

Terwyl *jocks* geneig is om van mense met institusionele wysheid te hou, waartoe voorstedelike studente tipies groter toegang het, is *burnouts* geneig om mense met straatwysheid te bewonder, wat tipies met stedelike inwoners geassosieer word (Eckert, 2004:112). As die *klevaas* en *moegoes* in ag geneem word, is dit waarskynlik dat *moegoes* hulleself vertroud maak met dieselfde mense met institusionele wysheid wat deur die *jocks* bewonder word en die *klevaas* wat

mense met straat-wysheid bewonder. Nog ’n belangrike waarneming wat Eckert (2004:112) gemaak het, is *dat jocks in less affluent schools somewhat resemble burnouts from more affluent schools and may even consider burnouts in very affluent schools to be jocks*.

In die skoolomgewing waar onderhoude gevoer is met 20 tienerseuns tussen die ouderdomme van 15 en 18 by twee hoër skole in Kalifornië, VSA, het Pascoe (2003:1425-26) ook gevind dat die *PACrats*, *freaks, bench mob, skaters en goths* aan die onderkant van die breë sosiale hiërargie (met overte prestige) is. Sy noem dat in sekere dele van die skoolperseel spandeer *Freaks*, met *multiple piercings* en swart klere, gewoonlik hul tyd saam om te rook. Op hierdie sosiale skaal is die s*katers* - seuns en ’n paar meisies wat skaatsplank ry - en die *bench mob* - ’n groep juniors wat in die sentrale vierkant saamkom - iewers in die middel van die sosiale hiërargie geleë (Pascoe, 2003:1425-26). Boonop het die *stoners*, *goths*, *rappers*, *skaters*, *punks* en *dirts* gemarginaliseerde status onder hul skool se portuurgroepe gehad: die lede se vermeende gebrek aan intelligensie, nie-skoolverwante stokperdjies, musikale voorkeure en kleredrag is alles faktore wat bydra tot hul lae status (Brady, 2004:361). Hierdie groepe kan op grond van hul voorkoms en/of aktiwiteite onderskei word. *Goths* is byvoorbeeld bekend daarvoor dat hulle swart klere en kettings dra; die *rappers* luister na *rap*musiek, rook en dra oorgrootte klere; die *stoners* (ook bekend as *potheads* en *burnouts*) word gesien as dwelmgebruikers, leerders wat nie klas bywoon nie (Brady, 2004:361-62). Nog ’n kenmerk van *burnouts* in die skoolomgewing is hul *dark clothing, skanky clothes, basic level classes* (Brady, 2004:362). Eckert (2004:114) bied ’n beskrywing van hoe *burnouts* hulself onderskei:

> *The jackets with which burnouts signal their “visitor” status frequently signal urban status as well; popular among burnouts are jackets with Detroit or auto factory logos. These jackets simultaneously invoke class and geography, and burnouts who do not wear jackets with insignia often wear the popular working-class jeans jackets over hooded sweatshirt jackets. The burnouts’ antiinstitutional orientation, on the other hand, is manifested in an urban working-class style—dark colors, dark eye makeup for girls, long hair for both boys and girls, bellbottom jeans, rock concert T-shirts, wallet chains, and studs.*

Ander studies (bv. Mendoza-Denton, 1996) het bewys dat dieselfde sentiment deur Meksikaanse Amerikaanse meisies in Noord-Kalifornië gedeel word, wat getoon het *how gang girls use a wide range of semiotic means, from language choice and variation to make-up and dress, to lay claim to gang identity and practice that has been traditionally reserved for males* en ook hoe *specific features of this style (e.g. the span of black eyeliner) are iconic of toughness, simultaneously signaling ethnic identity to non-Latinos, claiming access to the male prerogative of toughness, and setting themselves off from tamer girls* (Eckert, 2003:389).

### 2.5.5 Klevaas

Die *klevaas* toon wel ook ’n paar ooreenkomste met die *jocks* alhoewel *klevaas* oor die algemeen meer in gemeen het met die *burnouts*. ’n Dominante manlikheid word soms aan *jocks* gekoppel, waar seuns hul stemme verlaag om ’n meer manlike stem na te boots wanneer hulle iemand bespreek of naboots wat hulle as ’n *jock* beskou (Pascoe, 2003:1426). ’n *Kleva* se assosiasie met onwettige aktiwiteite (en/of Tsotsi-affiliasie) kan dieselfde oorheersende mag hê teenoor ander laer rangorde groeplede of ander portuurgroepe en diegene wat nie aan straatkulture (d.w.s. *moegoes*) geaffilieer is nie.

Mojela (2002) wat gekyk het na die invloed wat stedelike slengterminologie op die alledaaglikse gebruik van Noord-Sotho gehad het, maak die onderskeid tussen die twee sosiale groeperings (*clevas* en *moggos* oftewel *moegoes*) aan die hand van die prestige wat hul taalgebruik geniet, met spesifieke onderskeid tussen die stedelike en landelike gebiede. Om hulself te onderskei van landelike jeug, wat hulle as *moggos*/*moegoes* (*morons*) beskou, gebruik die meeste stedelike (*kleva*) adolessente stedelike *sleng*woordeskat in hul gesprekke (Mojela, 2002:205). Die *sleng*woordeskat bestaan onder andere uit linguistiese innovasie, en Bornman *et al*. (2018:28) is van mening dat sulke linguistiese innovasie binne kleinskaalse praktykgemeenskappe ontstaan, wat uiteindelik ’n deurslaggewende rol in die konstruksie van sosiale identiteite speel. Hulle gaan verder deur die volgende te noem, dat:

> *Urban codes often involve the creative mixing of styles, linguistic codes and registers from available linguistic repertoires within particular settings, giving rise to new linguistic forms. These emerging linguistic practices serve to contest ethnic boundaries and to define new and emerging social identities.*

Daarom, om as *clevas*, *majitas*, *bras*, *motsiengs* of *mncas* beskou te word, wat in tsotsitaal verwys na die *slim mense* of *tsotsis*, hoef ’n mens net vertroud te wees met die sogenaamde *lingo* (Mojela, 2002:205). Vir hierdie studie beteken dit dat die *klevaas* vertroud is met die *lingo* (straattaal) wat nie so toeganklik vir alle jeugdiges is nie, veral diegene (*moegoes*) wat meer vertroud met (of selfs ten gunste van) die standaardtaal is. In reaksie op die gebruik van *sleng*woordeskat, meen Mojela (2002:205) dat jeugdiges (bv. *moegoes*) van die landelike gebiede wel ook by die stedelike lewe (bv. *klevaas*) integreer deur te leer kommunikeer met *sleng*terme uit die stad om te verhoed dat hulle as *moggos* bestempel word. Vir tieners gaan dit immers daaroor om *cool* of deel van die *slimmes* te wees, wat beteken dat die *lingo* van die *kleva* koverte prestige status geniet. Daarbenewens, omdat die kennis van stedelike (*kleva*)

*sleng*woordeskat dit laat lyk asof ’n mens deel van die populêre groep is, probeer jeugdiges, stedelik of landelik, daarmee vertroud raak om sodoende met die stedelike omgewing te identifiseer of te assosieer (Mojela, 2002:205). Dit is duidelik dat die *klevaas* se taalgebruik, waarna verwys word in hierdie studie, (koverte) prestige status as diegene in stedelike gebiede in die skoolomgewing geniet. Die kenmerkende grammatikale veranderlikes sal vanuit hierdie standpunt bespreek word.

#### 2.5.5.1 “In-betweens” en *draadsitters*

Byna almal van die ongeaffilieerdes identifiseer hulself as *in-betweens* en karakteriseer hulself in terme van eienskappe wat met enige van die groepe gedeel word, dikwels in terme van lineêre afstand tussen teenoorgestelde pole, met die uitsondering van die paar alleenlopers wat nie by enige portuurgroep ingesluit is nie: sommige van die *in-betweens* het ’n sterk korrelasie met beide *jocks* en *burnouts*, terwyl ander ’n redelike groot netwerkafstand vanaf enige sosiale kategorie het en geen direkte korrelasie met enige van die twee groepe nie (Eckert, 1988:196).

Soos gesien word met diegene wat betrokke is by onder andere rokery, kan dit wees dat *top*-seuns of meisies (ook *jocks*) minder belangstel in rook as gevolg van hul belangstelling in buitemuurse aktiwiteite, soos sport, kuns, ens., wat in konflik sou kom met die idee om *cool* te wees wat soms met rook geassosieer word (Michell & Amos, 1997). Diegene wat uiteindelik rokers sou word (soos die *burnouts*) is nie noodwendig bewonder nie, maar gevrees en word deur ander as moeilikheidmakers beskou (Michell, 1997:1). Michell (1997:1) wys daarop dat daardie leerlinge wat wel rokers word, dit om verskillende redes doen, wat verband kan hou met groeplidmaatskap. Vir die *in-betweens* (selfs die *draadsitters*) kan hul assosiasie met beide *jocks* en *burnouts* impliseer dat hulle dieselfde belangstelling in buitemuurse aktiwiteite deel met die *jocks* of rook met die *burnouts*, óf nie een van die twee belangstelings met die twee groepe deel nie.

Sosiale groepe se prominensie en die status wat hulle verteenwoordig gee ander leerders wat ’n neutrale posisie geniet in die skool ’n reeks groepsidentiteite om van te kies wanneer hulle definieer wie hulle is en wie hulle nie is nie (Pascoe, 2003:1426). Meeste leerders, wanneer hulle die verskillende portuurgroepe wat in hul skool bestaan beskryf, beskou hulself as normale, gemiddelde tieners (Brady, 2004:362).

Wat *in-betweens* (oftewel *draadsitters*) tot hierdie studie bydra, is dat hul taalgebruik help om te verstaan tot watter mate grammatikale veranderlikes deur die sosiale groepe gebruik word, omdat die *draadsitters* se taalgebruik sal help om aan te dui wat die natuurlike spraak vir die

gemeenskap is en nie wat indeksikaal vir 'n spesifieke groep kan wees nie, en help om te verstaan hoe die verskillende groepe sosiale betekenis aan sekere linguistiese verskynsels heg.

## 2.6 Afrikaanse grammatikale veranderlikes

Die Afrikaanse grammatikale veranderlikes toon variasie wanneer die verskillende streke met hul onderskeie variëteite in ag geneem word. Die verskillende variëteite van Afrikaans word deur Hendricks (2012:111) soos volg in verdeel: Suidwestelike Afrikaans, wat Kaaps insluit; Oranjerivier-Afrikaans; Noordwestelike Afrikaans; Oos-Kaapse Afrikaans; Vrystaatse Afrikaans; en Gautengse Afrikaans en omliggende provinsies, met inagneming van elke streek se onderskeie subvariëteit. Hierdie variëteite van Afrikaans word nie sodanig tot 'n sekere etniese groep beperk nie, maar dat dit inklusief kan wees van sprekers van Afrikaans regoor rassegrense heen (Wissing, 2022:401), al vind ons dat bruin mense hier die gemene deler van elke variëteit is. Afrikaanse variëteite (veral subvariëteite van Afrikaans) word ook dikwels gevind en geassosieer met die werkersklas-*townships* (Dyers, 2007:86). Binne die verskillende (sub)variëteite van Afrikaans vind ons dikwels dat sekere grammatikale veranderlikes streekspesifiek is en/of dat sommige van die streeksmerkers na 'n meer universele manier van praat onder bruin jeugdiges beweeg het (Saal & Lawrence, 2019). Daarom sal daar gekyk word na die veranderlikes wat verskillende streke in gemeen het, ten einde oorsig te bied van die veranderlikes soos in die literatuur bespreek is. Die veranderlikes wat in hierdie studie ter sprake is, is die *hom*-besitskonstruksie, genitiewe -*se* met voornaamwoorde, die regularisering van werkwoorde *ge**het**/ge**had*** en *is* (*was*)/*wees*, ongewone meervoudsvorm (*huis**e***), wisselvorme van versamelnaamwoorde (goete/*goeter**se***) en die *e*-klankverskynsel.

### 2.6.1 Besitskonstruksies

#### 2.6.1.1 hom-besitskonstruksie

In Standaardafrikaans word besit aangedui deur die besitlike voornaamwoord wat as 'n bepaler voor die selfstandige naamwoord optree (Bessinger, 2001:125). Die persoonlike voornaamwoorde word volgens Kirsten (2016:145) soos volg onderskei: Die eerste persoon is byvoorbeeld *ek* en *ons*, wat verwys na die spreker of 'n groep wat die spreker insluit; die tweede persoon is *jy* en *julle*, wat verwys na die hoorder of 'n groep wat die hoorder insluit; en die derde persoon is *sy*, *hy* en *hulle*, wat verwys na een of meer mense wat nie deel is van die gespreksituasie nie en gereeld vroeër in die gesprek genoem was. Sy noem ook dat onderskeid tussen geslagte aangetref word aangaande die voornaamwoordstelsels, soos met *hy*/*hom* vir

manlik en *sy/haar* vir vroulik. Die voornaamwoord *sy* word verder vir beide die vroulike subjekvorm en die manlike besitvorm in Standaardafrikaans gebruik (Bessinger, 2001:125). Bessinger (2001:126) het gevind in haar noordwestelike ondersoekgroep dat die voorwerpsvorm *hom* sosiaal gemerk is op grond van ouderdom, dat dit frekwent in jeugdiges se taalgebruik voorkom, veral in die geval van Tswana-Afrikaans[14] (bv. *My vriend ... het <u>hom</u> hande op <u>hom</u> kop gesit* X sy). Van Den Heever (1998:99) het ook 'n geval van *hom* as besitlike voornaamwoord in haar ondersoekgroep van wingerdwerkers in die Worcester-omgewing (suidwestelike) opgemerk (bv. *Freek sê dis <u>hom</u> kind X* sy kind). Saal en Lawrence (2019) noem dat die pronominale genitiefsvorm met *se* (bv. *om **hulle se** goeters af te vat* X om **hulle** goeters; *woonbuurte waarin baie van **onse se** mense woon* X ... baie van **ons** mense woon) en die *hom*-besitvorm (bv. *En jy wil nie ophou in **hom** oë te kyk nie* X ... in **sy** oë) (onder andere) dikwels met Oranjerivierafrikaans (oftewel Noordwestelike Afrikaans) geassosieer kan word.

### 2.6.1.2 Genitiewe *se* met voornaamwoorde

Van Rooy (2017:261) meld dat die betekenis van voornaamwoorde afhanklik is van die konteks waarbinne hulle gebruik word, op een van twee maniere:

1. anaforiese verwysing – die voornaamwoord verwys na die inhoud van die naamwoordstuk wat reeds binne die teks gebruik is;
2. deiktiese verwysing – die voornaamwoord verwys na 'n persoon of ander entiteit wat buite die teks in die konteks van taalgebruik bestaan.

Hy gaan verder deur die betekenis van voornaamwoorde te bepaal na gelang van die grammatikale gebruik en noem dat persoonlike of onpersoonlike voornaamwoorde (*ek/my, jy/jou, hy/hom, sy/haar, dit, ons, julle, hulle*) na identifiseerbare entiteite verwys, hetsy deikties of anafories en dat besitlike voornaamwoorde (*my/myne, jou/joune, sy/syne, haar/hare, ons/ons s'n, julle/julle s'n, hulle/hulle s'n*), soortgelyk aan persoonlike voornaamwoorde, verder die betekenis van besitter insluit by die naamwoord (Van Rooy, 2017:262).

Die genitiewe -*se* met voornaamwoord *ons* is van belang vir hierdie studie. Volgens Kirsten (2016:239) word besitlike voornaamwoorde, pronominale besitskonstruksies en 'n kombinasie van woorde met *van* en *se* in Afrikaans gebruik om besit aan te dui. Genitiefkonstruksies kan ook

[14] Tswana-Afrikaans word meestal deur swart mense gepraat, maar dit toon soortgelyke taalkenmerke as bruin mense se Afrikaanse taalgebruik, veral in die noordwestelike en noordoostelike dele van die land. Om hierdie rede was Tswana-Afrikaans ingesluit vir die bespreking van die grammatikale veranderlikes van belang vir hierdie studie.

attributiewe/adnominale en predikatiewe konstruksies insluit (Wang & Xu, 2013:8).

Die gebruik van die genitiewe -*se* met voornaamwoorde word hoofsaaklik kenmerk deur Afrikaanse variëteite soos Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans. Byvoorbeeld, in die gebruik van die besitlike voornaamwoord *onse* (i.p.v. *ons*) in attributiewe posisie wat as 'n Kaapse grammatiese verskynsel gesien kan word (bv. *onse* motto of *onse* nek) (Hendricks, 2012:107). In Kaapse digbundels word die gebruik van *se* in kombinasie met die besitlike voornaamwoorde *u* en *julle* en met tydsuitdrukkings soos *nou* en *eers* ook opgemerk, byvoorbeeld in *u se* broer Piet, *julle se* vriende en *nou se* Maleiers (Hendricks, 2012:108).

Jenkinson (1984), soos aangedui deur Bessinger (2001:127-8), het gevind dat die vorme *my/jou/sy/haar* nie in Griekwa-Afrikaans opgemerk word nie, maar wel die perifrastiese *se*-konstruksie, byvoorbeeld:

1. *hy se* kos;
2. *hulle se* goete;
3. *Ons se* harte was baie seer;
4. ... het ek so lekker gesit by *ons se* huis.

Van Oort en Carstens (2014:698) sê dat in moderne subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse aanleerdervariëteit word die sterk Khoi-invloed op die ontwikkeling van Afrikaans steeds opgemerk: Besitlike konstruksies wat voorkom in die woordeskat van subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit (bv. *hy se* huis, *jou se* prate, Pa-*goed*). Saal en Lawrence (2019) het ook opgemerk dat Noord-Kaapse tieners in hul formele skryfwerk die besitsvorm *se* in kombinasie met persoonlike voornaamwoorde dikwels gebruik het (bv. om *hulle se* goeters af te vat). Ons kan dus verwag om die gebruik van hierdie besitsvorm ook in jongmense se gesproke taal te vind. Alhoewel hierdie verskynsel algemeen met noordwestelike streke geassosieer word, soos opgemerk deur die navorser, is dit in ander streke soos byvoorbeeld die noordoostelike dele en selfs subvariëteite soos Swart (Tswana- Afrikaans sigbaar.

### 2.6.2 Regularisering van werkwoorde: gehet/gehad en is(was)/wees

Bessinger (2001:170) wys daarop dat om die verlede tyd in Afrikaans aan te dui, word die hulpwerkwoord ***het*** saam met die voltooide deelwoord ***gehad*** gebruik (bv. *Hy* ***het*** *'n plan* ***gehad***) (onder andere). Sy vind in haar studie dat hierdie deelwoordvorm dikwels vervang word deur die vorm ***gehet*** in Tswana-Afrikaans, 'n subvariëteit van Noordwestelike Afrikaans (bv. *Hy* ***het*** *'n*

*slegte hart* ***gehet*** X **het gehad**), beide in geskrewe en gesproke taal. Die voltooide deelwoorde *gehad* en *gewees* word ook dikwels teegekom in Griekwa-Afrikaans en word soms verander na *gehet* en *gewas*/*gewis* (Bessinger, 2001:172; sien ook Du Plessis 1983). (Die werkwoorde *gehad* en *wees* het aparte infinitiefvorme in Standaardafrikaans, terwyl alle ander werkwoorde slegs een vorm het, daarom is die fokus op hierdie twee werkwoorde). Hierdie verandering wat plaasvind word as 'n algemene kenmerk van Griekwa-Afrikaans (oftewel Noordwestelike Afrikaans) beskou (Bessinger, 2001:172), maar word nie noodwendig daartoe beperk nie. Die werkwoordregularisering (bv. *Hulle het toe toegang tot die geld* ***gehet***) blyk 'n algemene *supraregionale vorm* te wees wat gereeld in tieners se taalgebruik teëgekom word (Saal & Lawrence, 2019).

Volgens Van Den Heever (1998:102) was daar geen vormverskille by die werkwoordvorme *hê* en *wees* tussen die wingerdwerkers (Kaaps) nie. Voorkeur is gegee aan *het* en *is*, soos byvoorbeeld in: *Daai tyd het die mense nog kaggels ge**het** / As ek nie my geweer by my ge**het** het nie*"; *Hulle mag nie ongehoorsamig* ***is*** *nie / Hy kan nie ons oupagrootjie* ***is*** *nie*. Terwyl die infinitiefvorme ***wees*** en ***hê*** algemeen in Standaardafrikaans voorkom, word die finiete vorme redelik gereeld in Tswana-Afrikaans gebruik, waar die volgende gedokumenteer is: *Ek hoop net jy sal reg* ***is*** X **wees** (Bessinger, 2001:168). Hierdie voorkeure aan *gehet* in plaas van *gehad* en *is* in plaas van *wees* blyk meer algemeen te wees in die taalgebruik van jeugdiges, wat dit moeilik maak om vas te stel watter streek meer geneig is om hierdie werkwoordkonstruksies te volg.

### 2.6.3 Idiosinkratiese verskynsels

#### 2.6.3.1 Ongewone meervoudsvorme – (huise)

In jeugdiges se taalgebruik word (dubbel) meervoude dikwels geskep deur -*e*, -*s*, -*se*, of -*ens* by 'n woord te voeg (Holland, 2024:66). Met behulp van hierdie meervoudsuffikse word daar opgemerk dat jeugdiges van ongewone meervoudsvorme gebruik maak. Saal en Lawrence (2019) het gevind dat tieners in die Wes-Kaap meer geneig is om die meervoudsmorfeme (-*s* of -*e*) te gebruik vir naamwoorde wat nie 'n meervoudsvorm aanneem nie, soos *jeug**s*** en *geld**e***. Daar is selfs in vroeë tekste opgemerk, met verwysing na die Afrikaans van die Totiusberyming van die Psalms, dat ongewone meervoude met die woord *teëspoed**e*** ingesluit is (Cloete, 2000:194). Vir nie-moedertaalsprekers is hierdie meervoudsvorming algemeen. Daar is gevalle hiervan in Tswana-Afrikaans gevind wat woorde insluit soos *kosse*, *vleise* en *lekkergoede* (Setshedi, 1987) of selfs in uitdrukkings soos *dat jy Desembermaand by die <u>huise</u> sal wees* (Bessinger, 2001:61). Die gebruik van *e*-meervoudsuffiks (bv. *huis**e***) word normaalweg nie in

Standaardafrikaans gebruik wanneer daar na die enkelvoud van ’n *huis* verwys word nie.

### 2.6.3.2 Wisselvorme van versamelnaamwoorde – (goete/goeterse)

Die oormatige gebruik van vae woorde (soos *goed*, *dinge*, *iets*) in die plek van meer spesifieke leksikale verwysings is aanwesig in tieners vanuit verskillende streke se taalgebruik en kan toegeskryf word aan die feit dat sodanige woorde as tipiese merkers van tienertaal beskou word (Saal & Lawrence, 2019; sien ook Marais en Coetzee, 2005:255). Die gebruik van *goed* is van belang vir hierdie studie en die woord *goed* kom gereeld in Noordwestelike Afrikaans (bv. Griekwa-Afrikaans, insluitend Tswana- Afrikaans) voor, waar dit met verskeie meervoudsuffikse (*-te*, *-de* en *-des*) opgeteken is (Bessinger, 2001:60). Daar bestaan selfs ’n dubbele meervoudsvorm: *goeterse* en die *se-* allomorf word feitlik aan enige substantief gevoeg deur middel van analogievorming (Bessinger, 2001:62-3). Hierdie studie het gevind dat sommige Engelse woorde ook ’n dubbele meervoudsvorm kry (bv. *Ek sit net by die huis en kyk series’e*). Daar was ook ongewone -*e* by Afrikaanse woorde (bv. *Die* <u>polise</u> x polisie) gevind. Van Den Heever (1998:92) vind dat daar soms in variëteite van Kaaps gebruik gemaak word van abstrakte selfstandige naamwoorde, stofname en versamelname met meervoudsuitgange: *polisies*, *moeilikheide*, *goete/goeters*, *dingese*. Bessinger (2001:71) skryf die hoë voorkoms van die dubbele meervoudsuitgange toe aan die invloed van Griekwa-Afrikaans.

### 2.6.3.3 e-Klankbyvoeging

Die klankbyvoeging soos dit voorkom in gesproke sowel as geskrewe taal is duidelik in jeugdiges se taalgebruik. Hierdie verskynsel is algemeen en kan in alle variëteite van Afrikaans gevind word by verskillende woorde. In sy slotopmerkings van sy proefskrif, sluit Basson (2024:274) se gebruik van Kaaps onder andere die *e*-klankverskynsel in met die woord *beginn**e***. Hy doen dit ter illustrasie van hoe moedertaalsprekers van Kaaps eintlik praat. Die variant *beginne* (bv. *Toe beginne word ek so warm / Toe ek beginne werk het*) wat deur die wingerdwerkers gebruik is, word ook beskou as een van die algemene verskynsels van die Worcester-omgewing (Van den Heever, 1998:104). Die gebruik van die *e*-klankverskynsel kan moontlik toegeskryf word aan Engelse invloed, dat sprekers die klankverskynsel -*e* (bv. *beginn**e***) gebruik wat deur die Engelse -s verwar word (bv. *He begin**s** to notice ...*). Van Rooy (2017:416) ondersteun dit deur byvoorbeeld *Sy* <u>*brille*</u> *het gebreek toe hy ...* (in plaas van <u>*bril*</u>) (onder andere) by te voeg. Ander voorbeelde sluit in (Hendricks, 2024:422):

1) laken***t*** (X laken)

2) oefen***t*** (X oefen)
3) spoil***t*** (X spoil)

In ander gevalle word daar selfs opgemerk dat die woord *begin* soms die *-t* by kry. Hendricks (2012:105) verwys hierna as die paragoge[15] by Afrikaanse woorde wat kenmerkend is van Kaaps (bv. begin***t***).

Die feit dat heelwat grammatikale merkers in bruin jeugdiges se taalgebruik aanwesig is en duidelik nie tot ’n sekere streek beperk is nie, het waarskynlik daarmee te make dat jeugdiges óf die ekwivalente Afrikaanse vorm van ’n woord uit ’n ander taal of variëteit makliker kon oproep óf gewoon voorkeur gegee het aan die direkte oorneem van leksikale items. Saal en Lawrence (2019) ondersteun hierdie siening wanneer dit by tieners se gebruik van verafrikaanste vorme kom. Vir die doeleindes van hierdie studie is vasgestel tot watter mate die gekose grammatikale veranderlikes aanwesig is in bruin jeugdiges vanuit die noordoostelike dele se taalgebruik en watter grammatikale verskynsel(s) ’n sosiale merker is en/of ’n merker van geslag is.

## 2.7 Gevolgtrekking

Met die konsepte onder derdestromingstudies word daar nie van die veronderstelling uitgegaan dat ’n samehangende taal vir alle sprekers in ’n gegewe (praktyk)gemeenskap geld nie. In plaas daarvan word erken dat sprekers verskeie linguistiese style en registers tot hul beskikking het wat vir verskillende kommunikatiewe doeleindes gebruik word waar taalkenmerke sosiale betekenisse toon (Bucholtz & Hall, 2005; Eckert, 2005; Bakht, 2010; Mather, 2012; Beyer, 2014; Drummond & Schleef, 2016). Met die studie van taalvariasie soos dit betrekking het op jonger sprekers, kan dit die beste bespreek word vanuit ’n praktykgemeenskapbenadering omdat dit ’n meer akkurate beeld kan gee van stilistiese verskille met verskillende sosiale betekenisse wat aan grammatikale verskynsels geheg word, in teenstelling met ’n algemene bespreking van ’n spraakgemeenskap. Dit was die gepaste benadering wat geneem is vir hierdie studie, wat probeer het om ’n ondersoek te loods oor jeugdiges se taalgebruik wat gewys het hoe sekere verskynsels sosiale betekenis het met betrekking tot groeplidmaatskap en die stilistiese verskille wat in jongmense se spraak gevind kan word.

Waar taalvariasie plaasvind, kan dit beter verstaan word wanneer die ouderdom van sprekers en hul sosiale konstruksie in ag geneem word. Jongmense is bekend daarvoor dat hulle ’n gevoel

[15] Oor die algemeen verwys *paragoge* na ’n byvoeging wat aan die einde van ’n woord voorkom (Broniś, 2016:26).

van *behoort* wil hê: ‘n gevoel van gemeenskap. Dit is veral waar in die skoolomgewing, waar dit gemerk word as die plek waar jongmense meer bewus word van die verskillende sosiale konstrukte en hul onderskeie waardes en oortuigings wat lede van ’n sosiale groep aanhang en waarby gehou word. Dit word dan die basis van enige groepsidentiteit waarin ’n jongmens hulself bevind. En met hierdie groepsidentiteit vind ons hoe verskillende linguistiese veranderlikes aangewend word, wat kenmerkend van ‘n groep se identiteit sou word. Byvoorbeeld, ’n *kleva* sal een of ander straat- (bv. Tsotsitaal) terminologie meer gereeld en terloops in sy/haar daaglikse toespraak gebruik, terwyl dit meer algemeen is vir ’n *moegoe* om óf die algemene (in)formele variëteit óf algemeen gebruikte slengterminologie te gebruik. Dit help om die sosiale groepe te onderskei en ook uit te vind watter linguistiese veranderlikes deur die onderskeie groepe gebruik (of verkies) word.

Die geslagsverskille wat mag bestaan kan ook bygevoeg word om te verstaan tot watter mate variasie voorkom. Vroue is byvoorbeeld bekend daarvoor dat hulle lei in die gebruik van ’n standaardvariëteit (of stabiele sosiolinguistiese veranderlikes), terwyl mans bekend is vir hul lojaliteit aan die veranderlikes wat nou gekoppel kan word aan subkulturele *lingo* en wegbeweeg van die standaardvariëteit. Dit op sigself gee ’n goeie idee van die spesifieke eksterne veranderlikes wat ter sprake is wanneer dit by taalvariasie kom, en die mate waarin dit voorkom moet ondersoek word.

# HOOFSTUK 3: METODE VAN ONDERSOEK

## 3.1 Inleiding

Die metodologie wat gebruik is om hierdie studie te onderneem word in hierdie hoofstuk beskryf. Daar is ses afdelings in hierdie hoofstuk. Die kwantitatiewe navorsingsontwerp wat die basis van die studie vorm, word in afdeling 3.2 uiteengesit. Binne hierdie variasie-sosiolinguistiese studie word die populasie en steekproef in afdeling 3.3 beskryf. Die instrumente – data-insamelingsmetodes soos individuele onderhoude en waarnemings – word in afdeling 3.4 omskryf. 'n Opsomming van die studie se etiese oorwegings kan in afdeling 3.5 gevind word. Die data-analise word in Afdeling 3.6 verskaf. Samevattend bied afdeling 3.7 'n opsomming van die metodologie deur al die sleutelelemente bymekaar te bring.

## 3.2 Kwantitatiewe navorsingsontwerp

Soos vroeër genoem steun ondersoeke na natuurlik-geproduseerde spraak in sosiolinguistiese veldwerk en metodes meestal op opnames en etnografiese navorsing, wat gewoonlik 'n kwalitatiewe metode ondertoon het (Hernández-Campoy, 2014:13), maar baanbrekende sosiolinguistiese studies (d.w.s. Laboviaanse tradisie) het kwantitatiewe metodes gebruik (Labov, 1972; Eckert, 1989). Eerder as om voor te skryf (preskriptief) wat en hoe mense taal in 'n spesifieke samelewing, sosiolinguistiese konteks of omgewing moet gebruik, ondersoek sosiolinguistiek taalgebruik *objektief,* dit wil sê, beskryf (deskriptief) *hoe* mense taal gebruik (Hala-Hala, 2021:13). Hala-Hala (2021:12) bevestig dat sosiolinguistiek in wese 'n beskrywende eerder as voorskriftelike linguistiese benadering aanvaar, wat ook die geval in hierdie studie is. Hierdie studie betrek die beskrywende navorsingsontwerp, wat ten doel het om linguistiese veranderlikes in 'n enkele steekproef te ondersoek en om dit sistematies te meet, te beskryf en te interpreteer (Bloomfield & Fisher, 2019:27). Met ander woorde, die beskrywende navorsingsontwerp word gebruik om inligting te verkry oor 'n spesifieke verskynsel of eienskap van belang in 'n geïdentifiseerde steekproef of populasie in hul natuurlike omgewing (Bloomfield & Fisher, 2019:27).

Volgens Eckert (2012) is daar drie stromings (of generasies) van analitiese perspektiewe wat histories toegepas is op die indeksikale aard van die sosiale betekenis van *inter*- (sosiale) en *intra*- (stilistiese) sprekervariasie in sprekers se sosiolinguistiese praktyke. Ten einde

bekommernisse rakende die verspreiding van veranderlikheid oor sosiale ruimte aan te spreek en om beide inter- en intraspreker variasie te erken, het sosiolinguistiek voorbeelde van verskeie soorte gekonstrueer in reaksie op groeiende bewustheid van en belangstelling in stilistiese en situasionele veranderlikheid (Buchstaller & Khattab, 2013:87). Behalwe die streek- en nie-standaard eienskappe wat die hoeksteen van die eerste twee stromings was, het styl algaande belangriker geword en is die hooffokus van die derde stroming (Eckert, 2012:96). In ’n poging om die hulpbronne en betekenisse te kompleteer wat taal sy sosiale lewe gee, is derdestromingstudies geneig om met styl te begin en te soek na dit wat hulle onderskeidend maak (Eckert, 2012:96), wat in hierdie studie meer van belang is.

In kwantitatiewe navorsing in die algemeen word ’n verteenwoordigende steekproef van deelnemers uit ’n bekende populasie gekies, die veranderlikes word gemeet en die resultate word statisties ontleed om ’n hipotese te toets (Bloomfield & Fisher, 2019:27). Die derde stroming van navorsing in kwantitatiewe (variasie) sosiolinguistiek verskuif die tradisionele fokus van die veld van hoe linguistiese variante met sosiale kategorieë korreleer na hoe sprekers stilistiese variasie gebruik om sosiale betekenisse te skep in ontluikende diskoers, insluitend identifiserende en interaksiebetekenisse (Schilling, 2013:328). Dus word daar vir hierdie studie ’n kwantitatiewe benadering gevolg met ’n beskrywende navorsingsontwerp wat die inter- en intraspreker variasie, wat ’n manier sou wees om tussen sosiale kategorieë te onderskei, in ag neem.

## 3.3 Populasie en steekproef

### 3.3.1 Geografiese ligging

Die steekproef wat vir hierdie studie gebruik word, is afkomstig vanuit die noordoostelike dele van Suid-Afrika. Die noordoostelike dele van die land sluit provinsies soos Noordwes, Gauteng, Vrystaat, Mpumalanga en Limpopo in (sien Figuur 3.1). Die besluit om die noordoostelike dele as die area van belang vir hierdie studie te gebruik, is nie net gebaseer op die rasionaal dat die navorser in die area grootgeword het nie, waar die navorser gemaklik gevoel het om die navorsing uit te voer, maar omdat min tot geen navorsing gedoen is oor die gesproke taal van bruin jeugdiges (of bruin mense oor die algemeen) vanuit die noordoostelike dele van Suid-Afrika. Aangesien die navorser tydens die uitvoering van hierdie navorsing op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus gebaseer was, het dit logies sin gemaak om die studie te mik op die skooldistrikte naaste aan die navorser se kampus om sodoende finansiële en

toeganklikheidsbeperkings te verlig. Deur middel van gestratifiseerde ewekansige (oordeel) steekproefneming (*stratified random (judgment) sampling*) (Buchstaller & Khattab, 2013:78) vorm die Dr Kenneth Kaunda-distrik deel van die navorsing. Wanneer dit by die doelbewuste steekproefneming kom (*purposively sampled*) (Arsyad, 2024:2065), is ’n *township*- sekondêre skool in hierdie distrik gekies.

Vir verdere konteks, is daar volgens die 2022-Sensus sowat 61 000 bruin mense uit die totale populasie van 3 803 679 in Noordwes, waarvan sowat 200 000 Afrikaans eerstetaal sprekers, die derde dominante taal naas Setswana en Sesotho, in die provinsie. Daarbenewens huisves Noordwes die tweede meeste Afrikaans eerstetaal sprekers, naas Gauteng (1 502 940), tussen die vyf provinsies in die noordoostelike dele van die land. Met verwysing na die noordoostelike dele van Suid-Afrika word die studie tot Noordwes beperk omdat die Afrikaanssprekendes wat vir hierdie studie van belang is nie net in een van die dorpe woonagtig is waar Afrikaans een van die mees gesproke tale is nie, maar dat dit die dorp is wat bekend is vir die navorser. Spesifiek word die data versamel in Klerksdorp, wat ’n groot aantal Afrikaanssprekendes in Noordwes huisves.




**Figuur 3.1:** Landkaart van Suid-Afrika. Opname gebied in Noordwes provinsie (in die noordoostelike dele van Suid-Afrika)

### 3.3.2 Populasie

Omdat hierdie studie, sover vasgestel kon word, die eerste van sy soort is, is ’n *township*-skool in die Dr Kenneth Kaunda-distrik in Noordwes gekies as die (noordoostelike) area vanwaar die

data ingesamel word. Die *township*-skool wat gekies is, is van ’n voorstad in Klerksdorp en sy leerderpopulasie verteenwoordig twee van die rassegroepe (swart en bruin) in Suid-Afrika. Die deelnemers wat gekies is verteenwoordig egter slegs die bruin leerderpopulasie. Die rede vir die gekose *township*-skool is dat die studie spesifiek data wil versamel vanaf bruin jeugdiges uit die agtergeblewe gemeenskappe, wat bestaan uit die werkersklas (wat soms oorskuif na die insluiting van jeugdiges vanuit die middelklas, wat by dieselfde gemeenskapskool skoolgaan). Aangesien die navorser voorheen self dié *township*-skool bygewoon het, is die studie gemik op ’n bekende skool wat reeds toeganklik is. Dié skool is een van twee sekondêre skole in die gemeenskap. Sestien (16) leerders was vir observasie en individuele onderhoude geïdentifiseer: daar was drie (3) manlike en geen vroulike deelnemers vir die *klevaas*, vier (4) manlike en drie (3) vroulike leerders vir die *draadsitters*, en twee (2) manlike en vier (4) vroulike deelnemers vir die *moegoes* (sien Tabel 3.1).

### 3.3.3 Ouderdomsgroep

Met die term *tiener* word na persone van die ouderdom 13 tot 19 verwys (HAT, 2000). Maar Snyman (1987), soos aangedui deur Marais, 2005:11, verkies die term *jeug* (of *jeugdige*) wat tot ongeveer 18 jaar is, waar sy na die lewensfase van die *jeug* gekyk het. Die jeugdiges wat by hierdie studie betrek is, is dus tussen die ouderdom van 16 tot 19, met uitsonderings van jeugdiges ouer as 19 jaar.

## 3.4 Data-insameling

Volgens Apte (2001), soos aangedui deur Hernández-Campoy (2014:16), was data-insameling deur waarneming, in die vorm van uitgebreide onderhoudvoering, deelnemer waarneming, vraelys opnames, sistematiese aantekeninge en/of rekordhouding nog altyd die primêre veldwerkmetodes vir sosiolinguistiese studies, analise en beskrywing van individuele sosio-kulturele en linguistiese sisteme in navorsing. Twee data-insamelingsmetodes is gebruik om data te verkry wat relevant is vir die doel van hierdie studie: deelnemerwaarneming (observasie) en individuele onderhoude.

### 3.4.1 Observasie

Die beskrywende ontwerp maak staat op waarneming as ’n manier om data in te samel, om situasies te ondersoek ten einde vas te stel wat die norm is, dit wil sê wat voorspel kan word om weer onder dieselfde omstandighede te gebeur (Walliman, 2022:10). Walliman (2022:10) merk

op dat dit met waarneming afhang van die tipe inligting wat gesoek word: daar kan met mense onderhoude gevoer word, vraelyste kan versprei word, visuele rekords gemaak word, selfs klanke opgeneem word. Hy wys verder daarop dat die waarnemings op een of ander manier neergeskryf of opgeteken moet word, sodat dit daarna ontleed kan word.

As navorser het ek observasie gedoen deur anekdotiese rekords (Nieuwenhuis, 2012) te neem om die deelnemers se lidmaatskap aan die sosiale groepe wat vir hierdie studie van belang is, te kategoriseer (sien Bylaag 2). Deelnemers was geïdentifiseer soos uiteengesit in Bylaag 2 en indien daar ander kenmerke voorgekom het wat hul gedrag beskryf, was dit by die bestaande kenmerke bygevoeg. Deelnemers was waargeneem tussen ander leerders, hul aktiwiteite op die skoolterrein en wat hulle tydens klastyd doen: wanneer hulle byvoorbeeld veronderstel was om in die klas te wees, maar eerder buite die klas was. Benewens die navorser se anekdotiese rekords, was deelnemers gewerf op grond van die volgende oorwegings: (i) jy identifiseer as 'n manlike of vroulike bruin persoon, wat 'n (ii) moedertaal Afrikaanssprekende is, (iii) wat in Klerksdorp woonagtig is en (iv) skoolgaan by die *township*-skool in die area.

Gegewe die aard van hierdie studie, was dit gepas om deelnemers te werf deur gebruik te maak van 'n werwingsbrief wat deelnemers en ouers 'n kort beskrywing gegee het van wat die studie behels. Deelnemers was deur die navorser genader tydens pouse of in die verbygaan of wanneer deelnemers op die skoolterrein gesien was en gevra of hulle sou belangstel om aan 'n navorsingstudie deel te neem, gevolg deur 'n verduideliking van wat die studie behels en hoe die data versamel sou word. Die identifisering van die deelnemers het 'n paar weke voordat die individuele onderhoude plaasgevind het, begin. Om deelnemers vroeër te identifiseer het gehelp om die nodige toestemming (of instemming in relevante gevalle) te verkry voordat die opgeneemde gesprekke (onderhoude) plaasgevind het. Nadat hulle die werwingsbrief van die navorser ontvang het, het deelnemers drie (3) dae gehad om aan te dui of hulle bereid sou wees om aan die studie deel te neem. Uit die beoogde 18 deelnemers het 16 uiteindelik deelgeneem.

### 3.4.2 Individuele onderhoude

Soortgelyk aan Labov (1972b:113) se bekende vraag wat betrekking tot die *danger of death* het: *Have you ever been in a situation where you were in serious danger of being killed, where you thought to yourself, This is it ... What happened?,* wat informele gesprekke ontlok en om deelnemers gemaklik te stel, het hierdie studie ter wille van die waarnemersparadoks die primêre vraag gesentreer rondom die Covid-19-pandemie, maar dit was nie hiertoe beperk nie. Die *open-*

*ended*[16] vrae (oftewel oop vrae), wat in hierdie verband gebruik is, het die deelnemers se antwoorde op die vrae vergemaklik en spontane gesprek moontlik gemaak.

Die besluit om die vrae rondom die Covid-19-pandemie te sentreer, is gebaseer op die rasionaal dat die deelnemers die volgende kernonderhoudsvrae onder andere in die verlede tyd sou beantwoord, met die gevolg dat die regularisering van werkwoorde byvoorbeeld in hul taalgebruik na vore sou kom, met opvolgvrae wat uit die gesprek sou voortkom:

- Watter kommunikasiemetode het jy tydens die Covid-19-pandemie gebruik?
- Hoe was jou kommunikasie tussen familie, vriende, ens.?
- Wat was van die interessante dinge wat tydens die pandemie gebeur het?

Vir hierdie mikro-sosiolinguistiese studie, en ander (Labov, 1972; Eckert, 1989; Marais, 2005; Saal & Lawrence, 2019), is die inhoud van wat in hierdie onderhoude gedeel word nie van belang nie, maar wel die relevante grammatikale verskynsels. Onderhoude was met deelnemers van die verskillende sosiale groepe gevoer om die navorser te help om die gebruiksfrekwensie van die geïdentifiseerde grammatikale verskynsels in die taalgebruik van die sosiale groepe te beskryf. Onderhoude was in informele Afrikaans gevoer want dit is die mees algemene taalvorm tussen leerlinge by die skool.

Individuele onderhoude (16)[17] het deelnemers ingesluit van elke sosiale groep. (Verdere inligting in 4.3.1). Die onderhoude was ongeveer 30 tot 40 minute tydens pouse (duur vir 'n uur) of (af) klasperiode (duur vir 45 minute). Geriefpouses van 5 minute was ook ingewerk. Maar die somtotaal van die onderhoudure was ongeveer 4 ure, met individuele onderhoude wat gewissel tussen 8 tot 27 minute (sien BYLAAG 1 vir die duur van elke individuele onderhoud).

Alle onderhoude het by die skool plaasgevind om gerief vir deelnemers te verseker. Die skoolomgewing is ook 'n meer beheerde omgewing, en die aangewese ruimte wat vir onderhoude verskaf is, was die geskikste omgewing om te verseker dat geen inmenging van geraasvlakke hoog is nie.

---

[16] Volgens Agustianingsih en Mahmudi (2019:2) vergemaklik *open-ended* vrae studente se vermoë om meer vrylik hul individuele denkvermoë te handhaaf en nie beperk word tot een antwoord soos deur *closed-ended* vrae verwag word.

[17] Aanvanklik wou hierdie studie gebruik maak van 'n gelyke aantal deelnemers om individuele onderhoude mee te voer, wat 18 deelnemers sou insluit: ses (6) deelnemers per groep, met drie (3) seuns en drie (3) meisies per groep, maar uit deelnemers se vrywillige belangstelling aan hierdie studie, is daar slegs 16 deelnemers gevind.

| | Seuns | Meisies |
|---|---|---|
| ***Klevaas*** | 3 | geen |
| ***Moegoes*** | 2 | 4 |
| ***Draadsitters*** | 4 | 3 |

**Tabel 3.1:** Deelnemers vir die individuele onderhoude, insluitend seuns en meisies

### 3.4.3 Kategorieë van sosiale groepe

Die kategorisering van sosiale groepe was gebaseer op beskrywende gedrag, soos geobserveer deur die navorser. (Hierdie kategorisering van die sosiale groepe is nie vas nie, maar was deur die navorser se observasie bevestig). Eckert (1989) het onder andere na die volgende gekyk, wat in ’n sekere opsig teen die skoolreëls gegaan het:

- Die manier hoe ’n groep aantrek: bv. die *burnouts* dra hul baadjies in die gange en sit dit nie in hul sluitkassies nie, wat teen die skoolreëls is (Eckert, 1989:61);
- Deur te rook in die binnehof: *cigarettes serve as a key burnout symbol* (Eckert, 1989:62);
- Eetgewoontes: bv. *Jocks* eet kos wat by hul huise voorberei is, terwyl *burnouts transform junk food into counter-cultural statements* (Eckert, 1989:63);
- Waar groepe eet (plek): *jocks* eet buite die kafeteria, terwyl die *burnouts* by die ingang van die binnehof en binne die binnehof sit en eet (Eckert, 1989:66).

Anders as Eckert (1989) se deelnemers, moet die Suid-Afrikaanse hoërskoolleerder aan die skool se reëls oor skooldrag (oftewel uniform) voldoen. Aan die begin van die onderhoude het die navorser die deelnemers gevra om hul aktiwiteite in die skoolomgewing te beskryf, om sodoende die navorser se kategorisering van deelnemers as lid van ’n sekere sosiale groep te bevestig. As navorser, het ek ook die groepe nie net op grond van hul manier van uitdrukking geïdentifiseer nie, maar ook op grond van hoe groepe hul skooldrag aantrek en die aktiwiteite waaraan leerders op die skoolperseel deelneem, wat deel vorm van hul beskrywende gedrag. Die manier hoe sosiale groepe verkies om met ’n spesifieke groep te identifiseer, word nie sodanig deur hul sosio-ekonomiese agtergrond bepaal nie, soos geobserveer deur Eckert (1989), maar kan wel gesien word as leerders[18] se poging om met ’n sekere sosiale groep in die skoolomgewing te

[18] Daar sal nie tussen adolessente of tieners en jong mense in hierdie studie onderskei word nie; in plaas daarvan sal hulle onder *jongmense* of *jeugdiges* gegroepeer word, begrippe wat ononderskeidbaar

identifiseer.

### 3.4.4 Die gebruik van slimfone

Volgens Wissing (2022) word die gebruik van slimfone vir die opneem en stuur van stemdata toenemend met groot sukses gebruik. Sosiolinguiste maak al hoe meer gebruik van slimfoon- of tabletopnames (Hall-Lew *et al.*, 2022; Kelly & Diskin-Holdaway, 2022; Leemann *et al.*, 2020; Sneller *et al.*, 2022) as deel van verafgeleë (*remote*) tegnieke vir data-insameling namate slimfone en die internet in gewildheid groei (Sneller & Barnhardt, 2023:2). Dieselfde kan gesê word vir ’n meer algemene benadering waar die inhoud nie sodanig in variasiestudies van belang is nie maar ’n ondersoek van die kenmerkende grammatikale verskynsels van ’n taal. Natuurlik is slimfone nie die ideale data-versameling instrument nie, soos opgemerk deur Wissing (2022), maar slimfone het tog groot potensiaal om taalgedrag intyds (*in real-time)* te monitor: hulle maak voorsiening vir grootskaalse en vinnige versameling van geskrewe teks, spraak of beelde (Hilton & Leemann, 2021:2). Slimfone het al die gereedskap wat nodig is vir basiese opname toestelle: hulle kan data stoor en oordra, en selfs ’n mikrofoon is ingesluit wat vir menslike stemfrekwensies ingestel is (Purkarthofer, 2019). Vir hierdie studie was die gebruik van ’n slimfoon gepas omdat grammatikale veranderlikes van natuurlike spraak van belang is en nie sodanig klank nie, wat nie noodwendig deur ’n slimfoon goed opgeneem sou kon word nie.

Vir akkuraatheid, het die navorser 'n sistematiese en gefokusde luisterbenadering gevolg. Elke onderhoudopname, wat met die slimfoon gedoen is, is verskeie kere gespeel om sorgvuldige aandag aan detail toe te laat. Tydens elke luistersessie het die navorser gefokus op die identifisering van voorafbepaalde grammatikale veranderlikes en hul voorkoms, konteks en funksie en dit aangeteken. Om konsekwentheid te handhaaf en die waarskynlikheid van gemiste gevalle te verminder, is 'n gestruktureerde waarnemingsblad of koderingsraamwerk gebruik om elke grammatikale veranderlike aan te teken soos dit verskyn het. Dit het gehelp om frekwensie, verspreiding en variasie tussen deelnemers op te spoor. In gevalle waar dubbelsinnigheid ontstaan het, is dele van die opname herspeel om die teenwoordigheid of funksie van die betrokke kenmerk te bevestig.

Alhoewel volledige transkripsies nie geproduseer is nie, is sleuteluittreksels aangeteken en tydstempel om analise te ondersteun en kruiskontrole moontlik te maak waar nodig. Hierdie metode het verseker dat alle relevante data sistematies vasgelê is, wat 'n deeglike en

gebruik word. Hierdie studie sal dus jongmense beskou as persone tussen die ouderdomme van 16 en 21.

betroubare analise van die grammatikale veranderlikes wat ondersoek is, moontlik gemaak het.

## 3.5 Etiese oorwegings

’n Aansoek om etiese klaring is by die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee HSSREC ingedien, en die aansoek is goedgekeur (NWU-01156-23-A7) voordat data-insameling begin het (sien ook Bylaag 3). Die volgende maatreëls ten opsigte van etiese sorg is getref om die beskerming van al die betrokke partye te verseker.

Deelname aan die studie was heeltemal vrywillig, en dit is duidelik in die werwingsmateriaal gestel. In die werwingsbrief is deelnemers ’n beskrywing van die studie gegee, ’n aanduiding van die tipe deelnemers wat die navorser gesoek het, en wat deelname sou behels. Dit het ook aangedui dat geen deelnemers jonger as 16 jaar toegelaat sou wees om deel te neem nie. Die instemming en/of toestemming van die deelnemer is dan vereis voor die aanvang van die data-insameling.

Deelnemers is deur die navorser skuilname gegee, wat totale anonimiteit waarborg. Dit is ook beklemtoon dat enige persoonlike inligting wat hulle wel verkies om bekend te maak, heeltemal vertroulik sou bly, met slegs die navorser (en studieleiers) wat direkte toegang daartoe het. Daar was ook die opsie om kontakinligting te verskaf indien die deelnemer die finale resultate van die studie wil ontvang.

Ingeligte toestemming om die onderhoud te doen en op te neem is deur elke deelnemer verskaf voordat die onderhoud geskeduleer is, en hul identiteite is aan niemand buite die navorsingsprojek bekend gemaak word nie. Die volgende ingeligte toestemming is verkry voor die aanvang van die opgeneemde gesprekke:

- ingeligte toestemming vanaf die skoolhoof);
- ingeligte toestemming van deelnemers wat 18 jaar en ouer is; en
- ingeligte instemming van minderjarige (16-17 jariges) deelnemers, met ingeligte toestemming van ’n ouer/voog.

## 3.6 Die rol van die navorser

Om meer oor ’n verskynsel te wete te kom, kan ’n navorser betrokke raak by direkte deelnemer-interaksie in die navorsingsontwerp (Carter *et al*., 2023:1). Carter *et al*. (2023:1) beweer dat begrip die doel van hierdie betrokkenheid is, en die finale produk van die navorsing is ’n formele publikasie wat tipies deur die navorser geskryf is. Om hierdie rede is die navorser se rol

noodsaaklik in die bestudering van 'n verskynsel. Al-Wer *et al*. (2022:10) stem saam deur te sê dat *researchers decide on the linguistic features or phenomena they want to study on the basis of observation or simply on the basis of their intuition*. Daarom kan die navorser se rol as *in-group member* verder die deelnemer-interaksie vergemaklik omdat *in-group membership by the interviewer often guarantees less self-monitoring, thus attaining samples that are closer to the vernacular [natural speech] and free of stylistic constraints* (Hernández, 2009:604).

Volgens Bamberg (2006:69) help dit ook as die onderhoudvoerder die gesprek begin met 'n oop vraag om die deelnemer te help om gemaklik te voel en spontane (*unscripted*) antwoorde aan te moedig. Hy noem verder hoe deurslaggewend dit vir die onderhoudvoerder is om die gesprek aan die gang te hou sonder om in te meng. Oop vrae, in beginsel, bied geleenthede vir mense om hul idees uit te druk (Wasik & Hindman, 2013:302), daarom het die navorser in hierdie verband die oop vrae as riglyn vir hierdie studie gebruik.

## 3.7 Data-verwerking

Met die individuele onderhoude as metode van dataversameling, was elke opname drie (3) keer deurgewerk om deeglikheid te verseker. In hierdie verband het die studieleiers met steekproewe (*spot checks*) gekontroleer. Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord, was die grammatikale verskynsels deur die navorser geïdentifiseer en aangeteken. Meeste van die geïdentifiseerde grammatikale veranderlikes het een variant (bv. die variant *beginne* i.p.v. *begin*) terwyl daar meer is vir ander (bv. *goete*, *goetes*, *goeters* of *goeterse*). Slegs die geïdentifiseerde grammatikale veranderlikes is in berekening gebring vir vergelykingsdoeleindes. Die keuse van die grammatikale verskynsels vir hierdie studie is bloot om vas te stel tot watter mate die deelnemers die indeksikale merkers teenoor die standaardvariant gebruik.

Die grammatikale verskynsels is met mekaar vergelyk op grond van die gebruiksfrekwensie in die gesproke taal van bruin jeugdiges, wat 'n aanduiding gee van die kenmerkende grammatikale verskynsels wat in hul taalgebruik opgemerk kan word. Die resultate van die ondersoek , wat die aantal gevalle van die geïdentifiseerde grammatikale veranderlikes met persentasies (%) insluit, is gebruik om te bepaal watter sosiale groeperings meer geneig is om kenmerkende grammatikale verskynsels te gebruik wat eie is aan die sosiale groep(e).

## 3.8 Samevatting

Die studie se ontwerp en metodologie is in hierdie hoofstuk uiteengesit. Binne die raamwerk van variasie-sosiolinguistiese studie het die hoofstuk die frekwente gebruik van spesifieke

grammatikale verskynsels wat in die taalgebruik van bruin jeugdiges aangetref word, bespreek. Dit is bereik deur die gebruik van hierdie ontwerp en metodologie. Die hoofstuk het veral die taalgebruik van bruin jeugdiges uit verskeie sosiale groepe in ’n opvoedkundige omgewing gedek. Die gebruik van ’n kwantitatiewe navorsingsontwerp in ’n variasie-sosiolinguistieke studie en gepaardgaande etiese besorgdheid is gemotiveer, asook die omsigtigheid waarmee die data-insameling, analise en steekproefprosedures hanteer is. Soos hierdie hoofstuk gemotiveer het, ondersoek en bespreek die volgende hoofstuk die kwantitatiewe data wat verkry is met behulp van die instrumente wat gebruik is.

# HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

## 4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied die bevindinge aan rakende die sosiale groeperings wat linguistiese variasie in bruin jeugdiges se taalgebruik aantoon. Spesifiek word die variasie wat in leerders se gesproke taal voorkom, bespreek en met Standaardafrikaans vergelyk. Eerstens word die bevindinge van die empiriese (gebaseer op observasie) studie gerapporteer, wat toon dat sosiale kategorisering ’n bydraende rol speel waarin maniere gevind word om groepe te onderskei op linguistiese vlak. Die resultate van die sosiale kategorisering wat verband hou met die grammatikale veranderlikes van die individuele onderhoude word dan vervolgens in hierdie afdeling gegee en geïnterpreteer.

## 4.2 Analise en interpretasie van waarnemingsdata

### 4.2.1 Aanbieding van anekdotiese (waarneming) notas

’n Verkorte weergawe van die navorser se anekdotiese waarnemingsnotas van die steekproef oor eienskappe van leerders se assosiasie met ’n spesifieke sosiale groep word in Tabelle 4.1 en 4.2 op die volgende bladsye weerspieël. Die notas gee aanduidings van hoe groepe hul skooldrag dra en die aktiwiteite waaraan leerders op die skoolperseel deelneem, om sodoende hul groepassosiasies te onderskei.

#### 4.2.1.1 Kleredrag as simboliese waarde

Aangesien die meeste skole vereis dat leerders skooldrag moet dra, gebruik leerders verskillende maniere om hulself van ander in die skoolomgewing te onderskei. Een hiervan wat meer duidelik en sigbaar is, is hul manier om hul skooldrag te dra. Die dra van skooldrag is ’n aanduiding van respek vir gesag en aanvaarding van die skoolreëls met betrekking tot skooldrag. Die groep wat meer geneig is om aan hierdie reël te voldoen, soos waargeneem, is die *moegoes*. Die *moegoes*, soos die *jocks*, *endorse the corporate norms of the school and the overriding authority of the teachers running it* (Eckert, 2018:48), waar hulle nie ’n probleem het om hul skooldrag soos vereis te dra nie. Dit plaas *moegoes* in goeie aansien by onderwysers, wat hierdie manier van

die dra van die skooldrag meer aantreklik maak en in ’n positiewe lig gesien word. Dit kan hulle nader daaraan bring om as goeie verteenwoordigers van die skool gesien te word, wat hulle in aanmerking sou bring vir leierskapposisies soos om as lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) of in Engels die (*Representative Council of Learners* (RCL)) gekies te word. Die VRL is ’n wettig verkose raad van leerders wat al die leerders in ’n skool verteenwoordig, meestal met twee verteenwoordigers wat uit elke graad verkies word om ’n raad van leerderverteenwoordigers te vorm (Department van Basese Onderwys, 2021). By die skool van belang vir hierdie studie is lede van die VRL tot graad 12-leerders beperk. Hierdie uitkyk geld ook vir diegene wat as klasverteenwoordiger in die ander grade (graad 8-11) gekies is. Soos in hierdie studie waargeneem, is die leerders wat deel vorm van enige leierskapstruktuur tipies van die *moegoe* sosiale groep. Leierskapposisies is egter nie beperk tot daardie lede uit ’n sekere sosiale kategorie (*moegoes*) nie, maar oop vir almal wat leierseienskappe in die skoolomgewing vertoon en akademies goed presteer. Diegene wat vir hierdie posisies gekies word, moet die spesifieke skooldrag (sien Tabel 4.1) dra wat hulle van die res van die leerderpopulasie onderskei.

| Seuns | Meisies |
|---|---|
| Ander kleur hemp<br>Skooldas<br>Grys broek<br>Swart skoolskoene | Ander kleur hemp<br>Skooldas<br>Skoolromp<br>Swart skoolskoene |

**Tabel 4.1:** Skooldrag vir VRL-lede

Aangesien die skooldrag ’n mate van simboliese waarde het, kom dit alles neer op hoe leerders kies om dit te dra in ’n poging om hul sosiale identiteit of lidmaatskap aan ’n groep in die skoolomgewing te bevestig. Daardie leerders wat nie noodwendig deel is van enige leierskapstruktuur in die skool nie, kan steeds onderskei word van diegene wat kies om teen die reëls te gaan en nie by reëls rakende skooldrag te hou nie. In die geval van die *Jocks* het die meisies pastelle in beide klere en grimering gedra (Eckert, 1989, 2012). Dit het hul manier geword om steeds ’n beeld te reflekteer wat bevredigend of gepas was vir ’n destydse skoolleerder. Dit was opmerklik dat die *moegoes* aan dieselfde standaard wat vir leerders uiteengesit word, voldoen, naamlik om die skooldrag te dra soos deur die skoolreëls vereis word. Op grond hiervan het die *moegoes* van beide geslagte uitgestaan as die sosiale groep wat die skoolreëls op skooldrag nakom.

Met betrekking tot hoe leerders kies om hul skooldrag te dra, het die seuns se skoolbroeke die meeste uitgestaan. Die navorser het opgemerk dat die grys broek wat die seuns dra, aangepas

is, wat beteken dat in plaas daarvan dat hul broek ’n normale snit het, sommige leerders dit verander het na ’n stywe (*skinny*) snit. Dit het uitgestaan omdat dit nie vir elke seun in die skool die geval was nie. Van die seuns (meestal die *moegoes*) het verkies om hul broek met die normale snit te dra soos vereis deur die skoolreëls, terwyl ander (in die meeste gevalle die *klevaas* en *draadsitters* soos waargeneem deur die navorser) vir ’n stywe snit gekies het. Dit het een van die maniere geword om leerders se groeplidmaatskap te differensieer en is gevind om die verskillende sosiale groeperings te kategoriseer. Hierdie behoefte om op 'n sekere manier aan te trek, is ook opmerklik uit ander studies.

In Eckert (1989:65) se studie het haar waarnemings onder meer getoon dat die kontinuum van mode in *jeans* van *wide bells to plegged baggies – from greater to smallest ration of leg bottom to leg top width – was closely related not simply to social category, but to finer gradations of social affiliation*. Dit was duidelik dat daar ’n korrelasie was tussen die gemiddelde *jean*-beenwydte (3,7 breedte) in die *burnout* area van die binnehof (*courtyard*) en die *jock* area in die gang voor die kafeteria (2,6 breedte), en ’n oorgang in daardie breedte in die middelruimte beset deur *in-betweens* (Eckert, 1989:66) (Verwys ook na Eckert (1980) vir ’n in-diepte bespreking oor die kwessie van *jeans*). Dit is opmerklik dat hierdie veranderinge wat deur die seuns in hierdie studie aan hul skoolbroeke gedoen is nie beperk is tot ’n spesifieke sosiale kategorie of sekere gedrag (d.w.s. rebellie) teen die skoolreëls is nie. Om te bepaal watter groep(e) meer geneig is om hul skoolbroeke se snit te verander, was waargeneem deur die navorser dat *draadsitter* seuns meer geneig is om hul skoolbroek snit te verander. Daar was wel ’n paar uitsonderings waar die navorser opgemerk het dat leerders wat aan enige van die drie sosiale groepe sou behoort, ook kies om (stywer) verstellings aan hul skoolbroek aan te bring, maar dat dit meer deur ’n *draadsitter* (of *kleva*) seun gedoen is. Met die *draadsitter* meisies (soos die *moegoe* meisies) wat in hierdie studie betrek is, was daar nie duidelike onderskeid in skooldrag nie, as gevolg van die nakoming van die skoolreëls op skooldrag. Dit is belangrik om te onthou dat die *draadsitters* oor die algemeen, soos die *in-betweens*, sekere skoolaktiwiteite en sienings deel wat tipies met die *moegoes* of die *klevaas* geassosieer kan word en in hierdie studie toon die *draadsitter* meisies dieselfde gedrag as die *moegoe* meisies op grond van die nakoming van die skoolreëls op skooldrag. Dus het die navorser (onder andere) kenmerke soos veranderinge wat aan die skoolbroek se snit gemaak word, gebruik om die *draadsitter* seuns vir hierdie studie te identifiseer. Die *draadsitter* meisies was gekategoriseer op grond van hul aktiwiteite in die skoolomgewing, en selfs buite die skoolomgewing soos opgemerk in die beskrywing van hul leefwyse tydens die individuele onderhoude.

### 4.2.1.2 Grondgebiede en aktiwiteite in die skool

’n Korrelasie kan gevind word tussen die sosiale kategorieë en die areas (of gebiede) waar leerders kies om in die skoolomgewing te kuier en sommige van die aktiwiteite wat in die areas plaasvind. Sommige areas op die skoolterrein is sigbaar vanaf die skoolkantoorgebou, wat dit maklik maak om ’n uitsig te kry van die verskillende areas wat leerders beset of aan hulself toewys. Soos deur die navorser waargeneem, is die areas wat vanaf die skoolkantoorgebou sigbaar is, geneig om meestal die *moegoes* (en *draadsitters*) te huisves. Die aktiwiteite van die *moegoes* (of *draadsitters*) is normaalweg minder geheimsinnig, daarom is dit nie nodig om weg te kruip vir gesagsfigure in die skool nie, onderwysers en VRL-lede ingesluit. Hulle aktiwiteite sou onder andere die speel van handtennis of sokker insluit, of om voor ’n klas- of skoolkantoorgebou te sit. (Tabel 4.2 toon die aktiwiteite van die verskillende sosiale groeperings in die skool). Die aktiwiteite van die leerders in hul onderskeie areas kan ’n aanduiding gee van die sosiale dinamiek in die skoolomgewing en daarmee saam die praktykgemeenskap van leerders wat hulle daarmee vereenselwig.

| Aktiwiteite | *klevaas* | *moegoes* |
|---|---|---|
| **Voor skool (of klasse) in die oggend begin** | Rook dien as ’n kern *kleva* simbool by die seuns se toilette, selfs by die meisies se toilette | Kuier in die klasgebou se gange en voor die klas |
| **Aktiwiteite tydens pouse** | Speel sokker of rugby tussen klasgeboue, en soms handtennis<br>Sit in geïsoleerde areas (langs die heining, of binne of agter die toilette) en rook | Speel handtennis, skaak, en soms sokker of rugby tussen klasgeboue<br>Doen terreindienste – VRL-lede<br>Artistiek (d.w.s. tekenings)<br>Sit voor of binne ’n klaskamer |

**Tabel 4.2:** Aktiwiteite van die verskillende sosiale groeperings in die skool, insluitend *klevaas* en *moegoes*

In Eckert (1989) se studie is dit duidelik dat ’n sekere gedrag aan ’n sekere sosiale groep gekoppel kan word. Leerders wat rook was een van die optredes wat Eckert uitgelig het, wat ’n simboliese waarde vir die *burnouts* het. Leerders wat rook doen dit om verskeie redes. Volgens Plumridge *et al*. (2002:168) het vorige studies wat jeugdiges se gedrag waargeneem het, getoon dat rook die meeste voorgekom het onder *top* meisies - diegene wat ’n beeld van hoë selfbeeld uitstraal, mooi lyk, baie gewild en *cool* - wat rook aangesien dit geassosieer word met ’n hoogaangeskrewe sosiale styl (sien ook Michell & Amos, 1997; Amos & Bostock, 2007). Hulle noem verder dat slegs ’n klein persentasie meisies wat rook ’n lae selfbeeld en swak sosiale

vaardighede het en gedwing is om te begin rook. Aan die ander kant omdat hul begeerte om fiks en *cool* te wees gebots het met hul belangstelling in sport, rekenaars en musiek, was *top* seuns minder vatbaar vir rook (Michell & Amos, 1997). Seuns wat rook word meestal as *moeilikheidmakers* beskou, eerder as om bewonder te word (Michell, 1997:10). Dus rook verskillende groepe in die skool om verskeie redes, wat dikwels verbind word met groeplidmaatskap en sosiale hiërargie in skole (Michell, 1997:1). In die Suid-Afrikaanse (selfs in die VSA en ander nie-Westerse lande) skoolomgewing gaan rokery teen die skoolreëls, maar vorm deel van *coolness* of om *streetwise* te wees, wat vir die *klevaas* nes die *burnouts* simboliese waarde het. Hierdie tipe gedrag word dan tipies met die moeilikheidmakers in die skool geassosieer, soos in die geval van die *klevaas* (en soms *draadsitters*). 'n Onderskeid kan nie noodwendig tussen die seuns en meisies getref word nie, soos ook in Michell (1997) en Plumridge *et al*. (2002), omdat daar vir beide geslagte in die skool van belang vir hierdie studie rokers gevind is.

Die ander waarneembare simboliese waarde, soos gesien in Eckert (1989), is in leerders se voedselvoorkeure. Alhoewel die konteks van hierdie studie verskil van dié van 'n voorstedelike hoërskool in Detroit in die 1980's, kan ooreenkomste steeds gevind word met sekere belangstellings, selfs met iets soos eetgewoontes onder sosiale groepe in die skoolomgewing. Byvoorbeeld, *jocks* het warm middagetes wat by die huis voorberei word, verkies en *burnouts* transformeer gemorskos (hoofsaaklik skyfies) tot "counter-cultural food statements" (Eckert, 1989:63). Die *moegoes* het dieselfde benadering as die *jocks*, waar hulle warm middagetes van die huis af gebring het. Gegewe die feit dat die skoolwinkel produkte verkoop wat redelik kostedoeltreffend (*cost effective*) is by die skool van belang vir hierdie studie, is al die leerders in die skool egter geneig om die produkte by die skoolwinkel te koop wat as gemorskos beskou kan word. Dit beteken dat gemorskos nie omskep kan word in teen-kulturele kosverklarings (*counter-cultural food statements*) nie, want by die skool van belang maak alle sosiale groeperings by verstek gebruik van hierdie eetgewoonte.

Die atmosfeer in hierdie verskillende areas wat deur die sosiale groepe beset word, verskil ook. Soos in die geval van die *burnouts*, kan 'n meer somber en vertroulike (*confidential*) atmosfeer, soos hulle rook en rustig praat en af en toe flous, ook onder die *klevaas* gevind word. Die *moegoes* aan die ander kant skerts (*fool around*) ook af en toe, maar is meer stil en gereserveerd, wat anders is vir die *jocks* wat 'n skemerkelkie-atmosfeer het (Eckert, 1989:67). Hierdie waarneming help om die verskillende areas in die skoolomgewing te verstaan, waar die atmosfeer in die gebied 'n bydraende faktor tot leerders se aktiwiteite in die skool kan wees.

### 4.2.2 Voorlopige gevolgtrekkings met betrekking tot die interpretasie van die anekdotiese waarnemingsnotas

Om hierdie afdeling af te sluit oor die keuse van kleredrag en aktiwiteite in die skoolomgewing om sodoende die verskillende sosiale kategorieë te onderskei, word daarop gelet dat leerders waarde heg aan sekere gedrag binne die skoolomgewing wat met 'n spesifieke sosiale kategorie geassosieer kan word.

Dit is duidelik dat die nakoming van die gedragskode van die skool ten nouste met *moegoes* en in sommige gevalle met *draadsitters* geassosieer word. Veral diegene wat deel word van die leierskapstruktuur van die leerders sal tipies dieselfde belangstellings van die *moegoe* of *draadsitter* sosiale kategorieë deel. Die gebiede wat hierdie twee sosiale kategorieë beslaan is geneig om meer in die openbaar te wees en sluit aktiwiteite in wat minder geheimsinnig is as dié van die *klevaas*. Die *klevaas*, wat geneig is om gedrag te openbaar wat in stryd is met skoolreëls, is meer geneig om areas te beset wat minder toeganklik is vir gesagsfigure (onderwysers en VRL-lede) in die skoolomgewing. Dit is ook hulle, en in sommige gevalle die *draadsitters*, wat veranderings aan hul skooldrag, spesifiek hul skoolbroeke, aanbring om hulself van ander te onderskei.

Om jou lidmaatskap aan een van die sosiale kategorieë wat in die skoolomgewing voorkom, te wys, sal sekere gedragspatrone gevolg moet word, wat blyk uit die anekdotiese notas vir hierdie studie. Deur die verskillende groepe in die skoolomgewing te kategoriseer, is variasie in die taalgebruik van bruin jeugdiges ondersoek. Die resultate van die individuele onderhoude wat variasie tussen grammatikale veranderlikes gevind het, word in die volgende afdeling bespreek.

## 4.3 Analise en interpretasie van onderhoude

### 4.3.1 Aanbieding van data van onderhoude

Die primêre data-insamelingsmetode vir hierdie studie van variasie in bruin jeugdiges se taalgebruik vanuit die noordoostelike deel was individuele sosiolinguistiese onderhoude, wat verskeie betekenisvolle ontdekkings opgelewer het, en die resultate van hierdie onderhoude word hieronder bespreek. Variasie word dus aan die hand van die volgende twee kategorieë bespreek:

1. Sosiale groeperings
    a. *klevaas*
    b. *draadsitters*
    c. *moegoes*
2. Geslag[19]
    - *draadsitter*-seuns en -meisies
    - *moegoe*-seuns en -meisies

Die sosiale kategorieë is vooraf bepaal in terme van verskeie kategorieë, wat in die vorige afdeling bespreek is (sien 2.3.3.2). Benewens hierdie onafhanklike veranderlikes, was al die deelnemers woonagtig in Alabama, Klerksdorp. Al die deelnemers is in die verskillende sosiale kategorieë verdeel op grond van hul gedeelde belangstellings en aktiwiteite in die skoolomgewing, wat hul groeplidmaatskap bepaal het. Met betrekking tot die studie van linguistiese variasie wat verband hou met geslagsverskille, het 'n mate van variasie voorgekom en is ingesluit in die bespreking van die linguistiese veranderlikes.

Daarbenewens is dit opmerklik dat dit nie ongewoon is om 'n oneweredige aantal groepe in kwantitatiewe analise navorsing te vind nie (Moore & Podesva, 2009), wat die geval was in hierdie studie waar die groepe bestaan het uit: 3 seuns en geen meisies (*klevaas*), 4 seuns en 3 meisies (*draadsitters*), en 2 seuns en 4 meisies (*moegoes*), wat die somtotaal van deelnemers tot 16 bring. Met die meisies wat deel sou vorm van die *kleva* groep, was daar geen belangstelling om aan hierdie studie deel te neem. Dit is nie onverwags vir *klevaas*, hetsy meisies of seuns, om nie aan skoolgebaseerde aktiwiteite deel te neem nie, selfs met navorsing wat in die skoolomgewing gedoen word, veral deur 'n gesagsfiguur (die navorser). Daarom word die bespreking van variasie op grond van geslag tot die *draadsitters* en *moegoes*, wat beide geslagte insluit, beperk omdat daar geen meisie *klevaas* aan die studie deelgeneem het nie. BYLAAG 1 bied 'n oorsig van die aantal deelnemers en hul groeplidmaatskap aan die verskillende sosiale groeperings soos gevind in die *township*-skool van belang.

Dit is die moeite werd om te noem dat die meeste van die deelnemers se belangstellings en aktiwiteite maklik was om te identifiseer en in die sosiale kategorieë te klassifiseer, maar daar

[19] Die data van die *klevaas* het nie meisies ingesluit nie en dit kon nie vir vergelykingsdoeleindes ingesluit word nie omdat 'n akkurate weergawe van 'n vergelyking nie moontlik sou wees nie. Byvoorbeeld, in sommige gevalle kan 'n variant 'n *kleva*-merker wees, maar dit kan nie bepaal word of dit slegs deur die seuns of albei geslagte in die groep gebruik sou word nie, aangesien daar geen data vir die meisies is nie. Dit sou nodig wees om 'n verteenwoordiging van beide geslagte te hê vir al drie sosiale groeperings om 'n vergelyking te doen, maar in hierdie geval was die *moegoes* en *draadsitters* die enigstes met verteenwoordiging in die steekproefpopulasie van beide geslagte vir die vergelyking.

was ’n uitsondering met een deelnemer. Op grond van sy skoolagtergrond het een van die manlike deelnemers (skuilnaam *Wendel*) dieselfde belangstellings en aktiwiteite (bv. Om tydens pouse te rook) geassosieer met die *klevaas* gedeel, maar sou later in sy finale jaar van skool van hulle wegbeweeg en dieselfde aktiwiteite deel wat meer met die *moegoes* geassosieer word (bv. VRL-lid). Nogtans was dit duidelik dat sy gedrag in die skoolomgewing (om *streetwise* te wees) steeds ooreenkomste met die *klevaas* sou hê, wat hom dus as *kleva* vir hierdie studie sou kwalifiseer.

Oor die algemeen het die sosiale kategorieë en die twee geslagte ’n mate van variasie in die resultate getoon, en die mees betekenisvolle bevindinge van hierdie praktykgemeenskap navorsing word hieronder bespreek.

#### 4.3.1.1 Interpretasie van data van onderhoude

- **Variasie tussen *gehet* en *gehad***

Wanneer daar gekyk word na die verskillende funksies wat die werkwoord *het* kan verrig, word die werkwoord *het* nie net as ’n hulpwerkwoord van tyd gebruik nie, maar onder andere ook as die infinitiefvorm *hê* en die verledetydsvorm *gehad* (Kirsten, 2016:118). Hieronder is enkele voorbeelde uit hierdie studie van die verledetydsvorm *gehad* en waar *gehad* deur *gehet* vervang word, soos in sekere Afrikaanse variëteite (vlg. Otto, 2017) opgemerk is:

(1) *ek het kla dai* ***gehad****, om te sê, ek kyki wee poppetjies* [Leighton]
(2) *… ek heti rerag ’n normale lewe* ***gehad*** *nie* [Lakiya]
(3) *ons het nie persoonlike interaksie met mense* ***gehet*** [Brandon]
(4) *Hulle gee vi jou ’n fine net omdat jy gwaais* ***gehet*** *dit* [Mathesh]

Die algehele resultate van *ge**het*** en *ge**had*** word in Tabel 4.3 aangebied.

*Sosiale groeperings*

*Klevaas*

Soos hierbo in Tabel 4.3 gesien kan word, het nie al die *klevaas* die variant *gehet* gebruik nie. Mathesh (50%) en Wendel (50%) was die enigste deelnemers wat *gehet* gebruik het en met die standaardvorm *gehad*, het slegs een van die *klevaas* (Wendel) dit een keer gebruik. Dit is duidelik dat die variant meer algemeen tussen die *kleva* seuns voorkom.

| Veranderlike | *gehet* | | *gehad* | |
|---|---|---|---|---|
| ***klevaas*** | **2** | **67%** | **1** | **33%** |
| K1/M (Mathesh) | 1 | | 0 | |
| K2/M (Wade) | 0 | | 0 | |
| K3/M (Wendel) | 1 | | 1 | |
| ***draadsitters*** | **0** | **0%** | **4** | **100%** |
| D4/M (Jodie) | 0 | | 2 | |
| D1/F (Zainu) | 0 | | 0 | |
| D1/M (Leighton) | 0 | | 2 | |
| D3/M (Banele) | 0 | | 0 | |
| D5/M (Declan) | 0 | | 0 | |
| D2/F (Melinda) | 0 | | 0 | |
| D3/F (Alicia) | 0 | | 0 | |
| ***moegoes*** | **2** | **18%** | **9** | **82%** |
| M5/F (Bran-lee) | 0 | | 6 | |
| M1/M (Brandon) | 2 | | 0 | |
| M1/F (Natalie) | 0 | | 1 | |
| M2/F (Lakiya) | 0 | | 1 | |
| M4/F (Kaylene) | 0 | | 1 | |
| M2/M (Ronaldo) | 0 | | 0 | |
| | | | | |
| **Totaal** | **4** | **22%** | **14** | **78%** |

**Tabel 4.3:** Algehele gebruik van *gehet* en *gehad*

*Draadsitters*

By die *draadsitters* was daar vier (100%) gevalle van die standaardvorm *gehad* en geen gevalle van *gehet*. Die gebruik van *gehad* was deur Jodie (twee keer – 50%) en Leighton (twee keer – 50%) gebruik. Dit kom toevallig net van die twee seuns af en geen gevalle van die meisies nie[20].

*Moegoes*

Die *moegoes* aan die ander kant het gevalle gehad waar *gehet* deur een seun gebruik is en geen van die meisies het die variant gebruik nie. Brandon het dit twee keer gebruik (18%) soos gesien kan word met (3). Die standaardvorm is meestal deur meisies gebruik, waar dit nege keer voorgekom het (82%) soos hierbo in Tabel 4.3 gesien kan word. Bran-lee het meer gevalle van *gehad* getoon as die ander drie meisies (Natalie, Lakiya en Kaylene), waar elkeen slegs een geval van die gebruik van *gehad* vertoon het.




**Figuur 4.1:** Gebruiksfrekwensie van die *gehet* variant teenoor die standaardvorm *gehad*

Figuur 4.1 hierbo verskaf die gebruiksfrekwensie van die twee variante in persentasies volgens die sosiale kategorieë. Dit is duidelik dat die *klevaas* die variant (66.66%) teenoor die standaardvorm (33.33%) verkies. Die *draadsitters* gebruik slegs die standaardvorm (100%). Met die *moegoes* was daar meer gebruik gemaak van die standaardvorm (81.81%) teenoor die variant (18.18%). Die resultate suggereer dat die variant sosiaal gemerk is.

[20] In die geval waar lae of selfs geen gevalle van die grammatikale veranderlikes opgemerk is nie, kan dit moontlik toegeskryf word aan die kort onderhoude (in sommige gevalle) of deelnemers wat 'n ander manier gebruik het om oor gebeure van die verlede te praat, wat nie die gebruik van sommige van die geïdentifiseerde veranderlikes vereis het nie. Onderhoude het gewissel tussen 8 tot 27 minute.

*Geslag*

Met hierdie verskynsels was daar variasie tussen die twee geslagte, want daar was vier gevalle van die gebruik van die standaardvorm *gehad* deur twee *draadsitter* seuns (Jodie en Leighton) en twee gevalle van die variant *gehet* deur een *moegoe* (Brandon). Alhoewel daar min gevalle van die verskynsels was, soos gesien kan word in Tabel 4.4 hieronder, is dit tog duidelik dat die meisies die standaardvorm meer gebruik het as die seuns en dat hierdie meisies vanuit die *moegoe* sosiale groep was. Dit sou impliseer dat wanneer daar enigsins gebruik gemaak word van die standaardvorm dat dit deur ’n *moegoe* meisie verwag sou word, en dat dit blyk of seuns meer geredelik *gehet* gebruik, maar meisies meestal *gehad*.

| | **Seuns (*moegoes/draadsitters*)** | | **Meisies (*moegoes/draadsitters*)** | |
|---|---|---|---|---|
| *Veranderlike* | *gehet* | *gehad* | *gehet* | *gehad* |
| *draadsitters* | 0 | 4 | 0 | 0 |
| *moegoes* | 2 | 0 | 0 | 9 |
| *Subtotaal* | 2 | 4 | 0 | 9 |
| | 6 | | 9 | |
| *in %* | 33% | 67% | 0% | 100% |

**Tabel 4.4:** Gebruiksfrekwensie van ***gehet*** en ***gehad*** volgens geslag, die *klevaas* uitgesluit

Die resultate toon variasie op twee vlakke. Die standaardvorm *gehad* word meer gebruik tussen die twee geslagte, maar dat die variant *gehet* soms deur ’n *moegoe* (en *kleva*) seun gebruik kan word, terwyl die meisies geen gevalle van *gehet* getoon het nie (sien Tabel 4.4).

- **Variasie tussen *is* (*was*) en *wees***

Volgens Kirsten (2016:160) word die kopula *wees* op verskeie maniere in Afrikaans gerealiseer, byvoorbeeld deur die infinitief *wees*, die mees algemene vorm *is* in die teenwoordige tyd, die preteritum *was* en die verlede tyd *gewees*. Die standaardvorm sluit die kopula *wees* of die verlede tyd *gewees* in en die *is* of *was* vervang soms die standaardvorm, wat as die variant van (ge-)*wees* sou dien. Die *is* en *was*-vorme word ook in Standaardafrikaans gebruik, maar nie saam met hulpwerkwoorde nie. Hier word dit saam met hulpwerkwoorde gebruik. Dit word geïllustreer in die voorbeeldsinne hieronder:

(5) *Dit was covid, né meneer, hoe kan ’n tavern wil oop* ***is*** [Mathesh]

(6) *Hulle het hom die eerste keer ook gesê: ‘hêlla, jy moet by die huis* ***is****’* [Wade]

(7) *… toe ons wee baie bymekaar ge****was****’it* [Jodie]

(8) *… ek sou ver weg* ***was*** *in die lewe* [Bran-lee]

(9) *dat ons as 'n gesin saam ge**wees**'it* [Brandon]

(10) *Om skool kla te maak is my enigste uitweg om 'n beter persoon te **wees** in die gemeenskap* [Wendel]

In Tabel 4.5 word die algehele resultate van die ***is*** (***was***) en ***wees* variante** aangebied.

| Veranderlike | *is (was)* | *wees* | Veranderlike | *is (was)* |
|---|---|---|---|---|
| ***klevaas*** | **7** | **88%** | **1** | **12%** |
| K1/M (Mathesh) | 1 | | 0 | |
| K2/M (Wade) | 3 | | 0 | |
| K3/M (Wendel) | 3 | | 1 | |
| ***draadsitters*** | **14** | **88%** | **2** | **12%** |
| D4/M (Jodie) | 2 | | 0 | |
| D1/F (Zainu) | 2 | | 0 | |
| D1/M (Leighton) | 0 | | 0 | |
| D3/M (Banele) | 1 | | 1 | |
| D5/M (Declan) | 0 | | 0 | |
| D2/F (Melinda) | 5 | | 0 | |
| D3/F (Alicia) | 4 | | 1 | |
| ***moegoes*** | **23** | **77%** | **7** | **23%** |
| M5/F (Bran-lee) | 17 | | 0 | |
| M1/M (Brandon) | 0 | | 6 | |
| M1/F (Natalie) | 2 | | 0 | |
| M2/F (Lakiya) | 1 | | 1 | |
| M4/F (Kaylene) | 2 | | 0 | |
| M2/M (Ronaldo) | 1 | | 0 | |
| **Totaal** | **44** | **81%** | **10** | **19%** |

**Tabel 4.5:** Algehele gebruik van ***is*** (***was***) en ***wees* variante**

*Sosiale groeperings*

*Klevaas*

Tussen die drie *klevaas* het *is* (*was*) sewe keer voorgekom (88%) en *wees* slegs een keer (12%). Uit die sewe gevalle van *is* (*was*) het Wade en Wendel drie gevalle gehad, wat Mathesh met een geval gelaat het. Wendel het ook een geval van *wees* gehad, terwyl die ander twee geen gebruik van die standaardvorm gehad het nie.

*Draadsitters*

Vir die *draadsitters* was daar 14 (88%) gevalle van die *is* (*was*) variant en twee (12%) gevalle van *wees*. Uit die vyf groeplede het twee van hulle (Banele en Alicia) beide *is* (*was*) en *wees* gebruik. Hulle het elkeen een keer *wees* gebruik.

*Moegoes*

Alhoewel die *moegoes* 23 (77%) gevalle van die *is* (*was*) veranderlike gehad het, was dit meestal as gevolg van Bran-lee se 17 gevalle. Dit kan ook as gevolg wees daarvan dat sy een van die langste onderhoude gehad het. Sonder die 17 gevalle van een deelnemer, is daar ses gevalle van die nie-standaard variant tussen die ander deelnemers. Natalie en Kaylene het elk twee gevalle van *is* (*was*) gehad, wat Lakiya en Ronaldo met net een geval van die variant gelaat het, wat beteken daar is steeds meer deelnemers wat die variant gebruik het. Met die gebruik van die standaardvorm het Brandon ses gevalle en Lakiya slegs een, wat dit op 'n totaal van sewe (23%) gevalle van die standaardvorm bring.




**Figuur 4.2:** Gebruiksfrekwensie van die nie-standaard variant *is(was)* teenoor die standaardvorm *wees*

Gebaseer op figuur 4.2 hierbo kan die *is* (*was*) variant 'n merker vir die breër gemeenskap wees en nie 'n indeksmerker vir een spesifieke sosiale kategorie nie. Die gebruiksfrekwensie van *is* (*was*) is 88% vir die *klevaas*, 88% vir die *draadsitters* en 77% vir die *moegoes*. Waar die verwagting sou wees dat die *moegoes* (of selfs die *draadsitters*) meer gevalle van die standaardvorm sou hê, het hulle eerder aan die nie-standaard variant voldoen.

### *Geslag*

Alhoewel *is* (*was*) en *wees* geen betekenisvolle verskil tussen die sosiale kategorieë getoon het nie (Figuur 4.2), was variasie tussen die geslagte duidelik. Soos hieronder in Tabel 4.6 gesien kan word, het die seuns *wees* (64%) meer gebruik as *is* (*was*) (36%), terwyl daar meer gevalle van *is* (*was*) (94%) vir die meisies was as *wees* (6%). Die resultate hieronder (Tabel 4.6) dui aan dat die meisies die nie-standaard variant meer as die seuns gebruik het. Die variant kan ook 'n aanduiding wees dat *is* (*was*) 'n indeksmerker van die breër gemeenskap is omdat daar oor die algemeen meer gevalle hiervan is (sien Figuur 4.2 hierbo), hoewel dit meer deur meisies gebruik word.

| | **Seuns (*moegoes/draadsitters*)** | | **Meisies (*moegoes/draadsitters*)** | |
|---|---|---|---|---|
| *Veranderlike* | *is (was)* | *wees* | *is (was)* | *wees* |
| *draadsitters* | 3 | 1 | 11 | 1 |
| *moegoes* | 1 | 6 | 22 | 1 |
| *Subtotaal* | 4 | 7 | 33 | 2 |
| | 11 | | 35 | |
| *in %* | 36% | 64% | 94% | 6% |

**Tabel 4.6:** Gebruiksfrekwensie van ***is (was)*** en ***wees*** volgens geslag, die *klevaas* uitgesluit

Soos in Tabel 4.6 gesien word, was daar meer gevalle van die standaardvorm vir die seuns en meer gebruik gemaak van die nie-standaard variant tussen die meisies. Sonder die deelnemers met die meeste gevalle van die variant (Bran-lee met 17 gevalle van *is* (*was*), is daar steeds meer gevalle hiervan tussen die ander meisies, wat wys dat dit meer deur meisies gebruik word. Dit is wel duidelik uit Figuur 4.2 dat die variant 'n aanduiding gee dat *is* (*was*) 'n merker van die breër gemeenskap kan wees omdat al drie sosiale groepe hiervan gebruik gemaak het. Maar dit is gee ook aanduiding dat meisies 'n hoër gebruiksfrekwensie van die nie-standaardvorm sal hê, wat impliseer dat voorkeur aan die nie-standaardvorm (deur die *moegoe* en *draadsitter*-meisies of selfs meisies in die breër gemeenskap) gegee word.

- **Variasie tussen *hom* en *sy***

Dit is duidelik dat die besitsvorm aanduiding gee na wie of waarna ’n selfstandige naamwoord kan verwys en dikwels die besitlike voornaamwoorde *sy*, *my*, *ons* of *julle* insluit (Feinauer & Ponelis, 2017). In bruin tieners se geskrewe taal word die besitlike voornaamwoord *sy* soms vervang met *hom*, soos opgemerk deur Saal en Lawrence (2019), wat ook die geval was vir bruin jeugdiges se gesproke taal soos in hierdie studie opgemerk.

(11) *... meneer gan net een keer op* ***sy*** *knieë en hy bid* [Wade]
(12) *Hy het gemaak laat* ***hom*** *meisie kint uittrek uit die huis uit* [Wade]
(13) *Hy het* ***hom*** *flavor op ’n normale prys gekoop* [Jodie]

Oor die algemeen het die besitlike *sy* en *hom* geen noemenswaardige resultate opgelewer nie, aangesien slegs ses gevalle is gevind waar *hom* in plaas van *sy* gebruik is, en daar net een geval vir *sy* was, wat die totaal *sy* tot 14% bring en *hom* tot 86%. Dit is deur ’n lid van elke sosiale kategorie gebruik. Twee van die gevalle is deur seuns (*kleva* en *draadsitter*), en een deur ’n meisie (*moegoe*) gebruik. Dit beteken dat hierdie besitskonstruksies se gebruiksfrekwensie laag is, daarom is daar min gevalle in die resultate.

- **Variasie tussen *onse* en *ons***

Otto (2017:378) merk op dat die besitskonstruksies met die *se*-vorme ’n streekmerker van Noordwestelike en Suidwestelike Afrikaans is. Volgens die resultate in Tabel 4.7 kan dit moontlik suggereer dat die *onse*-variant ook as ’n streekmerker van Noordoostelike Afrikaans kan wees.

(14) ***onse*** *poliese is so bang ...* [Mathesh]
(15) ***onse*** *ouers het ons gewaarsku ...* [Banele]
(16) *ons het* ***onse*** *eie manier* [Kaylene]
(17) *is so ’n negatiewe mag op* ***ons*** *gemeenskap en* ***onse*** *skool* [Bran-lee]

Die algehele resultate van die ***onse*** en ***ons*** word in Tabel 4.7 aangebied.

Al was daar meer gebruiksfrekwensie van die variante, soos hierbo in Tabel 4.7 gesien kan word, was dit meestal vir die *onse* variant (95%) (sien (33) tot (36) vir voorbeeldsinne). Met min variasie tussen *onse* en *ons*, is dit duidelik dat *onse* ook ’n merker van die breër gemeenskap (Noordoostelike Afrikaans) eerder as ’n sosiale kategorie merker kan wees. Dit is wel opmerklik dat die *moegoes* die enigste sosiale groep is wat die standaardvorm gebruik het. Tussen die

geslagte is dit ook duidelik dat geen opvallende variasie gevind word nie. Met die gebruik van die standaardvorm is slegs twee gevalle van *ons* (5%) deur twee *moegoe* meisies aangemeld. Dit blyk wel dat as die woord *ons* enigsins gebruik sou word, dit deur ’n *moegoe* meisie sou wees. Dit suggereer dan wel dat die gebruik van die standaardvorm sosiaal betekenisvol kan wees, aangesien *onse* so prominent in die gemeenskap se taalgebruik is.

| Veranderlike | *onse* | | *ons* | |
|---|---|---|---|---|
| ***klevaas*** | **9** | **100%** | **0** | **0%** |
| K1/M (Mathesh) | 0 | | 0 | |
| K2/M (Wade) | 5 | | 0 | |
| K3/M (Wendel) | 4 | | 0 | |
| ***draadsitters*** | **8** | **100%** | **0** | **0%** |
| D4/M (Jodie) | 0 | | 0 | |
| D1/F (Zainu) | 3 | | 0 | |
| D1/M (Leighton) | 3 | | 0 | |
| D3/M (Banele) | 1 | | 0 | |
| D5/M (Declan) | 0 | | 0 | |
| D2/F (Melinda) | 0 | | 0 | |
| D3/F (Alicia) | 1 | | 0 | |
| ***moegoes*** | **18** | **90%** | **2** | **10%** |
| M5/F (Bran-lee) | 11 | | 1 | |
| M1/M (Brandon) | 0 | | 0 | |
| M1/F (Natalie) | 1 | | 0 | |
| M2/F (Lakiya) | 3 | | 0 | |
| M4/F (Kaylene) | 2 | | 1 | |
| M2/M (Ronaldo) | 1 | | 0 | |
| **Totaal** | **35** | **95%** | **2** | **5%** |

**Tabel 4.7:** Algehele gebruik van nie-standaard ***onse*** en standaard ***ons***

Die gebruiksfrekwensie van die variant *onse* kan dus aanduiding gee dat die variant 'n merker van die breër gemeenskap is en dat die standaardvorm *ons* sosiaal gemerk is omdat dit alleenlik deur die *moegoes* gebruik is, dat *ons* beide sosiaal en op grond van geslag gemerk is.

- **Idiosinkratiese verskynsels**

Die meervoudsvorme word in sommige gevalle vir enkelvoud gebruik. Volgens Holland (2024:66) word (dubbele) meervoude dikwels gevorm in tienertaal deur -*e*, -*s*, -*se*, of -*ens* aan die woord te heg. Dit is duidelik die geval met *huis***e** (x huis). Die woord *huis* is een van die woorde wat die meervoudsuffiks -*e* by kry in bruin jeugdiges se taalgebruik, soos in (19): *huise* word gebruik wanneer die betekenis enkelvoudig is.

(18) *...as ek uitgegan 'it en ek het die siekte opgetel, like, dan het ek mos vi hulle siek gan mak by die* ***huis*** [Lakiya]
(19) *soos nou, ek is op datum by my werk by die* ***huise*** [Leighton]
(20) *dan hol ons in onse* ***huise*** *in* [Natalie]

Hieronder volg 'n bespreking van die resultate van die algehele gebruik van *huise* (variant) en *huis* (standaardvorm) in Tabel 4.9 aangebied. Met die woord *begin* was die *e*-klank bygevoeg (sien algehele resultate in Tabel 4.8).

(21) *... mense het* ***begin*** *siek rak* [Banele]
(22) *toe sal ons* ***beginne*** *meer close rak en* ***beginne*** *saam sit* [Zainu]

Die variante *goete* en *goeters*e word soms as wisselvorme gebruik (sien (23) en (24)), wat 'n informele variant van *goed* (versamelnaamwoord) is.

(23) *… so dan het ons in die donkerte onse* ***goete*** *gedoen* [Wendel]
(24) *... jy kan hie af gan dan het jy ma dai plastiek* ***goeterse*** *... aan wat jou protect van kieme* [Wade]

- **Variasie tussen *huise* en *huis***

Die algehele resultate van die ***huise*** en ***huis*** word in Tabel 4.8 aangebied.

| Veranderlike | *huise* | | *huis* | |
|---|---|---|---|---|
| ***klevaas*** | **0** | **0%** | **16** | **100%** |
| K1/M (Mathesh) | 0 | | 6 | |
| K2/M (Wade) | 0 | | 4 | |
| K3/M (Wendel) | 0 | | 6 | |
| ***draadsitters*** | **3** | **15%** | **17** | **85%** |
| D4/M (Jodie) | 1 | | 2 | |
| D1/F (Zainu) | 0 | | 5 | |
| D1/M (Leighton) | 1 | | 3 | |
| D3/M (Banele) | 0 | | 0 | |
| D5/M (Declan) | 0 | | 0 | |
| D2/F (Melinda) | 0 | | 1 | |
| D3/F (Alicia) | 1 | | 6 | |
| ***moegoes*** | **4** | **33%** | **8** | **67%** |
| M5/F (Bran-lee) | 0 | | 4 | |
| M1/M (Brandon) | 0 | | 1 | |
| M1/F (Natalie) | 3 | | 0 | |
| M2/F (Lakiya) | 1 | | 1 | |
| M4/F (Kaylene) | 0 | | 0 | |
| M2/M (Ronaldo) | 0 | | 2 | |
| **Totaal** | **7** | **15%** | **41** | **85%** |

**Tabel 4.8:** Algehele gebruik van ***huise*** en ***huis***

### *Sosiale groeperings*

#### *Klevaas*

Oor die algemeen is daar geen variasie tussen *huise* en *huis* omdat daar geen gevalle van die variant *huise* tussen die *klevaas* is. Al drie *klevaas* maak gebruik van die standaardvorm (100%).

Soos in Tabel 4.9 gesien kan word, was die standaardvorm ses keer (37.5%) gebruik deur Mathesh, vier (25%) keer deur Wade en ses (37.5%) keer deur Wendel.

*Draadsitters*

Met die draadsitters blyk dit dat die standaardvorm meer verskyn het as die nie-standaard variant. Slegs twee deelnemers (Banele en Declan) het nie die standaardvorm gebruik nie, terwyl die res dit gebruik (85%). Banele en Declan het ook geensins gebruik gemaak van albei verskynsels nie. Daar was drie gevalle van die variant *huise*, wat deur twee seuns (Jodie en Leighton) en een meisie (Alicia) elk een keer gebruik is.

*Moegoes*

Soos hierbo in Tabel 4.9 gesien kan word, het nie al die *moegoes* die variant *huise* gebruik nie. Natalie (drie keer – 75%) en Lakiya (een keer – 25%) was die enigste deelnemers wat *huise* gebruik het en met die standaardvorm *huis*, was dit Bran-lee (vier keer – 50%), Brandon (een keer – 12.5%), Lakiya (een keer – 12.5%) en Ronaldo (twee keer – 25%). Daar kan dus aangeneem word dat die standaardvorm meer algemeen tussen die *moegoes* is, maar as die variant enigsins teë gekom word, sal dit vanaf 'n *moegoe* meisie (33%) kom.




**Figuur 4.3:** Gebruiksfrekwensie van die nie-standaard variant teenoor die standaardvorm

Die resultate in Figuur 4.4 toon 'n toename van die *klevaas* na die *moegoes* in die gebruiksfrekwensie van die nie-standaardvorm. Soos hieronder gesien word, het al die sosiale kategorieë die gebruik van die standaardvorm verkies, waar die *klevaas* dit heeltyd gebruik het (100%), en in meeste gevalle deur die *draadsitters* (85%) en die *moegoes* (67%). Dit is egter duidelik dat in die geval waar die nie-standaard variant gebruik word, dit heel waarskynlik deur 'n

*draadsitter* of 'n *moegoes* sal wees. Hulle het gevalle van die variant gehad wat 15% (*draadsitters*) en 33% (*moegoes*) was. Die verwagting sou weereens wees dat die *moegoes* (en/of selfs die *draadsitters*) alleenlik gevalle van die standaardvorm sou hê, maar hulle maak ook gebruik van die nie-standaard variant, terwyl die *klevaas* geensins gevalle het van die nie-standaard variant.

### *Geslag*

In Tabel 4.9 is variasie tussen die geslagte nie duidelik nie. Soos hieronder in Tabel 4.10 gesien kan word, het die meisies aan die een kant 77% vir *huis* gehad en aan die ander kant 23% vir *huise* en dat daar ook meer gevalle van *huis* (80%) vir die seuns was as *huise* (20%), wat aandui dat beide geslagte die standaardvorm verkies. Dit is opmerklik dat die *draadsitters*, beide seuns en meisies, gebruik maak van die twee verskynsels, maar dat *huise* (44%) en *huis* (56%) slegs deur die *moegoe* meisies gebruik is en die *moegoe* seuns alleenlik *huis* gebruik het (100%), nie *huise* nie. Met ander woorde, *draadsitters* is geneig om albei verskynsels te gebruik, terwyl die *moegoes* nie noodwendig albei verskynsels sal gebruik nie: dat die *moegoe* seuns slegs die standaardvorm verkies en die *moegoe* meisies van albei verskynsels gebruik sal maak.

| | **Seuns (*moegoes/draadsitters*)** | | **Meisies (*moegoes/draadsitters*)** | |
|---|---|---|---|---|
| *Veranderlike* | *huise* | *huis* | *huise* | *huis* |
| *draadsitters* | 2 | 5 | 1 | 12 |
| *moegoes* | 0 | 3 | 4 | 5 |
| *Subtotaal* | 2 | 8 | 5 | 17 |
| | 10 | | 22 | |
| *in %* | 20% | 80% | 23% | 77% |

**Tabel 4.9:** Gebruiksfrekwensie van ***huise*** en ***huis*** volgens geslag, die *klevaas* uitgesluit

Alhoewel die gebruiksfrekwensie van die nie-standaard variant en standaardvorm tussen die sosiale groepe opgemerk kan word, is die oorheersende gebruiksfrekwensie van *huis* deur die *klevaas* gebruik en selfs meer geredelik vir die *moegoes* en die *draadsitters*, maar met enkele gevalle van die variant. Met betrekking tot linguistiese variasie op grond van geslag, is daar geen variasie gevind tussen die twee geslagte vir beide *moegoes* en *draadsitters* omdat beide seuns en meisies uit die twee sosiale groepe die standaardvorm verkies het, m.a.w. *moegoes* het 67% en *draadsitters* het 85% (sien Tabel 4.9). Dit is wel duidelik uit tabel 4.10 dat meisies meer geneig is om die nie-standaardvorm *huise* te gebruik.

- **Variasie tussen *beginne* en *begin***

Die algehele resultate van die ***beginne*** en ***begin*** word in Tabel 4.10 aangebied.

| **Veranderlike** | ***beginne*** | | ***begin*** | |
|---|---|---|---|---|
| ***klevaas*** | **0** | **0%** | **0** | **0%** |
| K1/M (Mathesh) | 0 | | 0 | |
| K2/M (Wade) | 0 | | 0 | |
| K3/M (Wendel) | 0 | | 0 | |
| ***draadsitters*** | **5** | **71%** | **2** | **29%** |
| D4/M (Jodie) | 1 | | 0 | |
| D1/F (Zainu) | 2 | | 1 | |
| D1/M (Leighton) | 0 | | 0 | |
| D3/M (Banele) | 2 | | 1 | |
| D5/M (Declan) | 0 | | 0 | |
| D2/F (Melinda) | 0 | | 0 | |
| D3/F (Alicia) | 0 | | 0 | |
| ***moegoes*** | **2** | **33%** | **4** | **67%** |
| M5/F (Bran-lee) | 1 | | 4 | |
| M1/M (Brandon) | 0 | | 0 | |
| M1/F (Natalie) | 0 | | 0 | |
| M2/F (Lakiya) | 0 | | 0 | |
| M4/F (Kaylene) | 1 | | 0 | |
| M2/M (Ronaldo) | 0 | | 0 | |
| **Totaal** | **7** | **54%** | **6** | **46%** |

**Tabel 4.10:** Algehele gebruik van ***beginne*** en ***begin***

*Sosiale groeperings*

Uit Tabel 4.10 hierbo, is dit duidelik dat daar min gevalle van die verskynsels tussen die lede van elke groep was. Daar was selfs geen gevalle van die verskynsels vir die *klevaas* nie. Vir *beginne* was daar vyf (71%) gevalle vir die *draadsitters* en twee (33%) vir die *moegoes*, terwyl daar twee (29%) gevalle van *begin* vir die draadsitters was en die *moegoes* vier (67%) gevalle gehad het. Die gebruik van die verskynsels was deur twee seuns en een meisie (*draadsitters*) en twee meisies (*moegoes*).




**Figuur 4.4:** Gebruiksfrekwensie van die nie-standaard variant (*beginne*) teenoor die standaardvorm (*begin*)

Wanneer daar na die gebruiksfrekwensie van die variant teenoor die standaardvorm tussen die sosiale kategorieë gekyk word, blyk dit dat *draadsitters* die variant meer as die standaardvorm gebruik en die teenoorgestelde is waar vir die *moegoes*, wat 'n hoë persentasie vir die standaardvorm gehad het as die variant (sien Figuur 4.3 hierbo).

Sonder die *klevaas* se gebruiksfrekwensie van beide verskynsels, kan dit nie definitief bepaal word nie, maar uit die resultate tussen die *moegoes* en die *draadsitters* is dit moontlik dat die variant meer deur die *draadsitters* gebruik word, en die standaardvorm meer met die *moegoes* teëgekom word.

- **Variasie tussen *goeterse* en *goete***

Die algehele resultate van die ***goeterse*** en ***goete*** word in Tabel 4.11 aangebied.

| Veranderlike | *goeterse* | | *goete* | |
|---|---|---|---|---|
| ***klevaas*** | **3** | **43%** | **4** | **57%** |
| K1/M (Mathesh) | 0 | | 2 | |
| K2/M (Wade) | 3 | | 1 | |
| K3/M (Wendel) | 0 | | 1 | |
| ***draadsitters*** | **1** | **25%** | **3** | **75%** |
| D4/M (Jodie) | 0 | | 0 | |
| D1/F (Zainu) | 0 | | 0 | |
| D1/M (Leighton) | 0 | | 1 | |
| D3/M (Banele) | 0 | | 0 | |
| D5/M (Declan) | 0 | | 2 | |
| D2/F (Melinda) | 0 | | 0 | |
| D3/F (Alicia) | 1 | | 0 | |
| ***moegoes*** | **0** | **0%** | **6** | **100%** |
| M5/F (Bran-lee) | 0 | | 1 | |
| M1/M (Brandon) | 0 | | 0 | |
| M1/F (Natalie) | 0 | | 2 | |
| M2/F (Lakiya) | 0 | | 0 | |
| M4/F (Kaylene) | 0 | | 3 | |
| M2/M (Ronaldo) | 0 | | 0 | |
| **Totaal** | **4** | **24%** | **13** | **76%** |

**Tabel 4.11:** Algehele gebruik van ***goeterse*** en ***goete***

### *Sosiale groeperings*

Uit Tabel 4.11 is daar duidelik geen gebruik van *goeterse* vir die *moegoes* nie, maar wel ses gevalle van *goete*. Met die ander sosiale groepe, was daar vir *goeterse* een (25%) geval vir die *draadsitters* en drie (43%) vir die *klevaas*, terwyl daar drie (75%) gevalle van *goete* vir die

*draadsitters* was en die *klevaas* vier (57%) gevalle gehad het. Die gebruik van *goete* was deur al drie *kleva* seuns, twee *draadsitter* seuns en drie *moegoe* meisies gebruik. Met *goeterse*, was daar een *kleva* seun, een *draadsitter* meisie en geen *moegoes*.




**Figuur 4.5**: Gebruiksfrekwensie van die variante

Die resultate in Figuur 4.5 toon 'n toename van die *moegoes* na die *klevaas* in die gebruik van die variant *goeterse*. Soos hierbo gesien word, was daar vir al drie sosiale kategorieë die oorgrote gebruik van die variant *goete*, waar die *moegoes* dit die alleenlik gebruik het (100%), en in meeste gevalle deur die *draadsitters* (75%) en die *klevaas* (57%). Dit is egter ook duidelik dat in die geval waar *goeterse* gebruik word, dit heel waarskynlik deur 'n *kleva* of 'n *draadsitter* sal wees. Hulle het gevalle van *goeterse* gehad wat 25% (*draadsitters*) en 43% (*klevaas*) was. Dit is te verwagte dat die *klevaas* die nie-standaardvorm *goeterse* bo die standaardvorm *goete* verkies en dit is duidelik hierbo (Figuur 4.5). Verder, die *moegoes* hou by die standaardvorm *goete*, wat te verwagte is.

### *Geslag*

Tussen die twee sosiale kategorieë, het beide (*draadsitter*) seuns en (*moegoe*) meisies die variant *goete* gebruik. Vir die *moegoes* kan dit verwag word dat dit slegs meisies sou wees wat *goeters* sou gebruik, omdat daar geen gebruik van *goeterse* tussen die seuns teegekom is nie. Aan die ander kant het die *draadsitters* gevalle waar die seuns slegs *goete* en geen gevalle van *goeterse* gebruik het nie, terwyl die meisies slegs 'n geval van *goeterse* en geen vir *goete* gehad het nie. Die verwagting is dat meisies tipies aan die standaardvorm voldoen, maar die gebruik van *goeterse* gaan teen hierdie verwagting. Dit blyk dus dat die sosiale kategorieë in Tabel 4.12 van

*goete* gebruik sal maak, maar dat *goeterse* gemerk is, d.w.s. 'n *draadsitter*-meisie is meer geneig om van hierdie variant gebruik te maak.

| | **Seuns (*moegoes/draadsitters*)** | | **Meisies (*moegoes/draadsitters*)** | |
|---|---|---|---|---|
| *Veranderlike* | *goeterse* | *goete* | *goeterse* | *goete* |
| *draadsitters* | 0 | 3 | 1 | 0 |
| *moegoes* | 0 | 0 | 0 | 6 |
| *Subtotaal* | 0 | 3 | 1 | 6 |
| | 3 | | 7 | |
| *in %* | 0% | 100% | 14% | 86% |

**Tabel 4.12:** Gebruiksfrekwensie van ***goeterse*** en ***goete*** volgens geslag, die *klevaas* uitgesluit

Bygesê kom die gebruiksfrekwensie vir *goeterse* wel die meeste voor by die *klevaas* (43%) en min of enigsins (25%) by die *draadsitters*, en geensins by die *moegoes*. Omdat daar min gevalle van *goeterse* was en dat dit slegs deur twee (Wade en Alicia) deelnemers gebruik is, kan variasie nie op grond van geslag gevind word nie omdat daar geen noemenswaardige variasie tussen die twee geslagte vir die *moegoes* en *draadsitters* is nie, maar dat die *goeterse* variant sosiaal gemerk is.

### 4.3.1.2 Tendense uit die individuele onderhoude

Die voorkeur wat die *moegoe*-meisies aan sekere grammatikale veranderlikes gee, blyk te bevestig wat te verwagte is, naamlik dat hulle voldoen aan die tipiese patrone wat in geslagsverwante variasie gevind word: deurdat hulle voorkeur gee aan die standaardvariante en sodoende inkomende vorme wat prestige is, bevoordeel (sien ook Zhang, 2001 en Botha, 2011 oor geslagverwante variasie). Byvoorbeeld, Bran-lee het gevalle gehad van beide die standaard variante (*gehad*, *ons*, *begin*, *huis*, *goete*) wat as stabiele standaard variante beskou sou word en die inkomende (nie-standaard) variante wat gesien kon word as prestige merker van binne die sosiale konstruksie gevind in die *township*-skool. Haar voorkeur vir overte prestige variante kan toegeskryf word aan die feit dat sy vroeër een van die voormalige Model C-skole bygewoon het waar sy meer gereeld aan die standaardvariëteit blootgestel is, nie net in die klas nie, maar in haar interaksies met haar wit eweknieë tydens pouses en buitemuurse aktiwiteite (bv. sy het aan sport deelgeneem). Sy is ook een van die top-akademiese presteerders in haar graad en streef daarna om verder te studeer na skool (spesifiek om 'n neurochirurg te word). Wat haar

sosiale lewe betref, het sy genoem dat sy nie uitgaan om te kuier met vriende en nog nooit vantevore gerook het nie, en ook nie enige begeerte daartoe het nie. Sy dra haar skooldrag en voldoen aan die gedragskode soos uitgestippel deur die skool, wat te verwagte is van ’n *moegoe*.

Wat die *kleva*-seuns betref, vind ons dat hulle die nie-standaard variante bevoordeel, wat die verwagting is gegewe die feit dat hul voorkeur vir nie-standaard variante ’n aanduiding is van solidariteit en lojaliteit aan die nie-standaard variant (sien ook Botha, 2011). Wade het, byvoorbeeld, meer gevalle van die nie-standaard variant gehad en in die geval waar hy beide (ekwivalente) variante gebruik het, steeds meer gevalle van die nie-standaard variant daarvan gehad (*hom* in plaas van *sy* en *goeterse* in plaas van *goete*). Daarbenewens was die gebruik van leksikale items ook prominent in sy gesprekke, wat algemeen onder *kleva*-seuns aangetref word, soos *ek wys hom om te sê* ... (X ek vertel hom dat ...); wanneer hy na iemand se kollega verwys, gebruik hy *brasse* (bv. *die soldaat en sy brasse* ... (X die soldaat en sy kollega). As dit by sy aktiwiteite kom, rook hy en hy het genoem dat hy en sy vriende tydens die Covid-19-grendeltyd by die plaaslike winkels ingebreek het. Sy lewe is ook gevul met ’n paar ander aktiwiteite wat tipies kan wees van ’n subkultuur (m.a.w. bendeverwant) in die gemeenskap. Daarom kan hy as ’n *kleva* bestempel word.

### 4.3.2 Voorlopige gevolgtrekkings met betrekking tot die interpretasie van die onderhoude

Om hierdie afdeling oor die gebruik van variasie tussen die grammatikale veranderlikes af te sluit, word opgemerk dat die grootste variasie in verskillende mate daarvan voorkom by die gebruik van *gehet* en *gehad*, *is* (*was*) en *wees*, *beginne* en *begin*, *huise* en *huis,* en *goeterse* en *goete*. Wat hierdie variasie betref, blyk die grootste invloed te wees as gevolg van geslag tussen die *draadsitters* en *moegoes*, waar die meeste meisies in die steekproef gevalle van die standaardvorme *gehad* en *huis* gehad en die nie-standaard vorm *is* (*was*) in plaas daarvan om *gehet*, *wees* en *huise* te gebruik. Aan die ander kant het die meeste van die seuns in die steekproef verkies om die standaardvorme *gehad*, *wees*, *huis* en *goete* te gebruik.

Oor die algemeen speel geslag die grootste rol met variasie wat by die grammatikale veranderlikes voorkom, met *draadsitter* en *moegoe* seuns wat meestal die standaardvorme gebruik, terwyl daar ewe veel van die gebruik van die standaardvorm en die variant tussen die meisies is. Spesifiek, waar variasie in die steekproef sigbaar was, het die meeste seuns *gehad*, *wees* en *huis* gebruik. Die enigste uitsondering was met *beginne*, waar die seuns *begin* die minste gebruik het. Wat die twee opponerende sosiale groeperings betref, is dit duidelik dat die *klevaas* meer geneig is om nie-standaardvariant te gebruik en die *moegoes* die standaardvariant.

# HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 5.1 Inleiding

Die semiotiese korrelasie wat bestaan tussen linguistiese variante en die sosiale betekenisse daarvan, wat vir hierdie studie van belang is, verwys na die konsep van indeksikaliteit (Bucholtz & Hall, 2005:594) en hierdie konsep vorm deel van die bespreking rondom derdestromingvariasiestudies, waarop hierdie studie gebaseer is.

Die navorsingsbevindings vir hierdie studie word in hierdie hoofstuk opgesom en dan kortliks bespreek. Die hoofdoel van hierdie studie was om vas te stel watter kenmerkende grammatikale variante in die gesproke taal van bruin jeugdiges opgemerk kan word en watter sosiale groeperings meer geneig is om kenmerkende grammatikale variante te gebruik wat eie is aan dié sosiale groep(e). Die studie bied data in persentasies aan om te wys tot watter mate die sosiale veranderlikes (geslag en groeplidmaatskap) 'n rol gespeel het in hoe die kenmerkende grammatikale veranderlikes wat ondersoek is, gebruik is. Hieronder word die navorsingsbevindings in reaksie op die verskeie navorsingsvrae en doelwit wat in die eerste hoofstuk uiteengesit is, bespreek. Laastens volg die beperkings en 'n paar aanbevelings vir moontlike toekomstige studies.

## 5.2 Opsomming van bevindinge afkomstig van die empiriese navorsing

Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord, bied hierdie afdeling 'n opsomming van die resultate wat in die vorige hoofstuk bespreek is.

### 5.2.1 Navorsingsvraag 1: Watter kenmerkende grammatikale veranderlikes kan in die gesproke taal van bruin jeugdiges opgemerk word?

Ten einde die navorsingsvraag te beantwoord oor watter kenmerkende grammatikale veranderlikes in die gesproke taal van bruin jeugdiges opgemerk kan word, is daar gekyk na watter grammatikale veranderlikes voorkeur geniet, m.a.w. wat algemeen gebruik word. Die resultate van die gebruiksfrekwensie van die grammatikale veranderlikes is volledig aangebied en bespreek in afdelings 4.3.1.1 en 4.3.1.2. Hierdie resultate toon die algemene analises (4.3.1.1)

en individuele deelnemers (4.3.1.2) se gebruiksfrekwensie van die grammatikale veranderlikes en watter verskynsels sosiaal gemerk is en/of 'n indeksmerker van die breër gemeenskap is. Die linguistiese verskynsels wat die deelnemers die meeste gebruik het, wat hul voorkeur daarvoor sou aandui en ook gesien kan word as 'n indeksmerker vir die breër gemeenskap, was die variante *is* (*was*) en *onse*.

In die geval van *is* (*was*) teenoor *wees*, blyk *is* (*was*) die voorkeur verskynsel te wees met 44 (81.4%) gevalle. Die hoë gebruiksfrekwensie van *is* (*was*) is gebaseer op die feit dat meeste deelnemers uit elke sosiale groep die variant gebruik het. Dit is duidelik dat die variant 'n aanduiding kan gee dat *is* (*was*) 'n merker van die breër gemeenskap kan wees (sien ook Figuur 4.2). Hierenteen het *wees* 10 (19%) gevalle gehad en dat dit gemerk is: dat dit op grond van geslag variasie toon (afdeling 5.2.2 hieronder brei verder hierop uit). Met die variant *onse*, wat al hoe meer voorkeur geniet in bruin tieners se taalgebruik vanuit verskillende streke (Otto, 2017; Saal & Lawrence, 2019), was daar ook meer gevalle (35 gevalle = 95%) opgemerk. Die gebruiksfrekwensie van die variant *onse* kan aandui dat die variant 'n merker van die breër gemeenskap is en dat die standaardvorm *ons* sosiaal gemerk is omdat daar enkele gevalle van die standaardvorm deur een sosiale groep (*moegoes*) was (sien hieronder in afdeling 5.2.2 in groter detail).

### 5.2.2 Navorsingsvraag 2: Watter sosiale groeperings is meer geneig om kenmerkende grammatikale veranderlikes te gebruik?

Die tweede navorsingsvraag het ten doel om die verwantskap tussen taal en buitetalige faktore, soos geslag gepaard met groeplidmaatskap, uit te lig. Die linguistiese variasie wat hierdie studie wou bespreek was aan die hand van die praktykgemeenskapbenadering gedoen en die kenmerkende grammatikale veranderlikes van bruin jeugdiges se gesproke taal was hierop gebaseer. Die resultate dui daarop dat linguistiese variasie voorkom, dat variasie moontlik gebaseer is op sekere grammatikale veranderlikes wat (1) sosiaal gemerk is (hoë gebruiksfrekwensie van verskynsel deur 'n sosiale groep) of (2) 'n merker van die breër gemeenskap was of (3) op grond van geslag voorgekom het. Afdelings 4.3.1.1 en 4.3.1.2 bied 'n uitgebreide bespreking van die resultate, maar Tabel 5.1 hieronder verskaf 'n verkorte weergawe van die resultate met betrekking tot die sosiale groeperings se hoër- of laergebruiksfrekwensie van die kenmerkende grammatikale veranderlikes.

| Sosiale kategorieë | Linguistiese veranderlike | Gebruiks-frekwensie (hoër) | Sosiale kategorieë | Linguistiese veranderlike | Gebruiks-frekwensie (laer) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Klevaas** | ***gehet*** (nS) | 2 | **Klevaas** | ***gehad*** (S) | 1 |
| | *is* (*was*) (nS) | 7 | | *wees* (S) | 1 |
| | *onse* (nS) | 9 | | *ons* (S) | Nul |
| | *huis* (S) | 16 | | *huise* (nS) | Nul |
| | *goete* (S) | 4 | | *goeterse* (nS) | 3 |
| **Draadsitters** | ***gehad*** (S) | 4 | **Draadsitters** | ***gehet*** (nS) | Nul |
| | *is* (*was*) (nS) | 14 | | *wees* (S) | 2 |
| | *onse* (nS) | 8 | | *ons* (S) | Nul |
| | ***beginne*** (nS) | 5 | | ***begin*** (S) | 2 |
| | *huis* (S) | 17 | | *huise* (nS) | 3 |
| | *goete* (S) | 3 | | *goeterse* (nS) | 1 |
| **Moegoes** | ***gehad*** (S) | 9 | **Moegoes** | ***gehet*** (nS) | 2 |
| | *is* (*was*) (nS) | 23 | | *wees* (S) | 7 |
| | *onse* (nS) | 18 | | *ons* (S) | 2 |
